Afrikaanse Taalstudies

DEUR

DR. T. H. le ROUX
Professor in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Pretoria

DERDE, VERMEERDERDE DRUK

J. L. VAN SCHAIK, BPK., UITGEWERS, PRETORIA
1943

— *Gedruk in Pretoria en Uitgegee deur* —
J. L. van Schaik, Bepk., Uitgewers, Pretoria.

VOORBERIG BY DIE TWEEDE DRUK.

Die eerste drie artikels van hierdie reeks het reeds in die Eerste Druk (1937) verskyn. Hieraan is in hierdie druk geen wesentlike wysiginge aangebring nie, maar toegevoeg is nou artikels IV en V.

T. H. le ROUX.

Pretoria, Februarie 1940.

VOORBERIG BY DIE DERDE DRUK.

Die eerste vyf hoofstukke is onveranderd oorgedruk uit die tweede uitgawe; toegevoeg is nou hoofstukke VI-VIII. Ons sou graag 'n aantal toevoeginge wou aangebring het, maar daar die setsel bewaar is, het ons daarvan afgesien. Daarom kon ons ook nie gebruik maak nie van gewaardeerde opmerkinge van Prof. J. J. le Roux, Pietermaritzburg, en Dr. W. Kempen, Stellenbosch.

Die hoofstukke hoef nie in 'n bepaalde volgorde gelees te word nie, maar om los te kom van die gewone spelling, is dit goed om met die laaste hoofstuk te beginne.

T. H. le ROUX.

Pretoria, Januarie 1943.

INHOUD.

		Bl.
I.	Die gebruik van die leestekens	7– 24
II.	Die uitspraak van die artikel „'n"	25– 33
III.	Doktrinêre taal en enige foutiewe en minder-gewenste taalwendinge en -vorme	34– 52
IV.	Taaloudhede	53– 68
V.	Die psigologiese faktor by taal	69– 78
VI.	Die Afrikaanse spelling	79–104
VII.	Werkwoorde op *-w* naas *-f* in Afrikaans	105–135
VIII.	Die uitspraak van Afrikaans	136–204

WERKE WAARNA VERWYS WORD.

Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (1937).

Boekenoogen: *De Zaansche Volkstaal* (1897).

Bomhoff: *Nieuw Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal* (1857).

Boshoff: *Volk en Taal van Suid-Afrika* (1921).

Botha en Burger: *Afrikaanse Stylleer* (1935).

Franck: *Mittelniederländische Grammatik*[2] (1910).

Franck: hersien deur Van Wyk en later deur Van Haeringen: *Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal*[3] (1936).

Gallée: *Woordenboek van het Geldersch-Overijselsch Dialect* (1895).

Grimm, J. en W.: *Deutsches Wörterbuch* (1854-).

Heyne: *Deutsches Wörterbuch* (1890-95).

Koenen, hersien deur Endepols: *Woordenboek der Nederlandsche Taal*[17] (1935).

le Roux, T. H. en J. J.: *Middelnederlandse Grammatika* (1935: afgekort: *Mnl. Gram.*).

le Roux, T. H. en Pienaar, P.: *Afrikaanse Fonetiek* (1927, afgekort: *Afr. Fon.*).

Malherbe: *Afrikaanse Spreekwoorde* (1924).

Mansvelt: *Kaapsch-Hollandsch Idioticon* (1884).

Marin: *Groot Nederduitsch en Fransch Woorden-Boek*[3] (1752).

M.W.: kyk onder Verdam.

N. Taalg.: afkorting vir *De Nieuwe Taalgids* (Wolters, 1907-).

N.W.: afkorting vir *Woordenboek der Nederlandsche Taal* deur De Vries en ander (1882-).

Ons Tyd.: afkorting vir *Ons Tydskrif* (Van Schaik, 1933-1937).

Paul: *Deutsches Wörterbuch* (1908).

Schönfeld: *Historiese Grammatika van het Nederlands*[3] (1932).
Stoett: *Spreekwoorden*[4] (1923).
Toller: *Anglo-Saxon Dictionary* (1921).
Van Dale: *Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal*[5] (1914).
Van Wijk: *De Nederlandsche Taal*[2] (1909).
Verdam en Verwijs: *Middelnederlandsch Woordenboek* (1885-1929; afgekort *M.W.*)
Verdam: *Middelnederlandsch Handwoordenboek* (1911).
Verdam: *Uit de Geschiedenis der Nederlandsche Taal*[3] (1912).
Weigand, hersien deur Hirt: *Deutsches Wörterbuch* (1909).
Zwaardemaker en Eijkman: *Leerboek der Phonetiek* (1928; afgekort *Leerboek*).
Dijkstra: *Hollandisch* (Teubner, Leipzig, 1903).
Roorda: *De klankleer*[3] (Wolters, Groningen, 1911).

Afkortinge.

Ald. = aldaar.
afr. = Afrikaans.
art. = artikel.
komp. = komparatief.
mv. = meervoud.
ndl. = Nederlands.
S. = skrywer.
s.v. = sub voce (onder daardie hoof).
t.a.p. = ter aangehaalde plek.
v. = van.
vgl. = vergelyk.
volg. = volgende.
x = naas.
> = gaan oor tot.
< = is ontstaan uit.

1. DIE GEBRUIK VAN DIE LEESTEKENS.[1])

1. Leestekens geen kwessie van smaak nie.

Daar bestaan nog altoos 'n taamlik verbreide mening dat die gebruik van leestekens iets van so'n indiwiduele aard is dat dit nie die moeite werd is om te probeer om daarby rigting te wil gee nie; gevolglik kan iedereen grotendeels doen wat hy verkies. Hierdie opvatting is verkeerd en het in die praktyk baie lastige en nadelige gevolge. Wie veel skriftelike werk moet nasien, soos die onderwyser, die dosent en die eksaminator, weet maar alte goed hoe uiters vervelend en hinderlik 'n verkeerde of slordige punktuasie is. Dis waar, by oordeelkundige gebruikers van leestekens sal daar altoos 'n sekere mate van verskil bestaan, veral op bepaalde punte, maar dit wil volstrek nie sê dat daar geen leiding by hierdie onderwerp gegee kan word nie. Gelukkig dat dit so is, want leestekens is 'n vername stylmiddel en dus iets wat nie sommer tersyde gelaat kan word nie.

2. Verskil tussen Engelse en Nederlandse punktuasie.

Iemand wat oplet, sal gou merk dat die gemiddelde Engelsman anders punktueer as die gemiddelde Hollander. Die eerste gebruik vir ons gevoel oor die algemeen te weinig, die tweede beslis te veel leestekens. Vergelyk die volgende tipiese voorbeelde:–

A, 1o: "The allocation of funds by the Transvaal Provincial authorities for their forthcoming road programme has been criticised by the automobile association, who feel that the funds are not allocated where they are most eargerly needed from the point of view of the importance of the highways."

---

[1]) Hierdie artikel is 'n uitbreiding van wat in beknopte vorm verskyn het in *Ons Tyd*. II, bl. 20-22.

2o: "When removing a hot sparking plug do not remove the head from the terminal but just slacken the terminal nut until the plug has been loosened with the plug spanner."

B, 1o: „De geringe mate van bekendheid, die deze dichter verworven heeft, is niet een juiste maatstaf, om de historiese en litteraire waarde van zijn persoonlikheid te bepalen."

2o: „Zij bedoelen, een of andere inlichting te geven, voordat men voortgaat met het eigenlike onderwerp waar men over spreekt."

A, 1o is in die haak, maar in 2o sou ons stellig 'n komma plaas na „plug" en eintlik ook voor „but." In B, 1o moet net die tweede komma bly, die ander twee moet beslis wegval; in 2o moet heeltemal geen kommas gebruik word nie. Waarom moet daar vir ons gevoel in bostaande sitate in die een geval wel, in die ander geen kommas wees nie? Die antwoord op hierdie vraag hang saam met die al of nie aanwesig-wees van duidelike pouses. In A, 2o sou dit die lees vergemaklik as daar minstens een komma ingevoeg word in daardie lang sin; in B, 2o daarenteë het die kommas nie die minste praktiese waarde nie. Inteendeel, hulle is beslis skadelik, omdat hulle steurend werk en bowendien pouses kan laat aanbring waar die volstrek nie bestaan nie. Hulle kan dus onnatuurlike lees in die hand werk.

3. In wat volg, sal ons eers die beginsels behandel wat ten grondslag lê aan die gebruik van leestekens; vervolgens sal ons die noodsaaklike gee omtrent elke leesteken. Eintlik is dit net die komma wat moeilikheid oplewer; die gebruik van die orige leestekens is eenvoudig en wie een keer sy aandag daaraan geskenk het, sal verder weinig moeilikheid ondervind.

4. **Waartoe leestekens dien.**

By gesproke taal het ons die ritme, die intonasie (die op en af van die stem) en die natuurlike pouses om maklik en duidelik te verstaan wat gesê word. By geskrewe taal is dit

anders. Hier bestaan die ritme, intonasie en pouses netsogoed as in die gesproke taal, maar die leser moet hulle sèlf invoeg. Daarom het die leser behoefte aan sekere uiterlike tekens om die lees te vergemaklik. In hierdie behoefte voorsien die leestekens.

5. Twee punktuasie-sisteme: die ritmiese en die grammatiese.

Dis interessant om na te gaan hoe die aanwending van leestekens in die loop van die eeue kan verskil. In middeleeuse handskrifte word haas geen leestekens aangetref nie. Vondel sal dikwels 'n punt plaas waar ons vandag dit nooit sou doen nie en by baie Engelse skrywers van die vorige eeu kan jy veel meer kommas aantref as wat vandag deurgaans deur Engelse geplaas word. Vandag bestaan daar twee sisteme waarvolgens gepunktueer word: a) die *ritmiese* en b) die *grammatiese*. Die ritmiese sisteem berus in hoofsaak op die natuurlike pouses wat gemaak word deur iemand wat weet hoe om te lees; die grammatiese wil veral die bou van die sin en sy onderdele aanduie. Die ritmiese sisteem vind ons toegepas bo in A; die grammatiese in B. Hierdie twee sisteme kan egter nie deur dik en dun geskeie word nie; soms sal diegene wat die ritmiese sisteem volg, tog terwille van die duidelikheid punktueer volgens die grammatiese sisteem. Dit geld van die komma, vgl. § 24(9). Oor die algemeen egter kan hierdie twee sisteme duidelik onderskeie word. Sonder die minste twyfel verdien die ritmiese sisteem die voorkeur, omdat dit die beste die natuurlike pouses laat uitkom wanneer goed gelees word en omdat dit, in afwyking van die grammatiese, geen onnodige kommas plaas tensy die duidelikheid dit regverdig nie.

6. Wanneer ons praat van „goed lees", dan bedoel ons lees asof jy praat. Dit is waar lees eenvoudig op neerkom. Wie lees asof hy praat, sal goed lees en so iemand sal met die nodige aandag gou sy leestekens oordeelkundig gebruik. Dit wil natuurlik volstrek nie sê dat goeie lesers altoos eenders sal lees nie. Die een persoon spreek anders, intoneer anders as die ander en derhalwe sal die een goeie leser ook in sekere mate anders lees as die ander; gevolglik sal hulle in sekere mate

anders punktueer. Hierdie verskille sluit egter 'n algemene leidraad volstrek nie uit nie.

7. Die grammatiese sisteem kan ook genoem word die uiterlike, die stereotiepe. Dit is die metode wat jy in hoë mate met toe oë kan toepas, wat o.a. alle betreklike sinne deur kommas skeie, dikwels ook allerlei onderdele van sinne, en dit alles sonder dat die duidelikheid in die minste daardeur gebaat word. In plaas van die goeie leser te help, hinder dit sy oog en sy gedagtegang. Ons herinner ons uit ons skooldae dat een onderwyser die raad gegee het: neem 'n goeie prosawerk op en kyk hoe die skrywer punktueer. Hierdie raad was oor ons koppe heen. Die ander weer het berispend opgemerk (Hollands was natuurlik net Nederlands destyds): Weet julle dan nie dat voor elke die-, dat- en wat-sin 'n komma staan nie? Daarna wou dit vir ons aanvanklik lyk of die moeilikheid in ruime mate opgelos was, want hoeveel sinne van hierdie tipe kom daar in Nederlands nie voor nie. Gou egter sou ons ontdek dat hierdie advies ons nie ver bring nie; dit raak glad nie die kern van die saak nie en is verder heeltemal onvolledig. Dan was die oplet-metode van die eerste nog baie beter.

8. **Geen vaste reëls vra nie, maar vat waartoe leestekens behoort te dien.**

Daar kan geen vaste reëls neergelê word vir die aanwending van leestekens nie. As dit moontlik was — en die aanhangers van die grammatiese sisteem in uiterste vorm glo daar stellig aan—, sou dit 'n baie onverkwiklike taak wees. Nee, ook die oordeelkundigste toepassers van leestekens sal meermale verskil op grond van wat in §6 gesê is. Daarom moet daar geen sprake wees van die aanleer van 'n aantal vaste reëls nie. Wat nodig is, is dat gevat word waartoe leestekens behoort te dien en dat hulle dan op oordeelkundige wyse aangewend word. Dit behoort 'n belangrike onderdeel uit te maak van die werk van die taalonderwyser aan die middelbare skool. Die klasse is hier betreklik klein en die tyd het aangebreek. Behandel die onderwerp aan die hand van bepaalde, geskikte leesstukke en laat die leerlinge alles daaroor lees wat in grammatika, stylboek en waar ook in die skoolbiblioteek en elders te

vind is. Sodoende sal hulle oplet wat goeie punktueerders doen en gou-gou besef dat die aanwending van leestekens 'n vername stylmiddel is en volstrek nie bloot 'n kwessie van smaak nie.

9. Vlak by die begin het ons daarop gewys dat leerlinge en studente dikwels op baie gebrekkige wyse punktueer. Wat jou miskien nog die meeste hinder, maar dan volstrek nie net by die leerling nie, is dat kommas letterlik gesaai word. Hierdie saai van kommas is die grammatiese metode tot 'n uiterste gedrywe, maar dit het nie die minste waarde nie. Die lees bevorder dit nie in die minste nie; tot verduideliking dien dit ewemin; wat daarenteë dikwels gebeur, is dat dit slegte, verkeerde lees in die hand werk.

10. Meermale kan 'n sin op verskillende maniere gelees en opgevat word. Neem die volgende teks: „Tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons tot Hom." Soos die vertalers dit gepunktueer het, sou ek sê dat „uit wie alles is" 'n onmisbare aanvulling is by „Vader" en derhalwe deur geen komma mag voorafgegaan word nie, „en ons tot Hom" daarenteë 'n bystelling is en daarom wel 'n komma tussenin het. Neem 'n mens „uit wie alles is" egter as bystelling op by „Vader," dan moet agter hierdie woord 'n komma staan en die een na „is" verval. Celliers in *Stille Werkers* punktueer:

> „Met kop omlaag, en oë op die grond,
> So dra hy Oubaas huis-toe, stap vir stap."

Na „grond" mag die komma vanweë die pouse nie wegval nie. As na „omlaag" nie juis gepouseer word nie, moet die komma hier wegval. Word die komma behou soos bo, dan is volgens die ritmiese metode „en oë op die grond" 'n bystelling. Reeds uit hierdie paar opmerkinge is dit duidelik dat 'n goeie punktuasiesisteem 'n onmisbare stylmiddel is.

11. Ons gaan nou daartoe oor om die nodige te sê omtrent die verskillende leestekens. Ons sal tegniese terminologie versover moontlik vermy.

12. **Punt.**

Sinne wat volledige gedagtes bevat, word deur 'n punt afgesluit: *Jan het my gevra om te kom kuier. Piet was van plan om gistermiddag oor te kom, maar op die laaste oomblik is hy verhinder.*

13. **Kommapunt.**

Die kommapunt duie 'n pouse aan wat korter is as die by die punt, maar langer as die by die komma; òf, anders uitgedruk: dit skeie sinne wat in gedagte enger saamgaan as by die punt, maar nie so eng as by die komma nie: *Hy het nie veel geld nie; inteendeel, hy kan eerder arm genoem word. Telkens het ek probeer om die onderwerp aan te roer; dit het my egter nooit geluk nie.* As in die laaste geval die tweede sin met „maar" ingelei word, is die pouse korter en word die kommapunt deur 'n komma vervang: *Telkens het ek probeer om die onderwerp aan te roer, maar dit het my nooit geluk nie.* Aangesien die kommapunt 'n pouse aanduie wat in lengte tussen die van 'n punt en 'n komma staan, is dit begryplik dat dit meermale voorkom dat waar die een 'n kommapunt plaas, die ander 'n punt of komma verkies, veral die punt. Miskien wys die naam kommapunt daarop dat die leesteken die funkie van punt en komma verenig.

Bekende voorbeelde van die kommapunt vind ons:–

(i) Voor die bywoordelike voegwoord: *Jan stribbel altoos teë; daarom is dit so swaar om met die man op te skiet.*

(ii) By 'n reeks newegeskikte hoof- of bysinne: *Die elokusionis se stem moet volume hê; dit moet aangenaam aandoen; hy moet dit goed kan moduleer; hy moet die aandag van sy gehoor kan pak en behou. Die man het gesê dat hy bitter teleurgesteld was; dat hy nie 'n pennie verder in die saak sou steek nie; dat hy hom nooit weer tot so iets sou leen nie.*

14. **Dubbelpunt.**

Die dubbelpunt word geplaas voor woorde of sinne wat die voorafgaande toelig of verduidelik: *Jy het net een ding nodig: volharding. Laat die bediende loop: dis duidelik dat hy jou net ergernis gaan gee. Hier moet veral twee dinge in ag geneem word: die een is duidelikheid, die ander saaklikheid.*

Verder word dit altoos gebruik voor aanhalings: *Die spreker het begin met die woorde: „Laat ons voor alles duidelik wees."*

Aan die dubbelpunt word soms 'n strepie toegevoeg (aldus:–), veral by uitgebreide toevoeginge. Kyk § 13, laaste gedeelte.

15. **Uitroepteken.**

Die uitroepteken word gebruik by emosie, tengevolge van ontsteltenis, blydskap, verontwaardiging of wat ook: *Wat 'n afgryslike ongeluk! Ek wens tog hy kom! En dan wil hy nog praat nadat hy ons so beledig het!*

Ook word dit gebruik by waarskuwinge, dringende versoeke en bevele: *Pasop! daar kom die trein. Aandag asseblief! Maak tog in vredesnaam gou!*

Let op dat waar die uitroepteken nie op die end van 'n sin staan nie, die volgende woord nie met 'n hoofletter begin nie: *Laat hoor, o Grysaard! want die woord te voer, betaam die ouderdom.*

Die gebruik van die uitroepteken moenie oordrywe word nie; dan word dit hinderlik.

16. **Vraagteken.**

Natuurlik weet iedereen dat hierdie leesteken by vrae gebruik word. Na die vraagteken volg nie noodwendig 'n hoofletter nie, bv.: *Wat doen jy hier? sou 'n gepaste vraag wees.* Vgl. ook §33.

17. **Rusteken (Strepie).**

Die rusteken duie 'n aanmerklike pouse aan en gee te kenne dat die aandag gespanne is. Daarom word dit ook *aandagstreep* genoem. Dit word gebruik:—

(i) By afbreking van 'n sin: *As jy maar net kon verstaan —, maar laat ek maar liewers stilbly.*

(ii) Om die aandag veral te bepaal by wat volg, gewoonlik 'n beknopte sin: *En wat is nou die gevolg van dit alles? — Rusie! Al beloning wat jy ontvang, is — skeldwoorde!*

(iii) By parentetiese sinne van die volgende soort: *Hy was vanmôre weer laat — dit kom daarvan as 'n mens nie wil luister nie— en nou is hy afgedank.* Hier kan ook hakies gebruik word (kyk volgende no.), maar die rusteken is gewoner.

Wat in al hierdie gevalle veral opval, is dat die pouse lank is en dat wat na die rusteken volg op aanmerklike laer toon uitgespreek word. Daarom is dit beter om in 'n sin soos die volgende 'n dubbelpunt te gebruik en geen rusteken, soos sommige doen nie: *Sy geld, sy roem, sy naam was hy kwyt: àlles was hy kwyt* (die laaste woorde gee 'n samevatting van die vorige). Vergelyk verder §23 (7).

18. **Hakies.**

Hakies word gebruik by inlassing van 'n woord of woorde wat dien as verduideliking, as aanvulling, maar nie juis noodsaaklik vir die gedagte is nie: *Die naam Sarel (Eng. Charles) is aan Frans ontleen. Ons vertrek oormôre (Vrydag).* Dit kom voor dat die een kommas gebruik waar die ander hakies verkies, maar 'n duidelike geval van die laaste word altoos daardeur gekenmerk dat die ingeslote gedeelte op aanmerklik laer toon as die res uitgespreek word. In hierdie opsig stem dit ooreen met die rusteken, nie egter wat die lengte van die pouse betref nie. Vervang nou net in die voorafgaande twee sinne die hakies deur kommas en gevind sal word dat die betrokke gedeeltes dan nie op laer toon uitgespreek word nie.

L.W.—Laat ons tog oppas, wanneer gepraat word van die aanwending van „hakies", dat ons ons nie skuldig maak aan die anglisisme *„in* hakies nie" (Eng. *in brackets*), maar die goeie Afrikaanse uitdrukking *„tussen* hakies" gebruik.

19. **Aanhalingstekens.**

Dit is eintlik geen leestekens nie. Dit word gebruik by aanhalings: *„Ja, maar," antwoord die man. Sy letterlike woorde was: „Ek hou nie van verontskuldiginge nie."*

Let op: die eerste van 'n paar aanhalingstekens plaas ons, in aansluiting by die Hollander, onder die lyn, terwyl die Engelse altwee bo die lyn plaas. 'n Tweede aanhaling binne die eerste word deur sommige met enkele, deur ander met dubbele aanhalings aangeduie (,' òf „ „" "). Ons verkies die enkele: *Hy begint met te sê: „Ek hou nie van die dreigement ‚jy moet dit doen' in die vorige spreker se toespraak nie."*

20. **Onderstreping.**

Dit is ewemin 'n leesteken as die vorige, maar vanweë die belangrikheid daarvan wil ons dit hier 'n plek gee. 'n Woord, taalvorm, deel van 'n woord (bv. agtervoegsel, voorvoegsel of uitgang), of klank wat behandel word, moet altoos op 'n bepaalde manier aangeduie word. Die beste metode is om dit te onderstreep, wat dan in druk kursief of vet (swart) verskyn:— die Hollander gebruik die woordjie *aardig* baie dikwels; die agtervoegsel *-erig* is baie gewoon in Afrikaans; in die komparatief van *duur* word 'n *d* ingevoeg: *duurder*.

Dis van die grootste belang dat by klas- en eksamenwerk hierdie onderstreping aangebring word. Let ook daarop dat wat aan die begin van 'n woord staan die koppelteken agter, wat aan die end van 'n woord staan die koppelteken voor moet kry: die voorvoegsel *on-;* die meervoud op *-s;* die *-t* in *begint*.

21. **Akuut- en gravis-aksent.**

Dit word gebruik om 'n meer as gewone beklemtoning van 'n bepaalde woord of lettergreep aan te duie. By kort klinkers is dit gebruiklik om die gravis (`) te gebruik; anders die akuut (´). Die klinkers *ie, oe* en tweeklanke geld hier as lank: *Dis sy, nie èk nie. As jy maar net woú. Dis nié waar nie. Dis wèl waar. Jy moét dit doen. Dit kan nog dáe.duur. Jy moet dit vóór plaas, nie àgter nie.* Sommige verkies in die laaste sin net een strepie: *vóor.*

Ek hou niks van die benaminge „akuut" en „gravis" nie en gebruik hulle net by gebrek aan iets beters. Oorspronklik beteken *akuut* „skerp, hoog," *gravis* daarenteë „dof, laag," maar by ons is altwee ewe skerp en is die verskil in aanwending bloot gewoonte. Daarom deug die benaming „skerp" en „dowwe" aksent hoegenaamd nie en is die twee vreemde terme nog altoos beter omdat, behalwe vir die vakman, die oorspronklike betekenis iemand nie so lewendig voor die gees staan nie.

22. **Stippels.**

Dit word veral gebruik wanneer 'n sin nie afgemaak word nie, of die skrywer 'n woord of woorde nie wil neerskrywe nie: *Kan jy dan nie gou vir ons vertel wat jou bedoeling . . . .? Maar kyk so'n . . . .!* Die gebruik vertoon dus ooreenkoms met die van die streep (§17, i), maar daar is hierdie kenmerkende verskil dat die rusteken altoos 'n aanmerklike laer toon as die res veronderstel, wat by stippels nie die geval is nie.

23. **Komma.**

Die komma is die leesteken waarby daar die meeste verskil bestaan tussen skrywers en in sover lewer dit moeilikheid op. As algemene leidraad wil ons twee beginsels neerlê: a) plaas 'n komma waar daar by natuurlike lees 'n duidelike pouse is; b) moenie 'n komma plaas waar daar geen sodanige pouse is nie, behalwe in die paar gevalle waar dit vir die duidelikheid gedoen word, waar dus die grammatiese sisteem ge-

volg word. Wie hom hieraan hou en natuurlik lees, sal gougou sy weg vind.

In wat volg, wil ons die vernaamste gevalle van die komma behandel.

24. Die komma is nodig in die volgende gevalle:–

(1) Tussen newegeskikte subjekte, sinne en dele van sinne (almal gevalle waar as 't ware „en" in gedagte by te dink is): *Jan, Piet en Koos het gaan stap. Die een sal dit nodig ag, die ander weer iets anders. Jy moet voor die huis kyk, agter die huis en in die huis.*

L.W.—Moenie in sinne soos die laaste 'n komma plaas voor die „en" nie.

(2) Tussen opmekaarvolgende attributiewe byvoeglike naamwoorde waarvan elkeen 'n aparte (selfstandige) begrip uitdruk: *Dis 'n astrante, voortvarende, vervelende mens.*

(3) Waar, om herhaling te vermy, woorde weggelaat word: *Ons vreugde was sy vreugde; ons geluk, sy geluk; ons droefheid, sy droefheid. Met ons ouers praat ons Duits, onder mekaar Afrikaans, in die skool Engels.* Wie in die laaste sin die pouse tussen die dele langer maak, kan dit ook skeie deur 'n kommapunt en dan 'n komma plaas al dan nie voor „Afrikaans" en „Engels": *Met ons ouers praat ons Duits; onder mekaar(,) Afrikaans; in die skool(,) Engels.*

(4) Voor en agter bystellings: *Mnr. A., die voorsitter van die vereniging, het vertrek.*

Waar 'n bystelling deel van 'n naam geword het, staan natuurlik geen komma nie: *Karel die Grote; Saul die Worstelheld.*

(5) Voor en agter die toegesprokene: *Ons kom dadelik, Jan. Jy's darem maar 'n goeie dier, Roman. Piet, kom bietjie hier.*

(6) Na uitroepe en wat as sulks mag beskou word, maar waar daar geen besondere emosie is nie: *Wag, laat ek eers bietjie asem skep. Kyk, daar loop twee volstruise. Ag nee, dit kan nie wees nie. Ja, dit is wat hy gesê het.*

(7) Voor en agter parentetiese sinne, d.w.s. sinne waarsonder die hoofgedagte nie onduidelik of onvolledig word nie: *Jan is, of jy dit wil toestem of nie, 'n baie verdienstelike man. „Onthou", het hy gewaarsku, „dat die pad sleg is." Daardie*

man is, om die waarheid te sê, nie heeltemal vertroubaar nie. Hierdie streke is, soos almal weet, baie ongesond. My oudste broer, wat jy gister ontmoet het, is vanmôre oorlede. Let veral op die verskil tussen hierdie tipe van parentetiese sin en die by die rusteken (§17, iii): in die laaste geval is die pouse aanmerklik langer en word die betrokke gedeelte op baie laer toon uitgespreek.

(8) By bystellende sinsdele van die volgende tipe: *Dit is 'n erkende feit, nie net onder ons nie, maar dwarsdeur die land,* dat . . . .

(9) Tussen twee sinne waarvan die een op 'n werkwoord eindig, die ander met 'n ww. begint: *Net soos ek te sag praat, moet jy jou hand opsteek. Soos almal weet, is die begin moeilik. As jy aanhou, moet dit regkom.*

Hiertoe kan ook gereken word beknopte bysinne: *Wat my betref, kan jy dit gerus laat staan. Alles in aanmerking geneem, is dit tog maar die beste.*

In altwee hierdie gevalle word gewoonlik geen pouse gemaak nie, maar duidelikheidshalwe is dit goed om die komma te plaas. Hier het ons 'n mooi voorbeeld van waar die grammatiese sisteem reg van bestaan het, vgl. §5.

(10) Tussen *òf-, nòg-* en *èn-èn-*sinne van die volgende tipe: *Jy moet òf my instruksies volg, òf onmiddellik die werk staak. Hy het nòg aanleg, nòg verstand. Hy het èn vergeet om te kom, èn om 'n ander in sy plek te stuur.* Let ook op die gebruik van die aksent hier.

25. **Bywoordelike bysinne deur 'n voegwoord ingelei, na 'n hoofsin.**

Plaas 'n komma voor die voegwoord as daar 'n pouse is; anders nie. Vaste reëls is onmoontlik: dit hang af van hoe gelees, hoe die sin gevoel word. So is die komma noodsaaklik in: *Hy het hard gewerk, tog het hy nie geslaag nie. Sy toestand is seker treurig, dog ons mag nie vergeet dat dit grotendeels sy eie skuld is nie. Hy moes slag op slag verduur, desnieteenstaande het hy nooit sy moed verloor nie.* Daarenteë sal die een die komma invoeg, die ander dit weglaat in sinne soos (ons plaas die komma tussen hakies om aan te toon dat

dit fakultatief is): *Daardie weldaad sal ek nooit vergeet nie*(,) *al word ek ook nog so oud. Ek sal die persoon dadelik aanwys*(,) *hoewel ek hom nog nooit persoonlik ontmoet het nie.* Dieselfde geld verder van bysinne ingelei deur *aangesien, omdat, tensy, terwyl, voordat, want,* ens.

26. **Tussen bysin en hoofsin, die laaste met inversie.**

Ook hier is die komma fakultatief: *As jy my nie kan help nie*(,) *moet jy dit maar gerus sê. As dit die manier is waarop hy sy hulp aanbied*(,) *dan wil ek daar liewers nie gebruik van maak nie.*

Namate die sin langer is, word die behoefte sterker om die komma te gebruik. Wanneer die een sin met 'n werkwoord eindig, die ander met 'n ww. begint, moet die komma gebruik word: *As jy bietjie wag, gaan ek saam.* Vgl. §24(9).

27. **Bysinne deur „wat" ingelei.**

(a) As die *wat*-bysin parenteties is (vgl. §24, 7), moet dit deur kommas geskeie word: *My beste werksman, wat al tien jaar in my diens is, is my deur siekte ontval.*

(b) As die *wat*-sin 'n noodsaaklike aanvulling is van die hoofsin, d.w.s. die hoofgedagte daarsonder nie volledig is nie, bly die komma weg: *Dis die moeite werd om die persoon wat nou net gepraat het weer 'n keer te hoor.*

(c) Sinne van die volgende bou val onder §24, 9 en vereis natuurlik die komma: *Die persoon wat die eerste gepraat het, sou ek graag weer wil hoor.*

(d) Wie die grammatiese sisteem volg, plaas in (b) 'n komma voor „wat", maar dit is een van die hinderlikste onnodighede en behoort streng vermy te word. Daarenteë kan by lang sinne van tipe (b), waar die onderwerp van die hoofsin ver van sy werkwoord staan, 'n komma nuttig wees op die end van die *wat*-sin: *Later het die broers van die man wat vir ons gehelp het, aan ons kom sê dat ons tog nie moes ontsien om weer hulp te vra nie.*

Waar twyfel bestaan of die *wat*-sin parenteties is of nie, is die komma wenslik daarna: *Nou het die eienaar van die huis wat die naam Julius het, vlak daarby nog 'n ander huis.*

28. **Voor die voornaamwoordelike bywoord.**

Dis eweneens 'n hinderlike onnodigheid om 'n komma te plaas voor die sogenaamde voornaamwoordelike bywoord: *Maak drie goeie sinne waarin respektieflik 'n selfstandige naamwoord, 'n werkwoord en 'n bywoord as onderwerp gebruik word.* Die hoofsin is onvolledig sonder die bysin en derhalwe moet geen komma voor „waarin" geplaas word nie. Daar's trouens ook geen pouse nie.

29. **Dat-sinne.**

As daar 'n pouse gemaak word voor „dat", gaan 'n komma vooraf; anders nie. Gevind sal word dat daar geen pouse bestaan wanneer die hoofgedagte eers in die *dat*-sin kompleet word nie; anders is daar wel 'n pouse. Vergelyk (a) met (b):–

(a) *Jy moet maar mooi werk in die skool, dat jy kan klaarmaak en vir my op die plaas kom help.*

(b) *Ons moet hom in ieder geval daarvoor erkentelikheid bewys dat hy sy bes gedoen het. Hy't my so dikwels teleurgestel dat ek nie meer weet of ek hom nog kan vertrou nie.*

(c) Plaas geen komma voor „dat" in naamwoordelike sinne nie: *Hy 't my gister mos belowe dat hy vandag sou oorkom.*

By 'n sin van die volgende bou kan die komma nuttig wees, is hy dus fakultatief: *Moet jou dit nie alte veel aantrek dat die man voortdurend uitgeroep het(,) jy moet hom nie kom help nie.* Let daarop dat die laaste sin die volgorde van 'n hoofsin het.

30. **Sodat-sinne.**

Dieselfde geld van *sodat*-sinne:–

(a) *Ek wil eers die saak in hooftrekke uitwerk, sodat ek 'n idee van die omvang kry. „Laat U aangesig skyn, sodat ons verlos kan word."*

(b) *Wil jy nie vir my gou winkel-toe gaan sodat ek intussen my werkie kan klaarmaak nie?*

31. **En-sinne.**

Baie handel hier só: as die onderwerp dieselfde is, word geen komma geplaas tensy die sinne te lank is nie; daarenteë word by verskil van onderwerp altoos kommas geplaas, onverskillig of daar gepouseer word of nie. Die laaste is totaal onnodig. *En*-sinne hoef oor die algemeen nie deur kommas geskeie te word nie: *Ons het eers koffie gemaak en daarna het ons met die werk begint. Die oudste broer moes op die lande werk en die jongste het as opdrag gehad om vir die vee te sôre.*

In die volgende sin plaas ons 'n komma: nié omdat daar verskil van onderwerp is nie, maar omdat ons daar 'n duidelike pouse maak: *Doen die moeite om die saak aan hulle goed duidelik te maak, en julle kan daar seker van wees dat al hulle besware sal wegval.* As die pouse nie gemaak word nie, val die komma weg.

As verskillende *en*-sinne op mekaar volg, kan dit nuttig wees om die wat nouer samehang met 'n komma te skeie van die ander: *„Gilead is myne en Menasse is myne, en Efraim is die beskutting van my hoof." Jan het vanmiddag tuin gemaak en Piet gaan môre skape skeer, en volgende week gaan hulle saam kuier.* Op die plek van die komma word in hierdie sinne gepouseer; dit is egter lank nie altoos die geval voor „en" nie.

32. **Punktuasie by Adresse.**

Die Transvaalse Departement van Onderwys versoek sy skole om as volg te punktueer:

Proesstraat 113,
Pretoria,
13 Desember 1939.
Of:
Proesstraat 113,
Pretoria.
13 Desember 1939.

Ek betreur dit dat in die tweede geval na „Pretoria" 'n punt staan en geen kommapunt nie. Dan sou dit alles een geheel gewees het, met net voor die datum in die tweede geval 'n langer pouse as in die eerste. Anders is hierdie metode baie goed.

33. **Meer as een leesteken per keer.**

Dit spreek vanself dat in die reël nie meer as een leesteken per keer gebruik word nie. Daar's egter enige uitsonderinge, waarvan ons die volgende noem:—

(a) Uitroepteken plus vraagteken of omgekeerd: *Jy wil tog nie sê dat die man dood is nie*?!

(b) Strepie plus komma: *A. het my vanmôre gevra om saam te gaan — iets wat hy nog nooit gedoen het nie —, maar ongelukkig kon ek die uitnodiging nie aanneem nie.*

(c) Vraagteken plus strepie: *En wat is nou die gevolg van dit alles? — Niks as rusie*!

(d) Aanhalingstekens plus een of ander leesteken: *Hy het gevra: „Wat doen julle hier"*? Natuurlik is aanhalingstekens nie eintlik leestekens nie, maar bloot die aanduiding van iemand se letterlike woorde.

34. **Leestekens in sekere mate verwisselbaar.**

Gelet op die indiwiduele faktor by leestekens, soos uit bostaande voldoende blyk, is dit duidelik dat in sekere gevalle die een 'n ander leesteken sal gebruik as die ander, alnamate die woorde gelees of gevoel word. Maar ook dieselfde persoon kan tot op sekere hoogte dieselfde sin verskillend punktueer alnamate hy dit verskillend voel. As die pouse tussen twee selfstandige sinne korter, die verband enger gevoel word, sal 'n kommapunt gebruik word waar anders 'n punt sou staan. In *die man is hopeloos in sy werk: hy verstaan daar so goed as niks van nie* duie die dubbelpunt aan dat wat volg 'n verduideliking is van die hoofsin. Hier kan ook 'n kommapunt of selfs 'n punt geplaas word, maar dan is dit 'n verdere gedagte, nie juis 'n verduideliking nie. In *in A. se handboek oor geskiedenis, 2de druk, lees ons* kan die woorde „2de druk"

tussen hakies staan, maar dan is dit net 'n terloopse invoeging wat maklik agterweë kan bly en dan ook op 'n laer toon uitgespreek word (vgl. §18). In *eers het die wind gewaai, toe het dit begin reent, later het dit gehael en uiteindelik het dit gestorm* duie die kommas 'n vlug tempo aan, terwyl die gewone punktuasie, nl. kommapunt, te kenne gee dat daar langer tussen die onderdele gepouseer word.

35. Dis interessant om daarop te let dat by sommige leestekens die pouse (van een of ander lengte) op die voorgrond staan: dit is die geval by die komma, die kommapunt en die punt. By ander is dit nie juis die pouse wat in die eerste plek in die gedagte opkom nie, maar een of ander bepaalde funksie (vraag, bepaalde emosie, letterlike woorde, ens.): hieronder val die dubbelpunt, die strepie, die stippels, die vraagteken en die aanhalingstekens.

36. **Leestekens nie bloot kwessie van smaak nie.**

Aan die end van hierdie artikel wil ons nogeens met nadruk daarop wys dat verskil in die aanwending van die leestekens volstrek nie beteken dat dit 'n saak van willekeur, m.a.w. bloot een van persoonlike smaak is nie. Ooreenstemming op die essensiële punte is heeltemal bereikbaar en natuurlik ook noodsaaklik met die oog op die praktyk. Ons hoef nie altoos eenders te punktueer nie, maar dit wil volstrek nie sê dat elkeen maar sy eie weg mag volg nie. Jy vind nogal taamlik dikwels skrywers wat uiters indiwidualisties is in die aanwending van leestekens, maar deurgaans is hulle punktuasie vir ander baie hinderlik. Ook is daar skrywers wat vir hulle geen rekenskap gee van leestekens nie en hulle selfs daarop verhef, maar moenie praat watter moeite dit kos om hulle werk persklaar te maak nie.

Helderheid en vastigheid in die aanwending van leestekens kom namate 'n mens sy gedagtes op papier sien. Dan let hy goed op wat ander doen en leer hy om self oordeelkundig te werk te gaan.

37. Die ritmiese sisteem verreweg die beste.

Tenslotte dit. Die grammatiese sisteem kan nie heeltemal uitgeskakel word nie: vir die duidelikheid is hy in sommige gevalle onmisbaar. As geheel is dit egter 'n meganiese sisteem en een wat nadelig en hinderlik werk. Die beste sisteem is sonder enige twyfel die ritmiese, wat in hoofsaak uitgaan van natuurlike pouses. Wie hierdie sisteem met aandag volg, sal gou sy weg vind.[1])

[1]) In die meeste skoolgrammatikas en boekies oor stylleer word iets gesê oor die gebruik van die leestekens, maar die behandeling is beknop en onvolledig. Agter die *Afrikaanse Spelreëls* is enige nuttige opmerkinge opgeneem van Prof. Bouman. Botha en Burger gee in hulle *Afrikaanse stylleer,* bl. 143-155, 'n uitgebreide behandeling van die aanwending van die leestekens, maar op die beginsels wat aan punktuasie ten grondslag lê, gaan hulle nie in nie. Dit doen die bekende Nederlandse onderwyser, wyle Van den Bosch wèl in sy artikel *Over Interpunksie* van meer as dertig jaar gelede, wat altoos nog sy waarde besit. Kyk *N. Taalg.* I, bl. 61-68.

Die onderwerp is breedvoerig behandel deur Fowler: *The King's English*[3], bl. 228-299 (Clarendon Press) en deur Carey: *Mind the Stop* (Cambridge University Press, 1939). In beginsel stem ons ooreen.

II. DIE UITSPRAAK VAN DIE ARTIKEL „'N"[1])

Herhaaldelik is die vraag aan ons gestel, meestal deur onderwysers, wat die gewone uitspraak van die artikel *'n* is.[2]) Ons sê die gewone uitspraak, d.w.s. die natuurlike, nie die bewuste volgens die letter nie. Daar's seker nie nog 'n woord in ons taal waarvan die uitspraak so dikwels verknoei word as van die lidwoord *'n* nie, 'n woordjie wat uit die aard van die saak ieder oomblik voorkom en waarvan die verkeerde uitspraak gevolglik des te meer steurend is. Die sondebok hier is veral die juffrou op skool. Aan haar is die belangrike taak opgedra om die kleintjies te leer lees. Sy het 'n groot gesag: wat sy sê, is wet vir die kind, al weet hy nog niks van wet af nie. As juffrou eenmaal gesê het dat 'n ding sus of so is, dan moet iemand anders tog nie kom vertel dat dit anders is nie. Ons gun haar hierdie gesag van harte, maar ons sou so graag sien dat sy geen onnatuurlike, geen letteruitsprake aan die kindertjies leer nie. As daardie onnatuurlike uitsprake eers pos gevat het in die jong gemoed, is dit baie swaar om hulle weer daaruit te kry. Daar's heelwat van daardie onnatuurlike letteruitsprake wat die kinders op skool bygebring word. In artikel III handel ons oor die letteruitspraak van *Januarie* en *Februarie;* hier wil ons net by die lidwoord *'n* stilstaan.

Die oningewyde meen dat *'n* moet uitgespreek word *en* (met e word bedoel die swakbeklemde „e" van 'n woord soos *dadel*). Dis die geskrewe woord, die letter wat hom so laat dink; daarom het ons netnou gepraat van letteruitspraak. Hierdie mening is egter verkeerd en vlak by die begin wil ons op twee dinge wys: eerstens, dat daar verskillende uitsprake van die lidwoord *'n* is, al na die aard van die beginklank van die volgende woord; tweedens, dat by die verskillende uitsprake meestal geen *n* gehoor word nie.

---

[1]) Hierdie artikel is 'n samevatting en uitbreiding van wat eerste verskyn het in *Ons Tyd.* I, No. 4, bl. 10-11 en No. 5, bl. 10-11.

[2]) *Ons Tyd.* I, No. 5, bl. 10-11.

Daar's 6 klankwaardes van die artikel *'n,* wat ons as volg sal voorstel:–

1) *en;*
2) *em;*
3) *eng* (*ng* soos in *ding*);
4) ẽ (die *n* het verdwyn, maar sy nasale gedeelte het op die e oorgegaan, dit genasaleer);
5) *he;*
6) *e.*

Met e word dwarsdeur bedoel die swakbeklemde „e" van 'n woord soos *dadel.* Ons behandel agtereenvolgens elkeen van hierdie ses uitsprake. Dis van belang waar die hoofklem val; daarom duie ons die hoofklem aan deur 'n skuins strepie bo die betrokke lettergreep.

I: *en.*

Dit kan gehoor word in twee gevalle: a) voor 'n woord wat met 'n dentaal (*d, t, n*) begint; b) voor 'n woord wat met 'n klinker aanvang. Ons gee telkens enige voorbeelde in twee kolomme: die eerste met die hoofklem op die eersvolgende lettergreep, die tweede met die hoofklem op 'n latervolgende een.

Voor d

dis *'n* dénneboom	dis *'n* definísie
,, ,, dórsmasien	,, ,, dosyn
,, ,, dádelpalm	,, ,, deurmekáar spul

Voor t

dis *'n* tíngerige vent	dis *'n* tarentáal
,, ,, tiénde	,, ,, tamáai slang
,, ,, táamlike pad	,, ,, tamelétjie

Voor n

dis *'n* náre mens	dis *'n* natúurlike saak
,, ,, níksnuts	,, ,, nalátige mens
,, ,, námaaksel	,, ,, nasionalís

Voor 'n klinker

dis *'n* áfkorting
„ „ óngewenste houding
„ „ érdvark

dis *'n* ouderwétse dogtertjie
„ „ allerlíefste seuntjie
„ „ onvertróubare persoon

Wie die verskynsel by hom self goed nagaan (wat maklik kan gedoen word deur self 'n ruim aantal voorbeelde, soos bo, op te skrywe, liefs van alledaagse, gebruiklike woorde), sal by die pas behandelde gevalle onder I die volgende opmerk:–

(a) naas die uitspraak *en* kan orals gehoor word *e* of *ẽ* (genasaleerde *e*);

(b) *en* kom die meeste voor wanneer die volgende lettergreep nie die hoofklem het nie;

(c) wanneer die eersvolgende lettergreep met 'n klinker begint en die hoofklem dra, is dit reël om die artikel nie as *en* uit te spreek nie, maar as *e;*

(d) van hierdie drie uitsprake is *e*, alles bymekaar geneem, verreweg die gewoonste.

II. *em.*

Hierdie uitspraak kan gehoor word voor bilabiale (*b, p, m*):–

Voor b

dis *'n* báadjie
„ „ bákoond
„ „ bíltong
„ „ blíndemol

dis *'n* bakatél
„ „ balkón
„ „ Basóetoe
„ „ bobbejáan

Voor p

dis *'n* pákkamer
„ „ pákos
„ „ péerboom
„ „ píesang

dis *'n* pampóen
„ „ papegáai
„ „ paraffíenlamp
„ „ patróon

Voor m

dis *'n* máanhaarjakkals
„ „ málva
„ „ mámba
„ „ mánnetjie

dis *'n* maatskappy
„ „ magistráat
„ „ mandolíen
„ „ matróos

Netsoos by die vorige afdeling word *em* eerder gehoor wanneer die volgende lettergreep nie die hoofklem dra nie. Op sigself sou ons hier *em* verwag deurdat die *n* gedteeltelik geassimileer (gelykgemaak) word aan die volgende bilabiaal: vgl. *onmoontlik,* wat uitgespreek word *ommoontlik,* en *oomblik* uit Ndl. *ogenblik.* Vir die goeie waarnemer sal dit egter gou duidelik word dat *em* die uitsondering is, bv. by versigtige praat, en dan nog net versover in so'n geval nie eerder *en* gehoor word nie. Ook word *ẽ* dikwels gehoor, maar reël is om in die posisie onder hierdie afdeling bedoel die artikel as *e* uit te spreek.

III: *eng.*

Hierdie uitspraak kan gehoor word voor 'n sagtegehemelte-konsonant (*c*=*k, g*=*gh, gh* en *k*):–

Voor c

dis *'n* cóckney
„ „ críticus

dis *'n* café
„ „ calvinís
„ „ compromís

Voor g

dis *'n* garáge
„ „ guillotíne
„ „ guerrílla-oorlog

Voor gh

dis *'n* ghíenie
„ „ ghoen

dis *'n* ghong
„ „ ghwárrieboom
„ „ ghitáar

Voor k

dis *'n* káfferwaterlemoen	dis *'n* kabeljóu
,, ,, kánniedood	,, ,, kafée
,, ,, kétting	,, ,, kalkóen
,, ,, kíelhouer	,, ,, kaméel

Net soos by *em* is dit natuurlik om hier *eng* te verwag as gevolg van assimilasie: vgl. *klein,* maar *kleinkie* en verder *onkoste, onkruid,* waarvan *n* by al drie laaste woorde as *ng* uitgespreek word. Hierdie uitspraak word dan ook gehoor en, al weer soos by *en* en *em,* eerder as die volgende lettergreep nie die hoofklem dra nie; reël is ewenwel om by III *e* te hoor. Die uitspraak *ẽ* kom hier nie voor nie, of indien wèl, dan moet dit beslis as afwyking, nie as gewoon beskou word nie. Eerder sal dan nog *en* gehoor word. Die rede waarom hier geen *ẽ* gehoor word nie, is waarskynlik omdat sowel die *ẽ* as die sagtegehemeltekonsonant spanning in die sagtegehemelte vereis; m.a.w. omdat daar gevolglik dubbele spanning sou wees en die een dus uitgeskakel word. Ons sou hier dan arbeidsbesparing hê, wat geen luiheid hoef te wees, soos dit deur oningewydes dikwels bestempel word nie. Nee, arbeidsbesparing is 'n gewone en natuurlike verskynsel in die lewe van elke taal, net soos by 'n goeie sakeman. Egter met hierdie verskil: by 'n sakeman is dit bewus; in 'n taal, onbewus.

IV: *ẽ.*

Ons het gesien dat *ẽ* voorkom in die posisies I en II; hy word egter veral gehoor voor 'n frikatief.

Voor f

dis *'n* fabel	dis *'n* fabríek
,, ,, féesdag	,, ,, famílie
,, ,, fríesbees	,, ,, fariséër

Voor g

dis *'n* gângetjie	dis *'n* gallón
,, ,, géelslang	,, ,, gedágte
,, ,, géitjie	,, ,, gedóente

Voor s

dis *'n* sákdoek	dis *'n* Sabbattáriër
,, ,, séderboom	,, ,, sanatórium
,, ,, séekoegat	,, ,, skerpióen

Weer sien ons dat die hoofklem 'n rol speel, want ẽ word eerder gehoor wanneer die volgende lettergreep nie die hoofklem dra nie; e is egter netso gewoon of selfs gewoner; *en* word nie gehoor by persone wat natuurlik praat nie. Dat die artikel voor frikatiewe as ẽ sou uitgespreek word, is wat ons sou verwag, want dis altans by die meer oop klinkers (kort *e, a, o*) reël in Afrikaans dat die volgende *n* voor 'n frikatief verdwyn, terwyl die nasale gedeelte op die voorafgaande klinker oorgaan en dit tegelykertyd verleng versover dit die hoofklem dra: vgl. *mens, wens; gans, dans; ons, gons, spons.*[1])

V: *he.*

In al die voorbeelde wat ons sover behandel het, het ons 'n lidwoord op die oog gehad wat binne-in 'n sin staan, nié aan die begin daarvan nie. Meestal staan hy dan ook in die eerste posisie: dink maar aan die duisend-en-een voorbeelde soos: *bring 'n stoel; in 'n kits; oor 'n rukkie; wag 'n bietjie; oor 'n berg,* ens., ens. Dikwels egter staan die onbepaalde lidwoord eerste in 'n sin en daar's 'n opmerklike verskil in wat ons kan noem die gewig van die woordjie in hierdie twee posisies. As die lidwoord in die sin staan, gaan hy veel nouer saam met die voorafgaande as met die volgende woord, hoewel hy grammatikaal natuurlik by die laaste hoort. Vergelyk die sin *'n gans kan tog raas* met *as 'n gans kos kry, kan hy tog baie raas*: in die eerste geval het *'n* aanmerklik meer gewig, ons kan sê meer selfstandigheid as in die tweede; in die laaste geval word hy baie swak en vlugtig uitgespreek: hy sit feitlik op die rug van die voorafgaande woord.

Wanneer *'n* eerste in die sin staan, d.w.s. die eerste woord is na 'n pouse, word hy gewoonlik as *he* uitgespreek wanneer die volgende woord se eerste lettergreep die hoofklem dra. Vergelyk die volgende voorbeelde:–

[1]) Vgl. vir nadere besonderhede *Afr. Fon.* § 324 volg.

(a) *'n méns kan nooit weet nie; 'n kínd kan soms so moedswillig wees; 'n dónkie is tog lui; 'n ós kan so rustig stap; 'n óu mens moet in ag geneem word; 'n éensame mens is te bejammer; 'n stál bring vlieë; 'n mámba is gevaarlik;* (na 'n pouse) *ons hoor dikwels: 'n méns moenie te haastig wees nie;*

(b) *'n ordéntlike mens sal dit nooit doen nie; 'n onnódige ding is altòos vervelend; 'n inhálige mens is nooit tevrede nie; 'n agterdógtige mens het onnodige kwellings; 'n eiesinnige mens neem nie maklik raad aan nie; 'n orkáan is iets vreesliks; 'n eksámen is nooit juis prettig nie; 'n papegáai kan baie raas; 'n kokkewiet maak 'n mooi geluid.*

Dis maklik om voort te gaan met voorbeelde, maar hierdie is voldoende. In (a) kan weliswaar die uitsprake *en, em, eng, ẽ* en e gehoor word van die artikel, al na die bepaalde posisie soos in I tot IV behandel, voorkom, maar gewoonlik is dit hier *he*. Natuurlik sal hierdie laaste uitspraak in die een streek meer voorkom as in die ander, maar dat dit in hierdie posisie gewoon is, kan nie ontken word nie. In die voorbeelde onder (b) word *he* gewoonlik nie gehoor nie, dog een of meer van die ander vyf uitsprake. Ons vind dus die uitspraak *he* wanneer die onbepaalde artikel 'n sekere mate van nadruk het en dit is die geval as hy eerste in die sin staan, d.w.s. na 'n pouse staan; daar hoef natuurlik nie noodwendig 'n punt vooraf te gaan nie. By al die ander uitsprake is die lidwoord baie swak beklem, so swak as wat dit feitlik in 'n taal die geval kan wees. Dat *he* die gevolg is van 'n sekere mate van nadruk blyk ook uit die volgende. Wanneer die woordjie *al* meer as gewone nadruk het, klink hy dikwels soos *hal* en word deur minder geletterdes ook dikwels so geskrywe: dis *hal* laat; intussen het die baas *hal* 'n paar maal sy stem laat hoor. Om dieselfde rede is dit gewoon om 'n *h* te laat hoor tussen twee lettergrepe waarvan die eerste op 'n klinker eindig, die tweede op 'n klinker begint, wanneer ons naamlik die tweede, swakbeklemde om die een of onder rede met meer as gewone nadruk uitspreek: *o-he* (oë), *la-he* (lae), *vy-he* (vye), ens. Meerdere nadruk is ook die rede waarom heelwat Afrikaners woorde soos *spesiaal, ideaal, provinsiaal* uitspreek *spesi-haal, ide-haal, provinsi-haal.* As ons hier praat van 'n *h,* dan bedoel ons natuurlik een wat baie duidelik is, want iemand sou mak-

lik kan opmerk dat by bv. *dis 'n mens* hy tog ook iets hoor soos *„dis he mens."* Dis waar, daar's miskien meestal iets van 'n *h,* maar by uitsprake negeer ons klein dingetjies soos hierdie laaste.[1])

VI: e.

Die leser sal opgemerk het dat ons by *en, em, eng* en ẽ (afdelings I—IV) gesê het dat hierdie uitsprake in daardie posisies kàn gehoor word, nie dat dit die enigste is nie. Waarheid is dan ook dat die uitspraak e gehoor word orals waar die ander uitsprake geld, selfs die van *he.* Die uitspraak e is verreweg die gewoonste van die onbepaalde artikel en as net een uitspraak moes gekies word wat vir alle posisies pas, of min of meer pas, moet dit stellig e wees. Om dié rede is dit glad nie vreemd dat sommige persone reeds jare gelede voorgestel het dat ons die onbepaalde artikel deur e moes voorstel in ons gewone spelling nie.

Om die onbepaalde artikel altoos *en* te wil uitspreek, sou baie onnatuurlik, baie geforseerd en hinderlik wees. Nie alleen is *en* nie die enigste uitspraak nie, maar hy's glad nie eers die gewoonste nie, soos duidelik blyk uit die voorgaande. Die verbreide mening dat *en* die gewone uitspraak van die artikel is, is die gevolg van die skrifbeeld: dis 'n letteruitspraak. Ons sien hieruit dat die uitspraak nie altoos na die spelling geplooi mag word nie: 'n taal bestaan in geen geval uit letters nie, maar prakties gesproke, mag ons wel sê dat dit uit klanke bestaan. Veral die onderwyser (en hier dink ons in die eerste plaas aan die juffrou, wat die kinders leer lees) mag nie sommer sê: dis só gespelle en daarom moet dit só uitgespreek word nie. Laat ons tog waak teen *letteruitspraak,* waarmee hier bedoel word 'n uitspraak volgens die spelling, maar in stryd met wat gehoor word uit die mond van beskaaf- en natuurliksprekende sprekers van die betrokke taal. Dis nie net foutiewe uitsprake wat „goggas" is nie; ook hierdie letteruitspraak is 'n gevaarlike en uiters hinderlike, want onnatuurlike „gogga." En laat die onderwysers tog nie sommer die een of ander uitspraak voorskrywe, opdring aan hulle leerlinge voor hulle nie eers goed waargeneem het wat in die lewende taal gehoor word

[1]) Vgl. *Afr. Fon.* §§ 524-26 en 814; *Ons Tyd.* I, No. 5, bl. 10-11.

nie. Elkeen wat hom daarop toelê en metodies te werk gaan, kan waarneem hoe uitgespreek word; maar goed te onthou, dan moet vir ons doel hier gelet word op die uitspraak van persone wat beskaaf en natuurlik praat, nie gemaak nie!

Om saam te vat:– daar's 6 uitsprake van die onbepaalde artikel in Afrikaans en hulle hou verband met die aanvangsklank van die volgende woord, met die hoofklem en ook met die posisie van die onbepaalde lidwoord in die sin. Verder:–

(a) *en* word gehoor voor dentale en klinkers;

(b) *em* word gehoor voor bilabiale;

(c) *eng* word gehoor voor sagtegehemeltekonsonante;

(d) ẽ word gehoor by (a) en (b), maar veral voor frikatiewe;

(e) *he* word gehoor na 'n pouse mits die volgende lettergreep die hoofklem het;

(f) *„e" is verreweg die gewoonste, die algemeenste uitspraak van die onbepaalde artikel en word in al die vorige posisies gehoor.*

Dis 'n subtiele saak om te sê hoe woorde van 'n taal uitgespreek word, ook die van jou eie taal. Die ingewyde weet dat jy nie sommer kan vertel dat nèt dit of dat gesê word nie, of dat beskaafde mense net sus of so spreek nie. So kan by oordeelkundige waarnemers die omvang van die gebied van die verskillende uitsprake van die onbepaalde artikel in sekere mate verskil, maar ek hou my daarvan oortuig dat hierdie uiteensetting die algemene toestand weergee. Wat in geen geval moet gedoen word nie is om die kinders te leer dat *'n* dwarsdeur as *en* uitgespreek word! Dan word die taal geweld aangedoen. Wie dwarsdeur *en* uitspreek, praat bewus (d.w.s. onnatuurlik), of is verknoeid, of stel hom aan en niemand wil toe graag aan een van hierdie drie skuldig wees nie.

III. DOKTRINÊRE TAAL EN ENIGE FOUTIEWE EN MINDERGEWENSTE TAALWENDINGE EN -VORME.[1])

In plaas van „doktrinêre taal" sou ons ook kan gesê het „doktrinêre grammatika," want daar kom dit prakties op neer. Met *doktrinêre grammatika* dan word bedoel een waarby die al of nie korrekte van 'n sinswending of vorm beoordeel word nie volgens die algemene, lewende taalgebruik nie, maar volgens abstrakte, logiese oorweginge. Hierdie standpunt van taalbeoordeling vind ons in verskillende Europese lande in die loop van die jare, maar dit word veral aangetref in Frankryk in die agtiende eeu.[2]) Dit was 'n kind van die Franse Akademie, wat o.a. om daardie rede glad nie dié invloed besit wat anders van sodanige liggaam behoort uit te gaan nie. In daardie taal is hierdie grammatikale beskouing bekend, of beter berug, onder die naam „grammaire raisonnée." Hierdie uitdrukking kan ons weergee met „beredeneerde grammatika," maar daar moet dan bygevoeg word dat die vertaling nie laat uitkom daardie onaangename bysmaak wat die twee Franse woorde in die loop van die jare gekry het nie.

Hierdie opvatting van grammatika vereenselwig taal met logika: wat nie logies is nie is daarom inkorrek. Dit mag egter volstrek nie deur dik en dun gedoen word nie, want hoewel dit vir die oningewyde vreemd sal klink, is dit nietemin 'n onomstootlike feit dat taal dikwels uiters onlogies is. Dit kom daar nie op aan of die taal sogenaamd beskaaf of onbeskaaf is nie, waarheid is dat elke taal, ook die beste en mees gekultiveerde, baie voorbeelde van onlogiese taalgebruike oplewer. Engels *you* was in Ouengels net 'n datief of 'n akkusatief, geen nominatief nie; Eng. *like* was in daardie dae net 'n onpersoonlike werkwoord, soos nog Afr. *dit lyk,* Ndl. *'t lijkt,*

[1]) In korter vorm het hierdie artikel in eerste instansie verskyn as twee aparte bydraes in *Ons Tyd.* II, bl. 40-43 en 128-130.

[2]) Vgl. *N. Taalg.* 26, bl. 297 volg.

maar daaroor bekommer 'n Engelsman van vandag hom glad nie. En tog was die oueres onder ons so begaan daaroor dat Afr. *ons* as nominatief sou gebruik word. Hulle wou *wy* hê en daar was nogal heelwat van die „wy-mense." Die woordjie *wat* word in verskillende betekenisse gebruik (=toe, dat, gedurende, waarvoor, ens) wat, van objektief logiese standpunt beskou, heeltemal inkorrek is, bv.: die dingetjies *wat* (=waar) ander oor lag (v. d. Heever, Langs die Grootpad); dit is juis dit *wat* (=waar) ek van praat (Malherbe, Hans die Skipper); op daardie oomblik van die dag *wat* (=waarop, wanneer) die jong predikant elke dag nuwe krag ontvang vir die werk (Jurg Vaber, Moderne Jongmense); dit is die geluk *wat* (=waar) hy soms nog soos in 'n droom na gryp (Malherbe, Saul die Worstelheld); L. trek sy rekker uit sy sak, sit 'n stukkie ronde lood, *wat* (=waar) hy so jammer voor is, in die vel, en .... (K. v.d. Heever, Vlugtige Skaduwees); die tyd *wat* (=toe) ons daar aangekom het; die drie weke *wat* (=waarin, gedurende welke) ons gejag het; dis om die rede *wat* (=dat) sy vanoggend al weer vroeg-vroeg gehurk sit voor die hoktralies (Sophie Roux, Wrede Grense), ens.[1]). Die tweede *nie* staan in Afrikaans dikwels waar dit, logies geredeneer, nie behoort te wees nie, vgl.: En geen inwoner sal sê: Ek is siek *nie* (Jes. 33, 24); maar die Here het vir my gesê: moenie sê: ek is jonk *nie* (Jer. 1, 7); die priesters het nie gesê: waar is die Here *nie* (Jer. 2, 8). Ons *douvoordag* is op sigself heeltemal verkeerd en moet eintlik wees *voor dou en dag,* soos Ndl. *voor dauw en dag. Van nul en gener waarde* is foutief en behoort te lui *nul en van gener waarde* (waar *gener* 'n ou datief vroulik is, vgl. sewentiende-eeuse Ndl. *nul en van geender waarde*), soos nog

[1]) Hierdie gebruik van *wat* in allerlei funksies en betekenisse herinner sterk aan die van die Ouengelse onveranderlike partikel *the,* wat eweneens in allerlei funksies en betekenisse diens doen. Baie voorbeelde by Bosworth-Toller, *Anglo-Saxon Dictionary.* Ook die gebruik van Duits *wo* herinner aan die van ons *wat.* Vgl. sinne soos die volgende: so du mich sehen wirst, wenn ich von dir genommen werde, so wird's ja sein; *wo* nicht, so wird's nicht sein (2 Kon. 2, 10); in diesem Jahre, *wo* nicht noch vorher (Lessing); nach mehreren Jahren sah ich ihn wieder, *wo* er grösser ... geworden war (Göthe); Jetzt ist eine schwere Zeit,—*Wo* auch das Weib sich in den Panzer steckt (Schiller). Voorbeelde ontleen aan Weigand-Hirt, *Deutsches Wörtb.,* waar die skrywers as volg voortgaan: „Diese Verwendung hat weiter um sich gegriffen, u. südwestd. wird *wo* ganz als Relativum verwendet als Ersatz für alle Kasus." Is die gebruik van ons *wat* miskien beinvloed deur die van Duits *wo*?

deur 'n enkele Nederlandse skoôlvos gebruik. Ons kan baie meer voorbeelde aanhaal en uit verskillende tale, maar genoeg.

Gaan ons nou hierdie algemene, geykte gebruike vermy? Natuurlik nie. Ons herhaal dat tale, ook die beste, dikwels uiters onlogies is, maar daar moet verskil gemaak word tussen teorie en praktyk; tussen wat die logika en die geskiedenis vereis, en wat die beskaafde taalgebruik neerlê. Ons mag nie sonder meer abstrakte, logiese redenasies op taal toepas nie, die taalgebruik daarna plooi nie. Dan verkrag ons die taaleie.

Doktrinêre grammatika het nog nie uitgesterwe by die Franse Akademie nie, soos ons kan sien in een van die laaste dele van Brunot se bekende werk: Histoire de la langue française[2]) (Geskiedenis van die Franse taal), maar ook onder ons is hierdie standpunt ongelukkig glad nie onbekend nie, veral in die laaste jare. Gemeen word dat dit 'n gesonde kultuurstrewe is wat ons taal suiwer en opbou, maar as dit te ver gaan, het dit net die teenoorgestelde uitwerking. Dis te begryp dat in 'n jong kultuurtaal, soos Afrikaans, logika 'n groot rol speel. Daar's nog nie 'n lang skryftradisie soos in die geval van ou tale nie en nou bestaan daar telkens die neiging om die taal te keur volgens logiese redenasies. Opgepas moet egter word dat met hierdie strewe nie te ver gegaan word nie.

Uit die aard van die saak hou ons, alle dinge gelyk synde, rekening met logika en die Nederlandse taalgebruik; aanknoping, waar moontlik, by Nederlands lê voor die hand en versterk ons saak. So het *mr.*, *mrs.* en *miss* taamlik algemeen plek gemaak vir *mnr.* (*meneer*), *mev.* (*mevrou*) en *juf.* (*juffrou*), hoewel van die oueres onder ons, die skrywer hiervan ingesluit, gedink het dat dit nie sou gebeur nie; *lighuis* (van Eng. *lighthouse*) is hard besig om verdring te word deur *vuurtoring* (uit Ndl. *vuurtoren*), wat die begrip tog baie mooier weergee; die vreemde *lorrie* word met sukses beveg deur die ten dele eg Germaanse en volkome verstaanbare *vragmotor*. Dis baie gewoon onder ons om *order* nie alleen in die betekenis van „bevel" te gebruik nie, maar ook in die van „volgorde," maar nietemin behoort ons in die laaste geval *orde* te gebruik. Waarom? Om verskillende redes: nie almal gebruik *order* in altwee

[2]) Vgl. *N. Taalg.* 26, bl. 297 volg.

betekenisse nie; die skeiding in twee vorme bring duidelikheid en ons sluit sodoende aan by Nederlands. Ook is daar baie wat praat van sy „gesig *skinder* hom," maar ons verwerp dit vir die korrekte „sy gesig *skend* hom." Ons kan selfs so ver gaan om die baie algemene en beskaafde *more* te vervang deur *môre*, omdat die laaste net so gewoon of gewoner as die eerste is en nader staan by Nederlands. 'n Taal word gekweek soos 'n boom. Wie sy vrugtebome snoei en versorg, sal baie beter vrugte kry as die wat hulle sowat aan hulleself oorlaat en dit sou volstrek nie kan gesê word dat die eerste metode die natuur van die boom in die weg staan nie. Net so by 'n taal: hy behoort versorg, gekweek en gebou te word, wat volstrek nie wil sê dat daardeur die natuur van die betrokke taal geweld aangedoen word nie.

Dit alles is goed, maar waarom algemeen Afrikaanse vorme soos *stadshuis, verjaarsdag, eers* vervang deur die Nederlandse *stadhuis, verjaardag* en *eens*? Ons praat algemeen van *afgevalde blare* en *gevoude hande*, en waarom moet dit nou word *afgevalle blare* en *gevoue hande*, net omdat die betrokke werkwoorde in Nederlands sterk is? Waarom *nuuskierig* vervang deur *nuusgierig*? In gevalle soos hierdie kan die Afrikaanse dogter selfstandig haar eie weg bewandel en bestaan daar nie die minste afdoende rede waarom sy die Nederlandse moeder sou volg nie. Doen ons dit, dan smoor ons die individualiteit van ons taal; ons verkrag die Afrikaanse taaleie. Ons kan dit doen as ons wil, want ons (onderwysers, dosente, uitsaaiers, editeurs, skrywers, openbare sprekers soos predikante en ander) het grotendeels die mag, maar dit is dan geen leiding wat ons gee nie; dis taaldespotisme. Daar is blykbaar 'n taamlik verbreide mening onder ons dat 'n taalpolitiek soos hierdie 'n gesonde kultuurstrewe is, maar dit is hoegenaamd nie die geval nie. Dis 'n verkragting van die taaleie, niks anders nie. Alle dinge gelyk synde, moet ons aansluit by Nederlands, maar ons mag volstrek nie 'n algemeen Afrikaanse gebruik verwerp net omdat dit in die moedervorm Nederlands anders lui nie.

En dis wonderlik: baie van die wat onnodig die Nederlandse vorm gebruik, maak aan die ander kant beswaar teen vorme soos *tegel, owerigens, daagliks.* Hulle betoog dat 'n *g* uitgestoot word tussen 'n beklemde klinker en swakbeklemde

e (*hoër* van *hoog, laer* van *laag, leër* van *leeg*) en daarom moet dit wees *teël, origens, daeliks.* Die laaste vorme is volkome goed vir wie dit gebruik, maar daarom is die eerste nie af te keur nie. Jy mag nie deur dik en dun redeneer, die mv. van *dag* is *dae* en derhalwe net *daeliks* nie. Dit beteken sisteemdwang en ons het bo gesien dat jy nie sonder meer abstrak logiese redenasies op 'n taal kan toepas nie. In 'n taal kry jy verskillende taallae, ouere en jongere, wat soms vir goed naas mekaar bly voortbestaan. Daarom is daar niks in te bring teen *tegel, owerigens* en *daagliks* nie, vorme wat iemand miskien eerste langs 'n Nederlandse kanaal gekry het, en mag hulle nie gekondemneer word ten gunste van die met uitgestote *g* nie. Laat aan die taal hier sy vryheid; as sommige vorme in die gebruik uitsak, is dit iets anders.

Ek vra eendag aan 'n student of hy nou werklik sê *Jan-nu-a-rie, Fe-bru-a-rie* en nie *Jan-ne-wa-rie, Fe-ber-wa-rie* nie. Sy antwoord was dat hy altoos die laaste uitsprake besit het, maar op skool het „meester" gesê dat dit verkeerd is en langsamerhand het hy dit toe afgeleer. Hierdie onnatuurlike letteruitspraak by hierdie twee name van maande wen ongelukkig die laaste jare baie veld onder die jonger geslag en die redenasie van baie is waarskynlik dat dit nader is by Nederlands. Dit is 'n dwaling. Die beskaafde Nederlandse uitspraak het ook 'n *w,* nl. *Jan-nu-warie, Fe-bru-wa-rie,* sodat die oorspronklike en tot nie lank gelede nie enigste Afrikaanse uitspraak baie nader staan aan die Nederlandse as die jonger letteruitspraak. Die „meester" en die „juffrou" moet tog oppas wat hulle doen! Dis hoog tyd dat ons 'n uitspraakwoordeboek van Afrikaans kry: nie om uitsprake te dekreteer, soos sommige miskien dink nie, maar om te vertel wat die gebruiklikste is onder oordeelkundiges. En laat ons insake uitspraak tog nie dadelik klaar staan met die „doodgooier" dat niemand sus of so uitspreek nie, altans niemand wat beskaaf en fatsoenlik praat nie. Hierdie doodgooiers kom in alle beskaafde lande voor, maar waarskynlik meer in ons land met ons jong taaltradisie, waar nog lank nie voldoende besef word langs watter weë uitsprake erkenning behoort te kry nie. Dis die moeite werd om hier aan te haal die treffende woorde van Zwaardemaker en Eijkman, oorlede professore van die Utrechtse Uni-

versiteit. Hulle druk hulle as volg uit: „Wij stellen ons tot taak, den student de middelen aan de hand te doen om te leeren opmerken, hoe hij zelf en zijn landgenooten hun moedertaal spreken. Hij zal daarbij ervaren, hoe voorzichtig men moet zijn met de uitspraak van een ander af te keuren; hoe gevaarlijk het is te beweren, dat , iedereen zoo spreekt,' of dat , geen beschaafd mensch zoo uitspreekt'; hij zal leeren inzien, dat het niet aangaat, op gezag van een zoogenaamd correct of zorgvuldig spreker te verklaren, dat een bepaalde uitspraak verkeerd of juist is; hij zal leeren begrijpen, dat een afwijking in het uitspreken van een klank of woord *niet altyd onbeschaafd behoeft te zijn.*"[1])

Wat moet nou ons maatstaf wees insake taal? Ons moet 'n sekere mate van vastigheid besit; die onderwyser, die hoof van 'n kantoor, die uitgewer moet 'n sekere mate van vastigheid hê, om volkome begryplike redes. Dit is so, maar laat daar geen doktrinêrisme wees nie en geen verbanning van 'n bepaalde wending of vorm as daar meer as een in algemene gebruik is nie. Ons mag nie 'n algemene, beskaafde gebruik in ons taal afkeur bloot op logiese gronde, of omdat dit in Nederlands anders is nie. Taal en logika mag nie sonder meer met mekaar vereenselwig word nie. Ons norm is dan die taalgebruik van die meerderheid onder oordeelkundige sprekers. Wie hierdie oordeelkundige sprekers is, is duidelik. Ons dink hier volstrek nie net aan taalmense nie, selfs nie in die eerste plek nie, maar ons gaan daarvoor ook nie na die agterbuurtes nie. Ons vra ook nie wat die meeste sê nie, maar wat die gewoonste is by die oordeelkundige sprekers. Ook moet ons natuurlik rekening hou met verskillende spraakgebiede: wat bv. in die westelike gedeelte van die Kaapprovinsie gebruiklik of beskaaf is, hoef dit nie noodwendig in sekere dele van die binneland te wees nie en omgekeerd.

Ter aanvulling van ons standpunt insake korrekte en verkeerde taalgebruik wil ons hier die algemene gedeelte (voor ons oorgaan tot die behandeling van spesifieke gevalle) afsluit met die volgende aanhaling. 'n Mens kan by verskillende van die grootste taalmense van die wêreld uitsprake vind soos hierdie een, maar die woorde van die ab Galiani is so kernagtig

[1]) *Leerboek der Phonetiek*, bl. 3-4. Kursivering van ons.

en so juis dat hulle nooit sal veroûder nie, hoewel hy dit reeds in die jaar 1724 uitgespreek het. Hy sê dit: „Alle eeue en alle lande besit hulle lewende taal en almal is ewe mooi."[1]) Die woord „mooi" kan hier weergegee word deur „goed, korrek."

Ons sal nou agtereenvolgens behandel 'n aantal sprekende voorbeelde van: a) doktrinêre taal, b) enige foutiewe en mindergewenste taalwendinge en -vorme. Die skeiding tussen die twee moenie al te streng getrek word nie: soms loop hulle deurmekaar.

A: Doktrinêre Taal.

1. Werd.

Sommige hou daarvan om *werd* te gebruik as imperfektum i.p.v. *is*, soos in Nederlands: al die tyd wat ek daar vertoef het, *werd* ek nooit om enige inligting gevra nie. Geredeneer word dat dit 'n knellende armlikheid in ons taal sou wees as *werd* nie gebruik word nie, maar *is* sowel vir imperfektum as perfektum. Party weer sê dat hulle daarom *werd* gebruik omdat daardeur die steurende anglisisme *was* teëgewerk word: al die tyd wat ek daar vertoef het, *was* ek nooit om enige inligting gevra nie. Maar is dit nou waarlik nodig om hierdie onnatuurlike middel te gebruik om die anglisisme *was* te weer? As aan die leerling gesê word dat in so'n geval *is* gebruik word wanneer dit 'n werking aanduie, *was* wanneer dit 'n toestand geld, sal daar dan nog moeilikheid wees?: al die tyd wat ek daar gebly het, *is* ek nie een keer uitgeneem nie, naas: al die tyd wat ek daar gebly het, *was* ek nie een slag siek nie. En is dit nou waarlik so'n gebrek dat *is* moet dien beide by perfektum en imperfektum?: ek *is* vanmôre gevra om 'n toespraak te hou, naas: al die tyd wat ek daar was, *is* ek nooit gevra om 'n toespraak te hou nie. Stellig nie. En laat ons versigtig wees met die vermeende gevalle van taal-

[1]) „Tous les siècles et tous les pays ont leur langue vivante et toutes sont egalement bonnes." Aangehaal deur De Vooys in *N. Taalg.* 22, bl. 13, noot.

armoede: wat objektief beskou as armoede geld, hoef nie noodwendig as sulks in die lewende taal ondervind te word nie.

Die gebruik van *werd* is 'n baie steurende onnatuurlikheid en een wat, ten spyte van alle poginge, nooit ingang sal vind in ons taal nie. So het Nederlandse puriste van die sewentiende eeu (Hooft en ander) die doktrinêrisme ingevoer dat *hun* datief is, *hen* akkusatief, maar ten spyte van al die jare het hierdie teoretiese onderskeiding nog nie in die lewende taal deurgedring nie. Die beskaafsprekende Hollander gebruik *hun* (naas *ze*) beide as akkusatief en datief: ik heb *hun* niet gezien; dat is niet van *hun;* ik heb 't *hun* gegeven.[1]) Die oueres onder ons het hierdie denkbeeldige onderskeiding maar getrou gesluk in die Nederlandse lesuur, maar kom jy in Nederland, dan glimlag die Hollander oor daardie deftige „*hen.*"

2. **Sig.**

Op papier word die refleksief *sig* nogal ontmoet. Dis net soo onnodig as *werd,* nee nog onnodiger, en sal ewemin ingang vind. Ons gebruik die persoonlike voornaamwoord as refleksief: hy verbeel *hom;* sy stel *haar* aan; hulle matig *hulle* aan. Dit was die enigste gebruik in Middelnederlands (die oudste Nederlands wat ons het) en is nog gewoon in beskaafde Nieunederlands by persone wat natuurlik praat: hij deed *'em* pijn: zij deed (*d*)*'er* pijn; ze heeft *'rzelf* in 't ongeluk gestort; ze willen 't liever voor *hun* (zich) houden. *Zich* het opgekom deur die Statevertaling van die Bybel en is 'n ontlening aan Du. *sich.* Uit die lewende taal het hy die pers. vnw. egter nog nie verdring nie, klink selfs styf, boekagtig.[2])

Sig is op sy plek in verbinding met *self,* maar dan net in wat ons kan noem vasstaande uitdrukkinge, uitdrukkinge wat ons sak en pak uit Nederlands oorgeneem het: *op sigself* beskou; dis 'n krag *in sigself.* Hier klink die pers. vnw. gefor-

[1]) Vgl. N. Van Wijk, *De Nederlandsche Taal*[2], §§ 16 en 76; Schönfeld, *Historiese Grammatika van het Nederlands*[3], §96.
[1]) Vgl. *Mnl. Gram.*, § 188 en Schönfeld, *Hist. Gram. v. h. Ndl.*, § 96.

seerd, want onnatuurlik, bv. in: weet hulle nie dat dit 'n krag *in homself* is— so magtig en vry dat selfs sy daar geen beheer oor kon uitoefen nie (Bruwer, Bodemvas)?

3. **Met dien verstande.**

Hierdie uitdrukking het ons uit Nederlands, waar dit 'n gewone wending is van die alledaagse taal. Die buigings-*n*, wat anders verlore gegaan het in Nieunederlands, is hier bewaar in verbinding met die ou datief *verstande* en daarom behoort ons dit ook te laat uitkom en nie „met *die* verstande" te besig nie. Ons het tog ook by ander doodgewone uitdrukkinge spore oor van ou vorme, bv. in *ter harte neem, ten allen tyde.*

4. **Letteruitspraak.**

Hoërop het ons reeds gewys op die steurende en volkome ongemotiveerde letteruitspraak *Jan-nu-a-rie, Fe-bru-a-rie.* Daar's baie ander voorbeelde, maar ons wil hier net wys op die gewoonte by sommige (al weer veral die juffrou in die laer skool) om die *d* te laat hoor in woorde soos *onder, sonder, wonder,* wat in die natuurlike taal lui *onner, sonner, wonner.* By buigingsvorme is dit goed om die *d* te laat hoor in die verbinding *nd,* bv. by *hand—hande, tand—tande,* maar nie by vorme buite die fleksie[1]) soos die genoemde nie. Ons laat tog nie die *d* hoor van *nd* by *donderweer, hoender* en *eenders* nie.

Moenie sê nie: maar die *d* staan mos daar. In die gewone spelling van elke taal is daar baie letters wat nie uitgespreek word nie, of 'n ander klank het as wat jy sou verwag: die *d* van *hand* word as *t* uitgespreek; die *g* van *ding* word glad nie gehoor nie; ons skrywe *per-de,* maar sê *pê-re.*

---

[1]) Met „buite die fleksie" word nie bedoel dat sodanige woord hoegenaamd geen fleksies (buigingsvorme) aanneem, bv. geen meervoud nie, maar net dat die betrokke klank by verbuiging onveranderd bly. So is die *d* van *meid* 'n klank „binne die fleksie," want in die enkelvoud word dit as *t* uitgespreek, maar in die meervoud (*meide*) as *d;* die *d* van *mode* daarenteë staan „buite die fleksie" omdat dit onveranderd bly in die mv. *modes.* Vgl. *Afr. Fon.* bl. 93, noot 5.

5. **Modale hulpwerkwoorde.**

Dis 'n bekende eigenaardigheid van ouer Nederlands (bv. van Middelnederlands en Sewentiende-eeus), soos trouens ook van ander Germaanse tale in 'n ouer stadium, dat sommige van die modale hulpwerkwoorde nie altoos in hulle letterlike betekenis gebruik word nie, maar die een dikwels die plek inneem van die ander. Hierdie eigenaardigheid is nog 'n tipiese kenmerk van Afrikaans, veral by *moet* = mag, ook by *kan* = mag. In die volgende tekste vereis die Afrikaanse taaleie stellig *moet*, nie *mag* nie: ek het juis dit aan julle geskrywe, dat ek nie by my koms droefheid *mag* hê . . . . nie (II Kor. 2, 3); want uit grote verdrukking en benoudheid van hart het ek aan julle geskrywe . . . ., nie dat julle bedroef *mag* word nie (ald., vs. 4); en as medewerkers vermaan ons ook dat julle die genade van God nie tevergeefs *mag* ontvang nie (ald., 6, vs. 1); ons lê nie die minste hindernis in die weg nie, sodat die bediening nie beklad *mag* word nie (ald. vs. 3); sodat niemand *mag* verontrus word onder hierdie verdrukkinge nie (I Thes. 3, 3); ook in: hoe sal dit . . . . wees as die hart van die Koning *mag* verkoel (Malherbe, Saul de Worstelheld). In die volgende gevalle vereis ons taaleie *kan*: nie dat julle bedroef mag word nie, maar dat julle *mag* weet (II Kor. 2, 4); hy sal hom die vertroue van 'n vors waardig toon, dat die Koning *mag* sien die opregtheid van sy hart (Malherbe, ald.). Tereg lees ons *kan* in II Thes. 1, 12: sodat die naam van onse Here Jesus Christus in julle verheerlik *kan* word.

Daarenteë is *mag* op sy plek, altans goed te verdedig, in gevalle soos die volgende: verder . . . . vermaan ons julle . . . . dat julle . . . . nog meer oorvloedig *mag* wees (I Thes. 3, 3); daarom bid ons ook altyd vir julle dat onse God julle die roeping *mag* waardig ag (II Thes. 1, 11).

In die laaste twee gevalle kan natuurlik ook *moet* staan en dit is wat in ons spreektaal waarskynlik sal gebeur, maar in die eerste gevalle is *mag* teen die taaleie. Die verskil is nie so maklik onder woorde te bring nie en ons moet oppas vir abstrak logiese redenasies, wat ons juis in sekere mate beveg. Ons kan miskien dit sê: in die laaste gevalle is dit meer 'n moontlikheid; in die eerste meer bloot 'n saak van die toekoms. Hoe

dit ook sy, ons het met die taaleie rekening te hou en ons mag nie objektief redeneer as volg nie: dis 'n kwessie van moontlikheid, van wat miskien die geval kan wees, en daarom word *mag* vereis, nie *moet* of *kan* nie.

6. Eers=selfs.

Die laaste tyd word op papier byna stelselmatig *eers*= „selfs" vervang deur *eens*: hy weet nie *eers* dat hy deur die eksamen is nie; 'n mens mag nie *eers* 'n grappie maak nie. Objektief geredeneer, moet dit *eens* wees, want *eers* kan nie klankwettig teruggaan op Ndl. *ereis* nie (meestal verswak tot *eris, eres*). Dan sou ons *ers* verwag, met swakbetoonde e, wat in Nederlands voorkom.[1]) Ons *eers* moet dus teruggaan op Ndl. *eerst* en deur verwarring ook die betekenis van Ndl. *eens* aangeneem het, soos ek t.a.p. probeer aantoon het.[2]) Dog wat ook al die historiese toedrag van sake mag wees, in die lewende, beskaafde taal word in hierdie geval algemeen *eers* gebruik en daarom is daar niks teen die betekenis in te bring nie.

Die literatuur bied hope voorbeelde van *eers* aan; ons gee enkele: hy hoor nou nie *eers* meer . . . . nie; my hond het nie *eers* geblaf nie; ek het nie *eers* 'n goeie wa nie; ek het nie *eers* geweet dat daar iets anders as vriendskap tussen julle bestaan nie (almal uit Odendaal, Die Môreskof, en daar's baie meer); van Memphis self bly nie *eers* meer die naam oor nie (Haarhoff, Briewe aan Reinhard).

---

[1]) Had meheer het dan niet *ers* een taidjie kunnen proberen? Laat Japie em dan . . . de koeken maar *ers* recht laten snaien (Cor Bruyn, *Rinke Luit*).

[2]) My opvatting omtrent die ontstaan van hierdie betekenis het ek gegee in *Ons Tyd*. IV, bl. 86-87. Sedert daardie tyd het ek gewonder of die gebruik van Duits *erst* nie miskien ook van invloed kan gewees het nie. Volgens Heyne, *Deutsches Wörterb.*, Paul, *Deutsches Wörterb.* en Grimm, *Deutsches Wörterb.* word die bywoord *erst* eweneens in allerlei betekenisse gebruik. Presies ons betekenis word daar nie gegee nie, maar in die volgende sin (nie daar vermeld nie) lyk dit tog presies ons gebruik te wees: „dass nicht die Sprache an sich einen Horror vor dem Gleichklang hegt, braucht nicht *erst* durch den Hinweis auf nebeneinander bestehendes deutsches *arm* und *Arm* bewiesen zu werden (Gamilschegg, *Die Sprachgeographie*, bl. 34). Afr. *eers*=„selfs" kom net in ontkennende verband voor (vgl. *t.a.p.*) en ook hierdie negatiewe verband is aanwesig in die Duitse sin.

B : Enige foutiewe en mindergewenste taalwendinge en -vorme.

Eers 'n woordjie vooraf, om my te vrywaar teen doktrinêrisme, wat ek hier juis beveg. Die grens tussen wat korrek of inkorrek, wat aan te beveel of af te keur is, sal soms natuurlik vlottend wees. Waar ons in wat volg iets afkeur of as foutief bestempel, sal ons egter altoos rekening hou met die volgende faktore: ons sal let op die erkende taalgebruik van die oordeelkundige meerderheid; ons sal nagaan of iets bloot 'n slordigheid is, of van buite af ingedring het, sonder tot die eintlike taal te behoort. Ons sal soms steun soek by die Nederlandse taalgebruik en die logiese gedagtegang, en met gebruikmaking van daardie steun partykeer 'n Afrikaanse wending wat moontlik deur die minderheid gebruik word, as die beste bestempel en gevolglik aanbeveel. Nooit sal ons egter bloot op historiese of logiese gronde iets bepleit wat nie werklik in die lewende taal bestaan nie.

1. Bysin met die volgorde van 'n hoofsin.

'n Baie gewone stylfout is om in 'n bysin die volgorde van 'n hoofsin te gebruik: daar dit 'n opregte Karo-somerdag is, en die son *steek buite* (i.p.v. *buite steek;* de Villiers, Sterker as die Noodlot); toe sê hy aan die gemeente dat die leraar *sal nou* die seën uitspreek (i.p.v. *nou die seën sal uitspreek,* Die Kerkbode, 7 Junie 1933); immers toe ons vammelewe in Rome die koningskap afgeskaf het, en ons voorste hoëpriester *het* . . . . een van die funksies van die konings *behou* (i.p.v. een van die funksies . . . *behou het;* Langenhoven, Skad. van Nasaret); julle weet dat oor twee dae die pasga kom, en die Seun van die mens *word oorgelewer* (i.p.v. *oorgelewer word*) om gekruisig te word (Mat. 26, 2); of dink jy dat Ek nie my Vader kan bid, en Hy *sal vir my meer* as twaalf legioene van engele beskikbaar stel nie (i.p.v. en *Hy vir my meer . . . . beskikbaar sal stel* nie; ald., 53)?

Hiertoe reken ons natuurlik nie 'n geval soos die volgende nie: vir die reisiger wat verslae en ingedagte staan en aankyk, is dit of die muur heeltemal oopskuiwe en *daar sien hy*

die innerlike betekenis van die klipwerk, die kerkhof van die konings (Pienaar, Skakels v. d. Ketting). Hier kan natuurlik gestaan het *en hy daar sien,* en dit sal gewoonlik die volgorde wees, maar die gebruikte opeenvolging (die van 'n hoofsin) bring meer aanskoulikheid en is volkome geregverdig.

Die foutiewe gebruik in die volgende twee voorbeelde is ook baie gewoon: hulle verklaar dat hoewel die walvis die grootste dier in die wêreld is, *is sy keelgat so klein* (i.p.v. *sy keelgat so klein is*) dat 'n klein vissie hom dikwels verwurg (Die Kerkbode, 3 Jan. 1934, bls. 13); Dr. V. het daar ook werklik in geslaag om 'n soort van voorlopige afspraak te bereik dat, as ons ons houte spoorwegdwarslêers uit Argentinië wou betrek, in plaas van uit Australië, *sou daar* 'n gereelde handel in steenkole tot stand gebring kan word (i.p.v. *daar 'n gereelde handel . . . . sou tot stand gebring kan word;* Ons Vaderland van 24.9.29); onthou net hoe lekker *lag* die ou duiwel vanaand as jy daar dans (i.p.v. *hoe lekker die ou duiwel vanaand lag,* K. v.d. Heever, Vlugtige Skaduwees). In hierdie twee gevalle is die gebruikte volgorde baie beter te begryp as in die vorige. As die betrokke gedeeltes hoofsinne is, is die volgorde (inversie) korrek, bv.: *hoewel die walvis die grootste dier in die wêreld is, is sy keelgat so klein,* ens. Uit hierdie tiep van sin sal dit op die ander oorgedra wees.

2. **Die anglisisme „was" i.p.v. „is."**

Daar's baie voorbeelde te vind van hierdie steurende fout; ons gee enige: nie lank na die vrede van Pretoria nie *was* in Nederland verder 'n vereniging opgerig vir bevordering van handelsbetrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika (F. Rompel, Die Huisgenoot, 11 Mei 1934, bl. 12); daar is gevallenes wat juis laer en laer gesink het omdat hulle verstoot *was* (Langenhoven, Skad. v. Nasaret); Ds. T. en sy familie het ons verlaat . . . . Daar *was* 'n afskeidsgeselligheid gegee (Die Kerkbode, 31 Julie 1929, bl. 173); in die 13de eeu *was* 'n wet uitgevaardig dat alle vervaardigers van sterk drank verban en verslaaf moes word (Het Zoeklicht, Maart 1929, bl. 72). Verder verwys ons vir hierdie stylfout, en hoe om hom maklik te vermy, na A, no. 1.

Natuurlik is *was* volkome korrek in die voltooid-verlede tyd, bv.: voor ek nog daar aangekom het om dit te verhoed, *was* die onmoontlike man reeds gevra om mee te doen.

3. **„Was" i.p.v. „is" ten gevolge van tydsattraksie.**

Voorbeelde: die skrywer . . . het uitgegee . . . in 1841 *De Nichten,* wat in prosa geskrywe *was* (C. M. v. d. Heever in Inleiding by *De Neven.* Dis tog nog in prosa!); omdat hulle (d.w.s. die onreine geeste) geweet het dat hy die Christus *was* (Luk. 4, 41). Die fout is maklik te verklaar: omdat die mededeling op 'n gebeurtenis uit die verlede slaan, is *was* gebruik, i.p.v. *is.*

4. **Konkreet vir abstrak.**

Voorbeelde: dat hy dit (nl. die boodskap) tog dadelik moes aanstuur *na* (i.p.v. *aan*) ds. Berg (Jurg Vaber, Moderne Jongmense); in Johannesburg aangekom, telegrafeer Timo dadelik *na* (i.p.v. *aan*) generaal *Boshoff* (ald.); hy het 'n besoek gebring *na* Kaapstad. As dit sigbare, konkrete voorwerpe gewees het, sou *na* op sy plek gewees het.

5. **„Moes" i.p.v. „moet."**

Voorbeelde: dit *moes* so pas na die oorlog daar droewig uitgesien het (Jurg Vaber, Moderne Jongmense); stel jou voor die gevoel wat in so'n mens *moes* gewees het (Bruwer, Bodemvas); dit lyk of hy eenmaal groot verdriet *moes* gehad het (Jonker, Bande); voel julle watter plesier die vyand *moes* gehad het om arme Itar so tot spot te maak? (Malherbe, Hart van Moab); dit *moes* die skrywer nogal taamlik gevlei het, want in die voorredes van die verskillende herdrukke merk ons 'n moeilik verbloemde gevoel van belangrikheid op (C. M. v. d. Heever, Inleiding by *De Neven*); wat *moes* die gewaarwordinge van sy ouers gewees het (Haarhoff, Briewe aan Reinhard); 'n mens kan selfs van die skip af die plek sien waar die bos *moes* afgebrand het (ald.). In al hierdie gevalle moes daar *moet* gestaan het; *moes* is op sy plek waar dit slaan op wat behoort

te gebeur het, maar tog nie plaasgevind het nie: hy *moes* (Eng. *ought*) my ontmoet het, maar het nie opgedaag nie.

Hierdie veelvoorkomende fout beskou ek as 'n anglisisme: Eng. *must*: dit *moes* 'n treurige affêre gewees het — it *must* have been a sad affair. Miskien het daartoe ook bygedra die onbewuste idee dat *moet* nie die begrip van wat verby is, sal uitdruk nie en dit dus *moes* moet wees. Die perfektum wat in die betrokke sin voorkom, laat die begrip van verledenheid egter volkome uitkom.[1])

6. „Bedank" i.p.v. „bedank vir."

Voorbeelde: A. het die pos *bedank;* Ds. B. het die beroep na die gemeente S. *bedank;* 'n koppie koffie sal hy egter nooit *bedank* nie (Odendaal, Die Môreskof). Waarom hierdie onafrikaanse, maar totaal onnodige en baie steurende wending die laaste jare gebruik word deur baie i.p.v. die geykte *bedank vir,* kan ek nie begryp nie. In die sin van „jou dank betuig" staan *bedank* alleen, sonder voorsetsel, maar in die van „jou diens opsê," „'n betrekking nie aanvaar nie" moet dit wees *bedank vir.*

7. „Waarde Heer" by offisiële briewe.

Dit is 'n anglisisme, in navolging van Eng. *Dear Sir.* Ons behoort ons hier te laat lei deur die Nederlandse taalgebruik en daar wek die verbinding *Waarde Heer* (versover dit nie ironies of sarkasties gebruik word nie) 'n steurende tëespraak, nl. dit dat *waarde* net gebruik word by min of meer vriendskaplike omgang, nie in gevalle waar die offisiële afstand in ag geneem word nie. Ons behoort hier eenvoudig te gebruik *Meneer.* Iemand kan miskien teëwerp dat *Meneer* darem so die idee wek van „baas", maar dit is meer skyn as werklikheid; dink aan Eng. *Sir.* Ook het *Meneer* die voordeel dat dit korter is. Ongelukkig het *Waarde Heer* diep deurgedring in

[1]) 'n Paar persone het my gevra of die vorm *moes* dan nou glad nie gebruik moet word in ons taal nie. Dit is natuurlik nie die geval nie. In die betekenis van „na hulle vertel" behoort die vorm *moet* te wees, maar in die sin van „nodig, noodsaaklik wees" is *moes* op sy plek as verlede tyd van *moet*: daar was niks aan te doen nie: hy *moes* die boete betaal.

ons taal, maar glad nie te diep om weer uitgeskakel te word nie. Wat het tot voor enige jare dieper deurgedring in Afrikaans as *mrs.* en *miss*? en vandag is dit by meer ontwikkeldes onder ons wat vir ons taal voel tog taamlik algemeen vervang deur *mev.* (*mevrou*) en *juf.* (*juffrou*), kyk bl. 36.

8. **Die al- of nie-noodsaaklike van 'n bepaalde „aanvullingswoord" (voorsetsel, artikel, besitlike voornaamwoord, hulpwerkwoord).**

Ons lees in Joh. 16, 27: omdat julle My liefgehad en geglo het dat Ek van God uitgegaan het. Geredelik sal toegestem word dat *het* hier tweekeer moes gestaan het: *liefgehad het* en geglo het. Waarom? Omdat die twee werkwoorde nie op een lyn staan nie: „liefgehad" regeer 'n direkte objek (My), terwyl „geglo" 'n sin as objek het. Daarenteë word net een *het* gebruik in sinne soos die volgende: omdat julle my *liefgehad en beskerm het* (altwee transitief); omdat julle *vermoed en gevrees het* dat (altwee met 'n sin as objek).

Vergelyk sinne soos die volgende: *die man en vrou* het die kamer verlaat; *sy vader en moeder* het reeds vertrek; *die voorvoegsel en agtervoegsel* word soms weggelaat (almal met net een *die*); teenoor: *die vader en die seun* het reeds aangekom; *die moeder en die dogter* is albei siek; *die selfstandige naamwoord en die werkwoord* word apart behandel (almal met twee *die's*). Ons voel dadelik dat daar in die eerste reeks 'n eenheid bestaan wat in die tweede ontbreek en derhalwe 'n tweede *die* noodsaaklik word. Dikwels sal die al- of nie- herhaal van wat ons hier, by gebrek aan 'n beter term, die „aanvullingswoord" noem, afhang van nadruk; soms sal dit 'n gevoelsaak wees; dan miskien weer een van smaak. In II Kron. 11, 21 staan: en Rehábeam het Maäga . . . liewer gehad as al *sy vroue en sy bywywe*. Is *sy* voor „bywywe" nou nodig of nie? Joh. 7, 34 staan: „Julle sal My soek en nie kry nie", wat letterlik herhaal word in vs. 36. In die Griekse teks staan die voornaamwoord ook net een keer. Of die Griekse taaleie nou toegelaat het dat die voornaamwoord net een keer uitgedruk word, dan wel of „nie kry nie" hier in algemene sin moet opgevat word, nl. gelyk aan „niks kry nie", kan ek nie beoor-

deel nie, maar die Afrikaanse taaleie laat dit nie toe nie. In ons taal moet die voornaamwoord hier twee keer uitgedruk word, of daar moet gelees word „niks kry nie."

Ons kan nie hier verder op die punt ingaan nie, maar stilisties is dit 'n saak van groot belang en dis opvallend watter steurende foute in hierdie verband dikwels gemaak word.

9. „Vat" i.p.v. „neem."

Vir die hedendaagse taalgevoel is dit nie altoos maklik of moontlik om verskil te maak in betekenis of gevoelswaarde tussen *neem* en *vat* nie, en word dit dan bloot 'n geval van taalgebruik. Ons het hier egter nie sodanige gevalle op die oog nie, maar enkel die waar *vat* duidelik misplaas is omdat daar geen sprake van „gryp" is nie, of omdat *vat* hinderlik is vir die gevoel, as synde minder fyn. So is *vat* op sy plek in die volgende: *tou vat; vlam vat; vuur vat; koers vat; spoor vat; koue vat; vat en loop; toe vat* hy sy hoed en loop dadelik die kamer uit. By sommige (miskien moet ons sê baie) is dit egter alles *vat*: hulle *vat 'n skeppie kos* aan tafel; hulle *vat nog 'n lepeltjie suiker;* hulle *vat 'n boek op en lees,* en baie meer.

10. Oortollige „geword."

Nie minder steurend nie is die oortollige gebruik van die verlede deelwoord *geword*: ek is *gevra geword;* hy is *versoek geword;* dis my *vertel geword;* sy is *genooi geword,* ens., ens. Ons kry dit ook by vername skrywers, bv.: daar was geen twyfel aan dat hy deur hulle *oorval* en *afgemaak geword* was nie (Sangiro, Op Safari).

In al hierdie gevalle dra *geword* volstrek niks tot die sin by nie, is daarenteë totaal oorbodig en hinderlik, en daarom sterk af te keur. Ons meen dat daardie oortollige *geword* meer voorkom in die westelike deel van die Kaapprovinsie as in die binnelande, altans as in Transvaal. In ouer Nederlands (bv. in die tyd van Bilderdyk) het dit baie voorgekom en dis by ons 'n oorblyfsel uit daardie tyd. Sommige van ons meen waarskynlik dat dit nogal deftig klink en krag bysit aan die sin, wat geen van beide die geval is nie. In goeie Nederlands van

vandag (geen stywe boeketaal nie) ontmoet jy dit nie. Ek herinner my nog goed hoe Nederlandse vriende my in die eerste tyd van my verblyf in Holland telkens en telkens versoek het om tog daardie oorbodige stertjie *geworden* te laat vaar.

11. **Die mv. „vorms" naas „vorme."**

Vir my taalgevoel is dit hinderlik as iemand in abstrakte, nie-konkrete sin, bv. na aanleiding van 'n taalvorm, die mv. *vorms* gebruik: die woord het twee *vorms*. Hier verkies ek die mv. op *e-*: *vorme*. In konkrete sin is die *s*-meervoud m.i. op sy plek: *koekvorms; vorms om in te vul* (soos wanneer iemand aansoek doen vir 'n betrekking). Die *s*-mv. is by hierdie woorde natuurlik in die rigting van die Afrikaanse taaleie, vgl. *arms, derms, skerms, storms, wurms,* ens., waar Nederlands dwarsdeur die mv. op *-en* gebruik, maar van *norm* en *term* is ons mv. tog ook *norme* en *terme*.

12. **Tot ('n) sekere mate.**

Dis nòg 'n steurende en baie voorkomende anglisisme, uit Eng. *to a certain extent*: die Italiaan behou nog *tot 'n sekere mate* die ou Romeinse talent vir organisasie (Haarhoff, Briewe aan Reinhard). „*Tot* is op sy plek hy „hoogte": *tot ('n) sekere hoogte,* maar „mate" vereis *in*: *in ('n) sekere mate*.

13. **Die hoofklem by „standaard."**

Baie Afrikaners plaas die hoofklem op die tweede lettergreep: *standáard,* maar by hierdie woord sou ek sonder twyfel die Nederlandse gebruik volg en die hoofklem op die eerste lettergreep laat val: *ståndaard.*[1]) Waarom dan hier die Nederlander volg? Omdat ons te doen het met 'n kultuurwoord, een wat nog nie deurgedring het tot alle lae van die volk nie. By woorde van vreemde oorsprong het jy verskillende taallae, ouere en jongere. By die ouer taallaag hou ons vas aan die Afrikaanse beklemtoning en uitspraak, en daarom spreek ons *protestant* en *telegram* uit *prot-tes-tant* en *tel-le-gram,* hoewel

[1]) Vgl. *Ons Tyd.* IV, bl. 85-86.

die Nederlander sê *proo-tes-tant, tee-le-gram.* Omdat *protestant* en *telegram* deurgedring het tot alle lae van ons volk, daarom is dit geen kultuurwoorde meer nie en volg ons die Afrikaanse uitspraak. By kultuurwoorde daarenteë, woorde van 'n later taallaag, behoort ons aan te sluit by die Nederlandse beklemtoning en uitspraak: daarom *katálogus, monopólie, nótule* en nie *katalógus, monopolie, notúle* nie; net so *tee-lee-pa-tie en tee-lee-vi-sie,* nie *tel-lie-patie* en *tel-lie-vi-sie* nie.

Ek het nog altoos die idee dat die plasing van die hoofklem by *standaard* op die tweede lettergreep sy oorsprong vind in 'n letteruitspraak. Dis die gevolg van die twee *a's.* As daar net een *a* gestaan het ('n spelling wat voorgestel is in die voorwoord by Afrikaanse Fonetiek), sou ons dié beklemtoning nie gehad het nie. As dit so is, sou iemand kan vra, waarom sê ons dan nie *gierigáard* en *luiáard* nie? Hiervoor kan 'n goeie rede gegee word. Die laaste twee is doodgewone woorde, wat ieder oomblik gebruik word; die eerste nie. Gewone Afrikaanse woorde soos *gierigaard* en *luiaard* het ons as 't ware deur die oor geleer, 'n vreemde woord soos *standaard* daarenteë deur die oog, d.w.s. op papier en so gou 'n woord enigsins vreemd is, is die publiek geneig om hom uit te spreek volgens die letter, die spelling. Daarom beklemtoon baie Afrikaners ook die tweede lettergreep in *Spanjáard* (met die *n* gelyk aan die van *been*), terwyl die Nederlander die hoofklem op die eerste lettergreep plaas: *Spánjaard* (met die *n* gelyk aan die van *beentjie*), wat vir ons die enigs korrekte behoort te wees.

IV. TAALOUDHEDE.[1])

Dis 'n verbreide opvatting onder minder ingewydes dat dialekte baie argaïsties is, m.a.w. allerlei klanke, vorme, woorde en betekenisse bewaar wat vroeër tot die algemene taal behoort het, maar reeds lank gelede deur ander vervang is. In sekere sin is dit juis dat ou bestanddele, om watter redes dan ook, in dialekte bly voortlewe terwyl dit uit die Algemeen-Beskaaf verdwyn het. Oor die algemeen is dit egter onjuis om aan dialekte te dink as behoudend en aan die standaardtaal as veranderlik. Dis eerder andersom. In ieder geval staan dit vas dat dialekte die Standaardtaal of, soos dit ook genoem word, die Algemeen-Beskaaf dikwels ver vooruit is. Die algemeen-beskaaf doen diens vir 'n baie ruimer gebied as die dialek: naas mondelinge uitingsmiddel is die eerste veral ook die skriftelike medium, terwyl dialekte gewoonlik net gepraat word, in ieder geval nie vir kultuurdoeleindes aangewend word nie. As 'n natuurlike konsekwensie hiervan moet die algemene landstaal behoudend van aard wees en kan die dialekte gouer verander. In hierdie artikel wil ons enige punte behandel waarby kennis van vroeër taaltoestande nodig is om hulle goed te verstaan. Ons gee hieraan die naam *taaloudhede*.[2]) Dit wil dus nie sê dat hierdie bestanddele noodwendig verouder het, of net in figuurlike sin voorkom nie; dit kan die geval wees, maar dis nie noodsaaklik nie. Ook kies ons ons voorbeelde sowel uit die volkstaal of streekspraak as uit die algemeen-beskaaf.

1. Aanstaande week „en" Vrydag.

Die oningewyde sien in hierdie *en* die voegwoord en neem bostaande uitdrukking dan op as te beteken: aanstaande

[1]) 'n Gedeelte van hierdie stof is eerste verwerk in *Ons Tyd*. IV, bl. 116-118.

[2]) Hierdie benaming ontleen ons aan Verdam, *Uit de Geschiedenis der Nederlandsche Taal*, bl. 279-280, maar ons gebruik dit in enigsins ander betekenis.

week *en dan* Vrydag. Dit is nie die oorsprong van die woordjie nie en ook nie sy betekenis nie.

Hierdie *en* is die swakbeklemde vorm van die voorsetsel *in*, eng. *in*. Hierdie gebruik bestaan nog in die Nieunederlandse spreektaal, voor dae van die week, maar die woordjie word dan meestal *een* geskrywe, deur verwarring met die onbepaalde lidwoord *een*, wat ewenwel 'n heel ander woord is. Dit duie dan aan „die vorige òf eersvolgende betrokke dag," soos uit die volgende voorbeelde duidelik blyk: *een* Dinsdag (=laaste Dinsdag) heb ik hem laatst gezien; kom *een* Maandag (=eersvolgende M.) bij me; tot *een* Zondag (=eerskomende S.)[1]) 'n Uitnodiging in Nederlands soos *kom een Maandag bij me*, hoef dus nie net te slaan op die een of ander Maandag nie, maar kan ook sien op die eersvolgende Maandag.

Veral in Middelnederlands was *en* gewoon in hierdie betekenis, insonderheid by tydsbepalinge: *en* sonnendaghe dair na (=op die eersvolgende S.); *en* goeden-Vridaghe (=op Goeie-Vrydag).[2])

'n Uitdrukking soos „aanstaande week *en* Vrydag" beteken dus: aanstaande week *op* Vrydag.

2. „Al" as selfstandige voornaamwoord.

Alles is eintlik 'n ou genitief; die oorspronklike nominatief en akkusatief was *al*, soos nog in Middelnederlands. Van hierdie laaste, oorspronklike vorm het ons etlike voorbeelde oor in Afrikaans: dis *al;* dis *al* wat ek weet; *oral* uit ndl. *over-al* (=oor alles, d.w.s. op alle plekke), waarnaas *orals*, met sogenaamd adverbiale *s*;[3]) *veral* uit ndl. *vooral* (=voor enigiets, d.w.s.: in die eerste plek, insonderheid); hy is met kar en *al* weggespoel; sy het met stoel en *al* omgeval; met haar fyner siel en *al* (Malherbe, Hart v. Moab). In die gebruik van *al* in die laaste drie sinne, wat baie gewoon is in ons taal, moenie 'n anglisisme gesien word nie. Dis ook Nederlands, vgl. o.a.: en hij zelf met melk en *al* onder den voet was geraakt (Mulder, Deining).

---

[1]) Vgl. *N.W.* III, 3, bl. 3808 aanm. en bl. 4111.
[2]) Vgl. *M.W.* onder *en*.
[3]) Vgl. *Mnl. Gram.*, §214.

Net soos *alles* eintlik *'n* ou genitief is, so ook *iets* en ndl. *niets,* waarvan die oorspronklike nominatief nog bewaar is in die spreekwoord: als *niet* komt tot *iet,* kent *iet* zichzelve niet. Dieselfde geld natuurlik ook van ons *niks,* Duits *nichts.*

3. „Al"=gedurig; telkens.

Hierdie betekenis is gewoon in Afrikaans. Dit behoort veral tot die spreektaal en besit iets intiems. Enige voorbeelde: in plaas van ernstig in die toekoms te kyk, is Saul *al* met die oomblik besig (Malherbe, Saul die Worstelheld); hy wil *al* vir my leer hoe om met geld te werk; sy wil *al* weet wat ek môre gaan doen; die kind sit *al* te stoot aan die tafel.

Volgens die N.W.[1]) kom dit nog voor in die gemeensame Nederlandse spreektaal en wek dit dikwels die bygedagte van iets onaangenaams.[2]) Ook in Afrikaans is dit 'n kenmerkende eienskap van die gevoelswaarde van hierdie gebruik van die woord dat dit dikwels, miskien moet ons sê meestal, die bygedagte wek van 'n enigsins onaangename, 'n hinderlike handeling. Vergelyk maar die voorbeelde wat pas gegee is. Hierdie bygedagte is egter nie aanwesig waar die subjek onpersoonlik is nie: dis *al* vir my of ek iemand hoor klop; dit voel *al* vir my of die sweer oopgegaan het. Verder is dit kenmerkend van hierdie gebruik dat die woord sowel in Nederlands as in Afrikaans altoos 'n verhoogde intonasie en sterk klem ontvang.

Soos o.a. uit die N.W. blyk, is hierdie gebruik van die woord in Nederlands nie so gewoon as in Afrikaans nie. Reeds in Middelnederlands tref ons dit aan. Die M.W. gee nie die betekenis nie, maar wel die Handwoordenboek. Twee mooi voorbeelde is te vind in die bloemlesing agter in Franck se grammatika[3]): nochtan laghe daer te min aen (*sou dit nie so erg wees nie*), wouden si hemselven (*hulleself*) alleen verdoemen; mer neen, si willen *al* ghesellen hebben; die duvel is een meester van medicinen, want hi wil den luden *al* leren, hoe si

---

[1]) II, 1, bl. 72.

[2]) Sonder hierdie bygedagte vind ons dit in Vondel se Gijsbrecht van Amstel, vs. 1210: In zo veel rampen hiel (=hield) hij *al* dezelve moed.

[3]) Franck, *Mittelniederländische Grammatik,* bl. 267 en 268, in die uittreksel uit *Des Conincs Somme.*

hoer lijf in ghesonden (*hulle liggaam in 'n gesonde toestand*) houden sullen.

Die ontstaan van hierdie betekenis van die woord is interessant. Die N.W. (II, 1, bl. 70, 6 en 72, 7) verklaar dit so. Uit die oorspronklike betekenis van *al* (wat bloot die akkusatief is van die vnw. *al,* tans *alles,* kyk no. 2 bo) „geheel" (wat in die ouer taal gewoon is), het in verband met tydsbegrippe twee betekenisse ontstaan:–

a) Die van „reeds". „Hier geeft *al* de voorstelling, dat een zeker feit op het oogenblik waarop men spreekt, of waarop de spreker zich in gedachten verplaatst, *geheel is* geschied, dat het op dat oogenblik gebeurd, aanwezig, gereed of klaar is." (b) Die van „voortdurend, gedurig." Wanneer 'n mens aan die duur van 'n handeling of werking dink, gee *al* „de voorstelling van eene geheele, doorloopende voortduring, van een langen, of althans betrekkelijk langen duur. Zoo kreeg het geleidelijk de beteekenis van *voortdurend, aanhoudend,* of wel, met kleine wijziging, van gedurig, telkens, naarmate men òf aan eene geheel onafgebroken voorstelling dacht, of aan de telkens wederkeerende herhaling van hetzelfde geval, met korte tusschenpoozen."

4. 'n „Dam" gooi.

In die streek waar ek vandaan kom (Oorheksrivier, Worcester) is dit algemeen dat by waterlei nie gepraat word van „'n *wal gooi*" nie, maar van „'n *dam* gooi." Hier het ons die ou betekenis van die woord *dam,* nl. die van „wal, waterkering" en dit is die enigste betekenis in Nederlands. Hierdie betekenis het ons ook nog in die afleiding *opdam.* Owerigens beteken *dam* in Afrikaans „'n hoeveelheid water deur 'n wal ingesluit," in Nederlands-daarenteë beteken dit die wal self. Daarom is die opmerking skertsenderwyse weleens gemaak dat die Afrikaner *in* die dam swem, maar die Hollander net maar *langs* die dam kan swem.

Ons vind die woord ook in die name van die twee stede *Amsterdam* en *Rotterdam*: *dam* beteken hier „dyk" en *Amster-, Rotter-* duie aan die name van twee riviere.

5. **Iemand die „das" omsit.**

In my kinderdae was dit 'n bekende uitdrukking in die deel van die Worcester-distrik waar ek vandaan kom. Of dit nog bestaan, weet ek nie. Dit beteken: onder hande neem, maar nie met erns nie; dus: karnuffel.

Vir my gevoel het dit altoos ingesluit die idee van iemand plagenderwyse wurg en gewoonlik het die handeling dan ook ingesluit dat jy probeer om, by wyse van 'n grap, die betrokke persoon se keel toe te druk. Stellig moet in hierdie uitdrukking gesien word die idee van die toetrek van 'n das of iets dergeliks om iemand se nek.

Ek het altoos gemeen dat dit 'n jong uitdrukking was, d.w.s. op Afrikaanse bodem ontstaan, en van baie beperkte gebruiksomvang. Tog vind ek in Bartje van Anne de Vries, bl. 242: „dat stotteren van Arie, waar die tot nu toe alleen zelf de last van heeft gehad, dat *doet* hem (d.i. sy broer Bartje) dan *de das om,*" waar die uitdrukking moet beteken; bring hom in verleentheid, maak hom verward. 'n Mens kan nie anders dink as dat dit dieselfde uitdrukking is nie. Die roman Bartje speel onder boerearbeiders in die buurt van Assen (noordooste van Nederland) en die taal is deurgaans in mindere of meerdere mate dialekties gekleurd. In my Nederlandse bronne vind ek geen spoor van hierdie uitdrukking nie.

6. **Hooghollands.**

Hierdie term het vrywel verdwyn uit die lewende taal, maar vroeër is die taal van die Hollander, altans in die westelike deel van die Kaapprovinsie, algemeen aangeduie as *Hooghollands*. Dis natuurlik bekend dat die term nie 'n geografiese begrip is soos bv. *Hoogduits* (Duits van die hoërgeleë gedeeltes), *Nederduits* (Duits van die laergeleë gedeeltes) of *Nederlands* nie (die taal van die Nederlande, d.w.s. van die laergeleë lande). „Hooghollands" is hier 'n waarderingsbegrip ter aanduiding van die deftiger taal van die Hollander, in teëstelling met die nog nie as taal erkende spraak van die Afrikaner.

In die N.W. (VI, bl. 883) word van *Hooghollandsch* net gesê: „in Z.-Afrika het Nederlandsch tegenover het Afri-

kaansch." Dit gee te kenne dat die term in Nederlands onbekend is en op Afrikaanse bodem ontstaan het. Miskien het die benaming in ons land meer uitbreiding gekry, maar hy het in Nederland ontstaan. In Bartje (kyk die vorige nommer) word meermale die Nederlands van wie nie dialek praat nie (bv. die juffrou op skool), of van wie sogenaamd te deftig is om dialek te praat (bv. Lammechien, die volwasse suster van Bartje, wat haar allerlei houdings veroorloof en probeer om Nederlands te praat, al kan sy dit nie behoorlik doen nie) aangeduie as Hooghollands. So heet dit van die skooljuffrou op bl. 74: „De juffrou is lank en slank en zij is deftig; zij praat ook zoo gek, zoo *hoog-hollands* als Lammechien, wanneer die haar mevrouw nabootst" en op bl. 83: „zij spreekt *hoog-hollands.*" Soms is die onderskeiding „Hollands" of „deftig-Hollands" voldoende, bv. op bl. 285 word van Lammechien gesê, na die dood van haar moeder: „Lammechien loopt drie dagen met rood-behuilde ogen door huis. Bij al haar ellende wil zij toch nog weer de juffrouw wezen; zij praat *Hollands,* zij doet alsof zij haar moerstaal vergeten is." Hierdie gebruik van die term „Hollands" word begryplik as ons let op die volgende aanhaling uit die N.W. (VI, bl. 881, aanm.): „Bij de bewoners van Groningen en Friesland heet nagenoeg het geheele overige Noord-Nederland *Holland.*"

Wat die gebruiksomvang van die term „Hooghollands" vandag is en vroeër was in Nederland, is my nie bekend nie, maar dis duidelik dat die gebruik nie op Afrikaanse bodem ontstaan het nie. Soos bo gesê, het dit miskien meer verbreidheid aan die Kaap verwerf. Ver van die moederland en van haar beskawende taalinvloed, met 'n klein amptenaarselement teenoor 'n baie groter en veelal ruwe burgerlike, met wie die eerste dikwels op gespanne voet verkeer en op wie hy stellig in baie opsigte neergesien het, sodanige toestande kan 'n vrugbare bodem opgelewer het vir die term „Hooghollands" ter aanduiding van die meer beskaafde Nederlands.

7. Iemand in die „hok" spit.

In my kinderdae was dit in Oorheksrivier, distrik Worcester, die uitdrukking wanneer by spit (veral by wingerdspit)

'n persoon aan albei kante verby gespit word. Malherbe[1]) sê dat *bak* in hierdie verband die gebruiklike woord is (vir my is dit net *hok*), maar dat sommige *hok* gebruik. In altwee gevalle wil hy die gebruik van sowel *bak* as *hok* verklaar as 'n spontane Afrikaanse produk: die stukkie grond waarop die persoon staan wat aan beide kante verby gespit is, wek mos die idee van 'n bak of hok.

Ek dink dat hierdie twee Afrikaanse uitdrukkings ontstaan het onder bygedagte aan *bak* en *hok* in die betekenis van „tronk, ruimte waar 'n gevangene opgesluit word." Hierdie betekenis van die twee woorde is bekend in die Nederlandse volkstaal.[2]) Ek vermoed dat beide woorde veral op skepe sal bestaan of bestaan het en dis bekend dat die Nederlandse seemanstaal van invloed gewees het op Afrikaans. In die Fregatschip Johanna Maria van Art. van Schendel lees ons op bl. 63: „de kapitein liet hem in het *hok* sluiten".

8. **„Hot"=regs.**

Hot beteken in Afrikaans „links" en haar „regs": die *hot* perd (=linkerperd) is steeks, maar op die *haar* perd (=regterperd) kan jy reken; aan die *hot* kant is 'n gat, maar aan die *haar* kant is die pad goed. Dis geen algemene terme in Nederlands nie, maar waar dit gebruik word, is die betekenis net andersom: „het paard moest *haar* (d.i. links) gaan en het ging *hot*".[3]) Vir Nederlands word dit net as bywoord vermeld, terwyl dit by ons sowel byvoeglike naamwoord as bywoord is.

Hot in die betekenis „regs" lewe in Afrikaans nog as term by ploeë, altans so was dit algemeen in my kinderdae op die plase in Oorheksrivier, distrik Worcester. As die ploeg aan die end van die voor kom, het die drywer altoos net geskree „kom"! en dan word die span natuurlik linksom gebring. Wanneer hy egter in sekere gevalle skree *hot-om*!, dan was dit vanselfsprekend dat die trekdiere regsom gebring moes word. So vanselfsprekend was hierdie betekenis dat ek meermale gesien het dat as 'n onbedrewe touleier (gewoonlik nie 'n vol-

[1]) *Afrikaanse Spreekwoorde* onder „bak."
[2]) Vgl. *N.W.* en ook *Van Dale* s.v.
[3]) By Koenen-Endepols, *Woordenboek der Ndl. Taal* onder *haar*. Vgl. ook *N.W.* V, bl. 1437 onder *haar* IX.

wassene nie) dit nog nie weet nie of op die oomblik daar nie aan dink nie, 'n haastige drywer hom sommer onder die voorslag steek en hom die betekenis sodoende vir goed bybring.

9. „Hou" jou mond.

Heowel die N.W.[1]) en ook Stoett[2]) nie seker omtrent die punt is nie, kan m.i. die betekenis van hierdie uitdrukking die beste met Verdam[3]) verklaar word deur aan die woord *hou* hier die betekenis „behoed, bewaak" toe te ken. *Hou jou mond* moet dan oorspronklik beteken het: bewaak jou mond, d.w.s. hou jou mond in toom. Hierdie betekenis van *hou* was gewoon in Ougermaans, soos o.a. uit die woordeboeke duidelik blyk.

10. Ja-nee.

Iedereen van ons ken hierdie tipiese verbinding in ons taal van die in betekenis presies teenoorgestelde, dus mekaar uitsluitende twee woordjies in die betekenis van : dis waar, dit is so, dit moet toegegee word, stellig: *ja-nee,* ek kan nie sê dat ek nie eerder kon gekom het nie; *ja-nee,* 'n goeie spreker kan 'n mens hom darem nie noem nie; *„ja-nee,* oom Frans is reg," sê 'n derde, maar 'n Boesman is darem maar 'n Boesman. Steel hy nie vandag nie, dan steel hy môre (Eybers, Lotgevalle van H. Dominik); *Ja nee,* neef Hans, ek het al lankal laat staan om die Engelse te probeer verstaan (de Villiers, Die Wit Kraai); *ja nee,* dan moet jy die kans nie laat verbygaan nie (Odendaal, Die Môreskof); *ja nee,* ons gaan trek so seker as wat ons nou waterkerse maak (ald.). *Ja nee,* die twee oues moet saamgaan. Pa kry hulle seker net jammer. Daarom wil hy hê hulle moet bly (ald.).

Vertel word dat hierdie gebruik die Hollander-onderwyser van die ou Transvaalse Republiek so lelik kon vererg. As 'n kind iets gevra word en hy begint met *„Ja-nee,* Meneer," dan meen „Meneer" dadelik dat met hom die gek geskeer word, want hoe kan 'n antwoord nou sowel „ja" as „nee" be-

---

[1])D1. VI, bl. 1139.
[2]) *Nederlandsche Spreekwoorden.* no. 1538.
[3]) *M.W.* III, bl. 623-24.

vat. Die meeste van ons sal dan ook meen dat hierdie gebruik beslis op Afrikaanse bodem ontstaan het. Dit is egter nie die geval nie.

Die N.W.[1]) gee verskillende voorbeelde van hierdie gebruik. Die betekenis wat daar aan die verbinding geheg word, is nie dieselfde as die by ons nie. Daar staan: „*Ja, neen* wordt gebezigd als een verzachte tegenwerping of wanneer men iets slechts ten deele, of onder voorbehoud kan toestemmen." Daar word drie voorbeelde gegee. Uit die derde voorbeeld blyk duidelik die tweede betekenis van die N.W. Hier is die voorbeeld: „Ik hoop, dat je hem voor altijd je drempel hebt ontzeid"—„Ja . . . neen . . . dat is te zeggen, hij is het nu die weg wil" (K.Z. (Klaasje Zevenster) v. V. Lennep). Vir die twee ander voorbeelde geld blykbaar die eerste betekenis van die N.W., want die tweede pas nie daar nie. M.i. sou ons Afrikaanse betekenis, soos bo gegee, daar ewenwel veel beter pas as die van die weinigseggende „verzachte tegenwerping" van die N. W. Ons gee die twee voorbeelde en die leser oordeel self: De Heer N.N. merkte hierbij op: *„ja, neen" .. „ja, neen"* zeide hij, „de weg . . zal zoo niet wezen, of wij zullen er wel overheen komen."—*Ja, neen,* als wij terug keeren, zullen wij ook een nat pak hebben (altwee voorbeelde uit Geel). Ek is nie in die geleentheid om die verband by Geel te kontroleer nie, maar uit die twee genoemde voorbeelde te oordeel, pas ons betekenis hier uitstekend.

Vir die volgende voorbeeld by Van Randwijk, Burgers in Nood, pas ons betekenis in ieder geval uitstekend. Verdoorn kry in die kantoor van sy baas kennis van sy ontslag en is so verslae dat hy nie kan praat nie. Dan word van hom gesê: Alleen weet hij (d.i. Verdoorn) dat hij meer dan tien maal de versleten ruggen van de boeken op de schrijftafel telde: „Een, twee, drie . . . zes, zeven . . . ja zeven . . . *Ja, nee* . . . twee, vier, zeven." Tot die vorm klop volkome met die van ons. Ook op die tweede voorbeeld pas ons Afrikaanse betekenis, hoewel miskien ietsie minder goed as op die eerste. Iemand vra aan Verdoorn wanneer sy vrou, wat in die hospitaal is en nog niks van sy ontslag weet nie, tuis kom en hy antwoord

[1]) D1. VII, bl. 8-9.

onthuts: „Heil? (*naam v. sy vrou*) . . . Heil? . . . Dinsdag . . . Dan is de duif weer in 't nest, *ja, ja . . . nee.*"

Wat die verbreidheid van hierdie verbinding in die hedendaagse Nederlandse volkstaal is, is my nie bekend nie. Uit die N.W.t.a.p. sou 'n mens opmaak dat dit nie juis baie verbreid is nie. Ons uitdrukking is egter nie op Afrikaanse bodem ontstaan nie, maar uit Nederland oorgebring, hoewel dit goed moontlik is dat die betekenis hier gedeeltelike wysiging ondergaan het.

Tenslotte wil ons opmerk dat die klemtoon en tempo van die verbinding in Nederlands blykbaar bietjie anders is as in Afrikaans. By ons vorm die verbinding feitlik twee lettergrepe van een woord, met die hoofklem op „nee," dus *ja-née*. In Nederlands daarenteë het albei woorde gewoonlik blykbaar gelyke klem en loop die twee nie so in mekaar soos by ons nie, is die tempo m.a.w. nie so snel nie. Of dit egter ook die geval is in die voorbeelde by Van Randwijk kan betwyfel word.

11. Die gebruik van die persoonlike voornaamwoord as versterking van „ja" en „nee".

Baie gewoon is dit in ouer Nederlands, veral in Middelnederlands, dat by vraag- en bevestigingsinne die bywoorde „ja" en „neen" versterk word deur 'n onmiddellik volgende persoonlike voornaamwoord, wat dan in getal en geslag ooreenstem met die onderwerp van die betrokke sin. Die geheel is dan gewoonlik te vertaal met „ja seker, seer seker, stellig" of met „glad nie, volstrek nie." Vergelyk o.a.: Gheloofdi, dat ic u siende moghe maken? *Jawi* (seer seker) Here.—Sidi iet langhe verbannen? *Jaic,* hets drie jaer.—Soutstuse al hier weder soeken? Te waren *ja dit* (stellig)—Es die coninc doot? *Jai* (i is die verswakte vorm van *hi*).—Es hier gheen Gods prophete? *„Jaet'* (seer seker; *et* verswak uit *het*). sprac Achab.[1])

Vir ons in Suid-Afrika is hierdie gebruik veral bekend uit die antwoord wat predikante gee by hulle bevestiging: *„ja ik,* van ganser harte." waarby, omdat die konstruksie nie meer begryp word nie (geld dit ook vir Nederland?), die „ik" egter

[1]) Vgl. Stoett. *Mnl. Spraakkunst.* § 36 en T. en J. le Roux, *Mnl. Grammatika.* § 281, 4. opm.

altoos verkeerdelik by die volgende woorde getrek word i.p.v. by die „ja," sodat die geheel uitgespreek word (met 'n pouse na „ja" i.p.v. na „ik"): *ja, ik* van ganser harte. Die gebruik lewe ook nog in die Nederlandse spreektaal: wel *ja ik;* wel *neen ik.*

Dit was vir my 'n groot verrassing om 'n voorbeeld van hierdie gebruik te vind by Kootjie van den Heever, Vlugtige Skaduwees, bl. 45. Garing, 'n verwaarloosde bywoner-tipe, laat hom as volg uit teenoor sy vrou: „Ek gaan vir ons 'n ou-ooi haal, vrou. Ek en jy en die kinders, ons almal vergaan van die honger . . . (*driftig en opgewonde . . .*) *Ja'k* (=so waar), ek gaan haar haal. My arme kinders se oë sit al agter in die kop soos 'n maer bees s'n."

Dis die enigste voorbeeld uit die boek en die enigste aan my bekend in ons taal, maar ons mag stellig aanneem dat dit meer voorkom in Afrikaans want die S. sal die gebruik tog nie kunsmatig invoer nie.

12. Aan (die) „kant" maak.

Hierdie uitdrukking beteken oorspronklik: aan een kant (sy) bring, m.a.w.: in orde maak. In ouer Nederlands word die *een* nog gebruik.[1])

13. „Kant" en wal.

Dit word gesê van strome wat vol is. Ons het hier dieselfde selfstandige naamwoord as in die vorige nommer en die betekenisontwikkeling sal wel gedink moet word soos deur Malherbe aangegee. Hy sê: „waarskynlik ontstaan uit: tot aan die kant en wal vol."[2]) Die N.W. vermeld die uitdrukking nie, maar Malherbe gee 'n voorbeeld uit agtiende-eeuse Nederlands: „want 's morgens was de revier weer *en kant en wal vol.*"[3]) Die eerste *en* sal hier nie die voegwoord wees nie, maar die voorsetsel, met die betekenis: in, aan. Die bewuste voorsetsel het ons behandel in no. 1. Ons verklaring word bevestig

[1]) Vgl. *N.W.* VII, bl. 1330-1331 en ook Malherbe, *Spreekwoorde* onder *kant.*

[2]) *Spreekwoorde* s.v.

[3]) *Ald.* Uit die reisbeskrywing deur Hendrik Jacob Wikar (1779), uitgegee deur die Linschoten-Vereniging. XII, 81.

deur die volgende voorbeeld uit Westerbaen: „'k Heb menighmael gesien, wanneer sy (de sneeuw) was verstooven, En door de wind van 't veld *in* kant en wal geschooven, Dat"...[1])

14. „Kant" en klaar.

Vir ons gevoel is *kant* hier 'n byvoeglike naamwoord en vir die Hollander ook. Hierdie byvoeglike gebruik van „kant" in die sin van „gereed, na behore," ens., kom reeds voor in ouer Nederlands en ook in ander naburige Germaanse tale, en het ontwikkel uit die selfstandige naamwoord. Miskien was die oorspronklike betekenis van „kant" in hierdie geval: van kante voorsien, m.a.w.: na behore, gereed. Of ons nou die begrip „van kante voorsien" moet opvat as „nog van kante voorsien, oorspronklike betekenis van „kant" in hierdie geval: van kante voorsien deur dit te skawe," soos Franck-Van Wyk[3]) skyn te meen, is 'n ander saak en ook wel bysaak.

Dieselfde woord as bywoord vind ons in Bartje van Anne De Vries: „het dier lijkt wel *kant* (=beslis, kompleet) gek" (van 'n voël gesê wat van haar nes met eiers opvlie)[4]).

15. „Volk"=gekleurde manlike arbeiders.

Algemeen is in die westelike gedeelte van die Kaapprovinsie die gebruik van *volk* in die sin van „gekleurde, manlike plaasarbeiders": roep die *volk* om te kom eet; die *volk* se kos moet land-toe gestuur word; hy hou nooit meer as drie *volk* aan nie; die oestyd is op hande en die *volk* is skaars. Dit kan ook gebruik word vir „alle gekleurdes op die plaas", bv.: vanaand sal die *volk* weer baie raas, 'n betekenis wat ons ook vind in die samestelling *volkshuisies*: huisies deur kleurlinge bewoon op die plaas. Gewoonlik egter duie dit net „gekleurde manlike plaasarbeiders" aan.

Kultuurhistories het ons hier 'n interessante betekenisbeperking. Reeds in Nederlands word *volk* gebruik in die sin van „arbeiders" (gewoonlik „plaasarbeiders"?), bv.: dat zeggen de

[1]) *N.W.* VII, bl. 1315.
[2]) D1. VII, bl. 1350 en 1353, d.
[3]) *Etymologisch Woordenboek* onder *kant* III.
[4]) Vgl. ook *N.W.* VII. bl. 1354.

boerèn alleen maar om meer en goedkoper *volk* te kunnen krijgen (G. Mulder, Deining); T. ging naar binnen voor z'n middagslaap. 't *Volk* was aan 't werk (ald.). Die gebruik kom herhaaldelik voor in hierdie roman. Omdat plaaswerk vroeër uitsluitend deur gekleurdes gedoen is — vandag verander dit gelukkig—, is dit maklik te begryp dat die betekenis van die woord by ons vereng is tot „gekleurde, manlike plaasarbeiders."

16. **„Vrek'=erg.**

In gemeensame Afrikaans is gewoon die sin: hy is *vrek* suinig. Hierdie gebruik sal vanself verbind word met vrek= doodgaan (van diere gesê), sodat die sin dan verklaar word as te beteken: so suinig dat hy kan doodgaan. Dis moontlik dat dit die ontwikkeling is, maar ek glo tog eerder dat dit anders is. Ons *vrek* is die samegetrokke vorm van *verrek,* wat ons net besit in die sin van „verstuit, ontwrig." Hierdie laaste betekenis is natuurlik algemeen in Nederlands, maar daarnaas is die woord gewoon in die Nederlandse volkstaal in die sin van „doodgaan." Eweneens gewoon in die Nederlandse volkstaal is die bywoord wat hiervan gevorm is, nl. *verrekt*=erg: dat is *verrekt* gemeen van hem; dat vind ik *verrekt* vervelend; 't is vandaag *verrekt* warm. Hierdie laaste gebruik, maar dan in die samegetrokke vorm en met weglating van die *-t* op die end (in ooreenstemming met die bou van ons taal[1]), het ons m.i. in die sinnetjie bo: hy is *vrek* suinig. 'n Bevestiging van my opvatting vind ek in die volgende sin, wat opgeteken is uit die mond van 'n beskaaf-sprekende boer van die distrik Swellendam: die water is *vrek* koud.

17. **„Wat" met 'n partitiewe genitief.**

Toe ek jare gelede aan een van ons boere in Suidwes-Afrika vra hoe lank gelede hulle uit Transvaal weggetrek het—hy het behoort tot die trek van die sewentiger jare—, draai hy hom na sy vrou toe met die vraag: „Vrou, *wat* jaar het ons vertrek?" Meer as een sal in die gebruik van „wat" hier dadelik

[1]) *Afr. Fon.,* §376.

'n anglisisme sien: *what year*? Hierdie konstruksie kom meer voor in ons taal, maar is nie aan Engels ontleen nie. „Jaar" word nie deur „wat" bepaal nie, maar is hier 'n oorblyfsel van 'n ou partitiewe genitief meervoud en hang af van „wat," oorspronklik gelyk aan: wat van jare? In ouer Nederlands was die konstruksie gewoon en in die oudste vorm is die genitief meervoud nog herkenbaar, bv. in die volgende Middelnederlandse sin: *wat wondere* eist dat ic wene (wat vir vreemds is daar aan dat ek huil)? Hierdie selfde gebruik het ons ook in die bekende reëls uit Gesang 81, vs. 5: *„Wat* aardse *vader* zou, voor brood, Zijn kinderen stenen geven?"[1])

18. **Wenakker.**

As 'n stuk grond omgeploeë is, dan is die uiteindes van die vore bo en onder dikwels nie behoorlik getrek nie deurdat die trekdiere te gou moes draai. In so'n geval word dan die uiteindes aan weerskante geploeë reghoekig met die vorige vore. Hierdie gedeeltes word 'n *wenakker* genoem.

Ek vra een slag aan 'n boer hoe hy hom die ontstaan van die woord *wenakker* voorstel. Sy antwoord was dat hy daarin sien die begrip van 'n akker wat by die ander, die hoofgedeelte, gewen word. Dit sou ons kan noem volksetimologie, want die woord het niks te doen met ons „wen" nie. Die aanneemlikste is om in *wen-* in hierdie afleiding *wenakker* te sien die stam van die Nederlandse werkwoord *wenden* = draai, soos Mansvelt dit reeds verklaar het waar hy sê: *„wenakker,* 't uiteinde van een stuk land, waar de ploeg *omgewend wordt.*"[2]) Naas *wenden* kom in Nederlands ook voor *wennen.*[3]) Dis ook moontlik dat in *wen-* gesien moet word 'n selfstandige naamwoord, vgl. Ndl. *wende* = draai,[4]) maar sowel wat die vorm as

---

[1]) Kyk *Mnl. Gram.* §195, opm. 6.

[2]) *Kaapsch-Hollandsch Idioticon.* Boshoff, *Volk en Taal,* bl. 270, noem die woord onder erfgoed uit Saksiese dialekte, maar sê verder niks nie .

[3]) Vgl. Boekenoogen, *Zaansche Volkstaal,* onder *wenden*: *„wen* 'et roer."

[4]) Gallée, *Woordenb. v/h Geldersch-Overijselsch Dialect,* gee *wende* = keer, draai in een weg. Marin, *Nederduitsch en Fransch Woorden-Boek* gee onder *wenden* die uitdrukking: het is de *wend* tegen de keer, met die Franse vertaling: c'est écorcher l'anguille par la queue (d.i. iets by die verkeerde kant aanpak).

die begrip betref, is dit aanneemliker om by die werkwoord aan te knoop.[1])

Sover het ons net oor betekenisse en vorme gehandel; ons wil afsluit met 'n paar klanke te behandel.

1. **Die svarabhakti-vokaal in Afrikaans.**

Dis 'n tipiese kenmerk van die beskaafde Nederlandse spreektaal, insonderheid in die provinsie Holland, dat tussen *l* en *r* en 'n volgende konsonant die swakbeklemde e ingevoeg word. Hierdie klankverskynsel staan bekend onder die naam *svarabhakti-vokaal*, 'n term ontleen aan die Sanskrit-grammatika.[2]) Woorde soos *elf, melk, welk; erf, kerk, merk, werk; dorp, korf*, ens., word dan uitgespreek: *elleƒ, mellek, wellek; erreƒ, kerrek, merrek, werrek; dorrep, korreƒ*.

In my kinderdae het ek 'n man van leeftyd in die distrik Worcester geken wat as hy tel, uitgespreek het *elleƒ*, nie *elf* nie. Twee van my studente uit die distrik Burgersdorp deel my mee dat *mellek* vir *melk* daar taamlik baie gehoor word. Die verbreidheid van hierdie verskynsel in Afrikaans het ek nog nie kon ondersoek nie, maar dit kom meer voor: my is meegedeel dat 'n bejaarde persoon uit die distrik Rouxville altoos die vorm *mellek* gebruik het en dat 'n bejaarde dame uit die distrik Pietpotgietersrust dit nog doen.

2. **„Ie" i.p.v. „y" en „uu" i.p.v. „ui".**

Ons diftong *y* was in ouer Nederlands 'n monoftong, met die klankwaarde van *ie*, maar meestal *ii* gespelle in geslote en *i* in oop lettergrepe; net so was ons diftong *ui* in ouer Nederlands eweneens 'n monoftong (min of meer met die klankwaarde van ons *uu* in *nuus*).[3]) Woorde soos *tyd, wyd; huis* en *muis* lui dan ook in Middelnederlands respektieflik *tiit, wiit; huus* en *muus*.

---

[1]) Bomhoff, *Woordenb. d. Ndl. Taal*, gee: een' *akker wenden*, met die verklaring: in sommige streken zoodanig spitten, dat de onderste aarde boven komt. Hier het ons dus ook die begrip van „omdraai", hoewel dit 'n ander idee is as wat ons aanneem by *wenakker*.

[2])Kyk *Mnl. Gram.*, §63 volg.

[3]) Kyk *Mnl. Gram.*, §§83 en 85.

Van die oorspronklike uitspraak van *y* het ons nog 'n hele paar oorblyfsels in Afrikaans: *miet* of *mied, olienhout, stiebeul(s), stieg*riem, *tier,* Van *Nie*kerk, waarvan die beskaafde Nederlandse ekwiwalente vandag is *mijt, olijvenhout, stijgbeugel, -riem* en *tijger.* Of die familienaam wat met ons *Van Niekerk* ooreenkom nog in Nederland bestaan, is my nie bekend nie, maar die dorpie *Nijkerk* is bekend.

Van die oorspronklike monoftongiese uitspraak van *ui* besit ons *duusman* en *duusvolk* (ook *dies-* uitgespreek), wat veral in die weste van die Kaapprovinsie onder gekleurdes gebruik word as benaming vir respektieflik „'n witman" en die „witmense." *Duus-* is 'n wisselvorm van *Duits* en beteken hier „Hollands," net soos o.a. in die benaming „Neder*duits* Gereformeerde Kerk." *Dies-* is die ontronde vorm van *duus-*. Dieselfde twee studente van netnou deel my mee dat *uut* vir *uit* taamlik baie gehoor word in die distrik Burgersdorp.

Die oorspronklike monoftongiese uitsprake bestaan vandag nog in Nederlandse dialekte. Omtrent die rede waarom dit in Afrikaans net in hierdie beperkte aantal woorde bewaar is, verwys ons na die aanneemlike verklaring van Prof. Bouman van Stellenbosch.[1])

[1]) *N. Taalg.* XXII, bl. 27-41.

V. DIE PSIGOLOGIESE FAKTOR BY TAAL.

1. Dis te begryp dat die psigologiese faktor 'n groter rol speel by sintaktiese as by klankverskynsels, maar ook by die laaste is dit van die grootste belang. Daarsonder kan klankleer nie beoefen word nie. Die *p* van die verkleiningsuitgang *-pie* (*boom-pie, arm-pie*) berus op 'n organiese, geen psigologiese verskynsel nie: *p* het ontstaan as oorgangsklank[1]) deurdat by die voorafgaande *m* die sluiting van die lippe aangehou is nadat die neuskanaal (wat oop is by *m*) reeds gesluit was.[2]) Glad anders is die *n* van *joune* te verklaar. Hierdie *n* vind sy verklaring in 'n psigologiese faktor, geen organiese nie: hy het ontstaan onder invloed van die *n* van *myne*, wat die maat van *joune* genoem kan word omdat dit twee woorde is wat op grond van hulle betekenis korrelatief is, d.w.s. by die gebruik van die een word ook die ander, bewus of onbewus (dit doet niks ter sake nie) voor die gees geroep.[3]) Hiermee wil ons nie te kenne gee dat die *n* van *joune* eers op Afrikaanse bodem ontstaan het nie; nee, dis erfgoed uit Nederlands, hoewel dit nie tot die Algemeen-Beskaaf behoort nie (vir my gevoel is dit in Afrikaans ook nie beskaaf nie). In Anne de Vries se Bartje (roman met baie volkstaal en wat speel in die buurt van Assen[4]) is *joen* (=jou) dwarsdeur die vorm waar die karakters hulle bedien van die volkstaal.

Dit was 'n gebrek van die beroemde skool van taalgeleerdes van die laaste kwart van die vorige eeu, bekend onder die naam van „Junggrammatiker," dat hulle die psigologiese faktor nie tot sy reg laat kom het nie. Hulle het besonder waardevolle en blywende werk gedoen in verband met klankoorgange en afleiding van woorde (etimologie), maar daarby het

[1]) Vgl. *Afr. Fon.*, § 342.
[2]) Kyk *ald.*, § 341.
[3]) Kyk *ald.*, § 342.
[4]) Kyk hiervoor, artikel IV, no. 5.

hulle nie genoeg rekening gehou met die geestesaktiwiteit van die sprekers nie, m.a.w. hulle het agter die klankoorgange nie in voldoende mate 'n lewende wese gesien nie. Hierdie sy, die sielkundige faktor, sou daarenteë veral na vore kom vanaf die begin van ons eeu.

As iemand let op sy moedertaal soos om hom heen gepraat, sal hy heelwat gevalle vind waar 'n owerigens algemene taalreël nie geld nie en by nader ondersoek sal blyk dat die afwyking toe te skrywe is aan die een of ander psigologiese faktor wat in die een geval wèl, in die ander nié aanwesig is nie. By kinders sien 'n mens dit veral dikwels en duidelik, maar ook by volwassenes is daar baie voorbeelde vir wie 'n oog daarvoor het. In wat volg, wil ons die aanwesigheid van die psigologiese faktor verduidelik aan die hand van enige voorbeelde uit Afrikaans.

2. Dis 'n algemene reël by Afrikaners wat hulle taal natuurlik praat, dat voor frikatiewe 'n *n* uitgestoot word en die nasale gedeelte oorgaan op die voorafgaande klinker, wat, as hy kort is, tewens gerek word in 'n lettergreep met hoofklem.[1]) Die meeste voorbeelde kry ons by kort *e, a* en *o*: *grens, mens, spens, trens, wens; dans, gans, kans; dons, gons, ons, spons,* ens., by almal waarvan die *n* voor die *s* verdwyn het en gevolglik die voorafgaande *e, a, o* genasaleer en, vanweë die hoofklem, tewens gerek is.

Hier het ons 'n vaste reël vir Afrikaners wat, soos net gesê, nie gemaak of bewus praat nie, maar natuurlik. Tog sal hierdie selfde sprekers in bepaalde gevalle die *n* behou, m.a.w. die voorafgaande klinker nie nasaleer nie, hoewel die posisie in die woord owerigens presies dieselfde is. Waaraan is dit toe te skrywe? Dis die gevolg van psigologiese faktore, wat ons met voorbeelde sal verduidelik. Uitstoting van die *n* en nasalering van die voorafgaande klinker sal ek kortweg aanduie met „uitstoting en nasalering." Ons het uitstoting en nasalering by *Martiens,* maar by *diensbode* en *sienswyse* sal baie dit hinderlik vind: *diens* is nog bietjie kultuurwoord en daarom word hier volgens die letter uitgespreek, dus die *n* be-

[1]) Vgl. *Afr. Fon.,* bl. 64.

hou, terwyl by *sienswyse* die simpleks *sien* (waar die voorwaarde vir uitstoting en nasalering nie aanwesig is nie) te duidelik daarnaas lewe om die proses nie te verhoed nie;—ons het dit by *dans, gans,* ens., maar nie by *mans* (mv. van *man*) nie: die enkelvoud *man* lewe te duidelik daarnaas; daarenteë kan dit wel gehoor word by *mansmens* (hoewel hierdie uitspraak plat is vir die meerderheid), omdat die samestelling nie so nou saamhang met *man* as die mv. *mans* nie; —ons het dit by *aans* (netnou) en *saans,* maar nie by *maanskyn* nie, omdat *maan* te duidelik daarnaas lewe;—ons het dit by die aalledaagse plaasterm *lunsriem,* maar nie by die kultuurwoord *kuns* nie; daarenteë kan dit gehoor word by die alledaagse, maar figuurlike *kuns* in die sin van „besondere bedrewenheid" (bv.: dis 'n *kuns* om dit te doen) en in die afleiding *kunstig;*—ons vind dit by *Adoons* (benaming vir 'n bobbejaan) en *boonste,* maar nie by *skoonste* en *toonset* nie: *skoon* staan te duidelik daarnaas en *toonset* is 'n kultuurwoord. Daar's baie ander voorbeelde van hierdie verskynsel, maar genoeg.

3. Intervokale *g* word algemeen uitgestoot tussen beklemde klinker of tweeklank en swakbeklemde e[ə]: *laag, oog, tuig,* mv. *lae, oë, tuie* (vir ons doel laat ons diegene, die minderheid, want *g* behou as *gh,* soos in *ghoen,* buite bespreking). Die *g* kan egter bly:—

a) By ongewone meervoude. *Maag* en *kraag* word gewoonlik net in die enkelvoud gebruik en vra jy nou wat die meervoud is, sal die een antwoord: *mae, krae,* die ander: *mage, krage,* 'n derde: sowel *mae, krae* as *mage, krage.* Met *g* bedoel ons in hierdie afdeling die *g* van *goed,* nie van *ghoen* nie. *Deeg* (aangemaakte meel) het eintlik geen meervoud nie, maar as ons daar een van moet maak, sal wel niemand sê dat dit *deë* is nie. By *teoloog* het die Nederlandse meervoud *theologen* so veel invloed gehad (onthou moet word dat Nederlands tot nie lank gelede nie die kerktaal was) dat altans die oueres onder ons maar altoos nog nie kan práát van *teoloë* nie (al skrywe ons dit), maar *teologe* uitspreek.

b) By ongewone attributiewe byvoeglike naamwoorde. *Moeg, ruig, traag* en *vaag* word gewoonlik predikatief gebruik,

maar wat omtrent die *g* as hulle voor 'n selfstandige naamwoord staan (attributiewe gebruik)? Wie bewus praat of hom deur skoolse reëls laat lei, sal waarskynlik dadelik gereed wees met die antwoord dat dit *moeë, ruie, trae* en *vae* moet wees, maar die lewende taal openbaar 'n ander toestand van sake. By byvoeglike naamwoorde op *-g* wat gewoon is in attributiewe posisie is daar net een moontlikheid, nl. sinkopee van die *g*: 'n *droë* tak, *hoë* boom, *lae* dak, maar by *ruig, traag* en *vaag* kan dit drieërlei wees: *'n ruig; ruige, ruie* streek; *'n traag, trage, trae* leerling; 'n *vaag vage, vae* opmerking. By *moeg* is dit net *moeg* en *moeë*, nié ook *moege* nie: 'n *moeg, moeë* mens. Waarom nie ook *moege* nie, maar wèl *ruige, trage, vage*? Om verskillende redes. Die laaste drie woorde is nog enigsins kultuurwoorde en derhalwe laat die Nederlandse vorme *ruige, trage, vage* hulle invloed geld. By *moeg* daarenteë kan Nederlands nie invloed uitoefen nie omdat die vorm van die Hollander (*moe, moede*) te veel van die van ons afwyk. Ook word *moeg* sóseer uitsluitend predikatief gebruik dat wanneer dit weleens attributief aangewend word, die meeste stellig die onverboë *moeg* sal behou. Tereg staan dan ook in Jes. 46, 1: 'n vrag vir die *moeg* diere.

In al die voorafgaande gevalle het behoud van *g* (met of sonder volgende swakbeklemde *e*: *mage, ruige, ruig,* ens.) i.p.v. die vorm met sinkopee (*mae, ruie,* ens.) dus 'n sielkundige oorsaak. Vanweë die ongewoonheid van hetsy die meervoud, hetsy die attributiewe vorm, word, in afwyking van wat anders gebeur, in die een geval die *g* nie uitgestoot by woorde soos *mage, ruige* nie, in die ander die onverboë *ruig* van die predikatiewe posisie (bv.: die plek is *ruig*) ook aangewend in die attributiewe stand (: dis 'n *ruig* plek). In gevalle soos hierdie moet ons dan ook nie dadelik klaar staan om die objektief korrekte reël toe te pas nie, nl.: *laag,* mv. *lae; hoog,* attributief *hoë* en dus: *maag–mae, traag–trae.* Wie so te werk gaan, maak hom skuldig aan sisteemdwang, wat 'n verkragting is van een van die allerbelangrikste taalbeginsels, nl. van die psigologiese faktor. Daarom lees ons tereg by Malherbe, Hart van Moab: *trage* ooglede, by Jonker, Bande: plat op ons *mage.*

4. 'n Ander mooi voorbeeld lewer die twee woorde *strand* en *elf* op. Deurgaans kom die eerste net in die enkelvoud voor

en na analogie van woorde soos *hand* en *land* is in die Woordelys aangegee die meervoud *strande*, maar vra nou aan Afrikaners wat die meervoud is en baie sal antwoord dat, versover dit voorkom, dit wel *strante* sal wees. Hulle is so gewoond om by hierdie woord net 'n *t*-klank (gespelle *d*) op die end te hoor, dat hulle hulle nie kan voorstel dat in die meervoud iets anders as *t* kan bestaan nie. Die naam van die vissoort *elf* het ek nog nie juis in die meervoud hoor gebruik nie, maar 'n visser sal stellig praat van *elwe*. Die laaste is dan ook die meervoud van die woord in die sin van „fee", maar as ons nou van die telwoord *elf* 'n meervoud moet vorm, sou ons dan ook die vorm *elwe* gebruik? Ek glo nie: ons sou sê *elfe*, miskien selfs *elf's*, maar nie *elwe* nie, hoewel volgens die reël *f* in hierdie posisie moes oorgaan tot *w*. Nee, ons is te gewoond dat by die telwoord die *f*-klank aanwesig is as dat die meervoud kan lui *elwe*. Dit sou dan die indruk maak van 'n ander woord te wees.

5. By die Transvaalse Juniorsertifikaateksamen is een jaar gevra om 'n aantal byvoeglike naamwoorde attributief te gebruik. Een daarvan was *stokoud* en daar was hope kandidate wat die *d* behou het, bv.: dis 'n *stokoud* perd. Die meerderheid onder my mede-eksaminatore wou hierdie vorm nie toelaat nie, maar ek het hulle versoek om dit deur te laat, hoewel die moontlike bestaan daarvan tot toe nie onder my aandag gekom het nie en by die simpleks *oud* natuurlik net die vorm *ou* bestaan. Ek het betoog dat omdat die woord gewoonlik net predikatief gebruik word (: die perd is *stokoud*), dit nie uitgeslote was dat die vorm *stokoud* ook attributief kon voorkom nie. Later het een van my helpers (opgegroei op 'n plaas) wat aanvanklik daarteë was, aan my kom sê dat by nader oorweging hy daarvan oortuig was dat sy pa heel goed kon praat van „'n *stokoud* perd." 'n Bevestiging van die attributiewe gebruik van *stokoud* bied die volgende sin by Kootjie van den Heever, Vlugtige Skaduwees: aan die voet van 'n *grys-oud* randjie. Ons sou selfs nie wil verander in „*grys-ou* randjie" nie.

6. Byvoeglike naamwoorde op *-s*, gevorm van name van 'n taal, verbuig by attributiewe gebruik: *Afrikaanse* tabak, *Hol-*

landse kaas, *Duitse* bier, *Engelse* leer. Tog sal ons praat van *Afrikaans a, Engels th,* ens., maar in die laaste gevalle is „Afrikaans" en „Engels" selfstandige naamwoorde, gelyk aan „in Afrikaans, in Engels."

7. Ons moet verskil maak tussen die werkwoordelike funksie van die teenwoordige deelwoord (aanduidende die werking) en die bywoordelike (aanduidende die wyse): in die eerste geval gaan dit uit op *-de,* in die tweede op *-d,* òf, anders gesê: in die eerste geval verbuig dit, in die tweede daarenteë bly dit onverboë. Vergelyk sinne soos: *menende* dat hy reeds vertrek het; *dinkende* dat die saak in orde is; *hopende* dat dit nie so erg was nie; alle sorg vir die oomblik *vergetende* (Odendaal, Die Môreskof, bl. 85), ens., met voorbeelde soos: hy gaan vreeslik *afbrekend* te werk; hy het besonder *ontmoedigend* gepraat; hy treë baie *uitdagend* op, ens., en die volgende by Odendaal, Die Môreskof: Hulle oë vang mekaar *veelseggend* (36); dan weer sug en snik sy viool *huiwerend* die note uit (41); sy knik *bevestigend* (42); sê sy *vertroostend* (61) en baie meer.

In bywoordelike funksie is die deelwoord baie gewoon in Afrikaans. In werkwoordelike funksie was hy veral vroeër, en waarskynlik nog by ons ouer mense, gewoon in gevalle soos in die eerste reeks voorbeelde, waar die deelwoord die rol vervul van 'n beknopte bysin van rede. Vandag kan nie juis gesê word dat hy tot die lewende taal behoort nie, maar versover gebruik, vereis ons taaleie die vorm op *-de* in prosa, terwyl in Nederlands dit hier gewoonlik net op *-d* uitgaan. Duidelik moet verstaan word dat ons hier net aan prosa dink, nie aan poësie nie, waar die versmaat die vorm op *-d* noodsaaklik kan maak. Ons uitgangspunt is die lewende taal, nie verskuns nie.

Malherbe is baie lief vir die teenwoordige deelwoord in werkwoordelike funksie in sy bybelromans Die Hart van Moab en Saul die Worstelheld, maar dwarsdeur gaan dit by hom uit op *-d.* Daarom is die volgende voorbeelde, almal uit Saul die Worstelheld, onnatuurlik en steurend: troos *soekend,* kyk hy . . . . na die Milkom-beeld; met die regtervleuel *rustend* op die rande oos van Estool: eindelik gehoor *gewend,* stap Dawid na vore; sy het *voortpratend* vir Saul gebring tot 'n punt dat hy

naderhand met haar oë sien. Waar dit daarenteë die wyse (bywoordelike funksie), nie die werking aanduie nie, is die vorm op bloot *-d* op sy plek, soos in die volgende voorbeelde uit dieselfde roman: Abner stap *nadenkend* . . . . die tuinpaadjie langes; „ja, ja, Ab," sê Saul *laggend;* hy sal *dienend* die koning se hart verbly; hy loop *wankelend* tot in die middel van die saal; *sterkend* val die uiters tydige woorde van Tirsa op die omwoelde hart van Saul; toe val hy aan sy bors en sê *snikkend.*

8. Werkwoorde op *-eer* kan in Afrikaans in die verlede deelwoord die voorvoegsel *ge-* neem of dit weglaat. In die Afrikaanse Spelreëls (no. 7) word hierdie punt so geformuleer dat daaruit die gevolgtrekking kan gemaak word dat die vorm sonder *ge-* wel toegelaat word, maar eintlik af te keur is, as synde ongewoon. Dit is nie juis nie. Wat wèl juis is, is dat die vorm sonder *ge-* deur heelwat onderwysers teëgewerk word, as synde sogenaamd nie goeie Afrikaans nie, terwyl dit 'n algemene en tewens baie ou taalverskynsel is. Reeds in Middelnederlands is dit gewoon, in ooreenstemming met die reël dat werkwoorde van vreemde oorsprong altwee kan doen: die *ge-* weglaat of dit aanneem.[1]) Werkwoorde op *-eer* is van vreemde oorsprong, so nie die hele woord nie (bv. *reguleer*), dan tog minstens die uitgang (bv. *waardeer*). Ons herinner ook daaraan dat die ooreenstemmende klas van werkwoorde in Duits, nl. die op *-ieren,* algemeen die verlede deelwoord sonder *ge-* vorm.

In watter opsig is die psigologiese faktor nou van invloed by hierdie groep werkwoorde? Geen vaste reël kan neergelê word nie, maar wie goed waarneem by homself en by ander sal vind dat, versover skoolse dwang nie deurwerk nie, alledaagse werkwoorde eerder die *ge-* weglaat, bv.: hy het die dier altoos *moveer;* hy het weer *probeer* om deur die eksamen te kom; daardie koning het nie lank *regeer* nie; sy het haar kanse nie behoorlik *waardeer nie.* By werkwoorde wat daarenteë min of meer kultuurwoorde is, sal die gebruik van *ge-* oorweeg, bv. by *aksentueer, debiteer, federeer, formuleer, interpreteer.* Toe

[1]) Kyk *Mnl. Gram.,* § 221, d.

ek eenmaal aan 'n student vra of dit nou moet wees *het probeer* òf *het geprobeer*, kom die tiperende antwoord: Word die vorm *geprobeer* dan gebruik? Sou hierdie vorm nie baie swaar wees nie?

Natuurlik bestaan daar ook grensgevalle, waar die een persoon die vorm met *ge-* sal gebruik, die ander weer nie, alnamate die woord as minder of meer gewoon gevoel word, bewus of onbewus. Dit kan ook by een en dieselfde persoon gebeur. Wie later nalees wat hy op papier gebring het, sal dikwels vind dat hy by dieselfde werkwoord die een oomblik *ge-* gebruik het, die ander oomblik nie.

9. Iets dergeliks as by werkwoorde op *-eer* neem ons waar by die meervoud van selfstandige naamwoorde op *-ing*. In sekere mate word by dieselfde woorde deurmekaar gebruik die meervoud op *-s* naas die op *-e*, maar daarnaas is daar tog 'n onmiskenbare neiging waar te neem om by kultuurwoorde eerder die Nederlandse meervoud op *-e* te gebruik (bv.: *mymeringe, oordenkinge*), terwyl by alledaagse woorde die meervoud op *-s* die voorkeur kry (bv.: *lesings, menings, vergaderings*).

10. By die volgende groep van werkwoorde wil ek rekenskap gee van my eie taalgevoel. Waarskynlik sal die meerderheid nie met my saamstem nie, maar ek vrees dat baie van hulle voortdurend heen en weer swenk, sonder rigting. Ek het hier op die oog die werkwoorde wat uitgaan op *-we* of (en) op *-f*, bv.: *skrywe* naas *skryf*, *vrywe* naas *vryf*. Baie sal sê dat die betrokke vorm vir hulle afhang van die ritme van die sin (ons het natuurlik net prosa op die oog), van die opeenvolging van meer en minder beklemtoonde lettergrepe, asook van die vraag of die onmiddellik volgende woorde met 'n klinker, dan wel met 'n medeklinker begint, bv.: om te *leef* is maklik, maar om te *lewe* sonder skuld is 'n ander saak. Hierdie faktore kan stellig van invloed wees, maar ons moet daarop wys dat 'n mens met ritmiese argumente hier baie versigtig moet wees: jy kan jou daarby maklik wysmaak dat iets sus of so is, terwyl dit in werklikheid glad nie die geval is nie. Dit sou dan ook glad nie moeilik wees nie om uit die werke van skrywers wat hierdie standpunt huldig baie voorbeelde aan te haal wat in stryd is met die gewaande uitgangspunt.

Vir my persoonlike taalgevoel hang die gebruik van die vorm op *-we* en *-f* van die gebruiklikheid van die betrokke woorde af. Werkwoorde van die daaglikse omgang gaan by my altoos uit op *-we*, nooit op *-f* nie, bv.: *bewe, belowe, dolwe, drywe, erwe, kerwe, klowe, lawe, lewe, skawe, skrywe, skuiwe, sterwe, stywe, vergewe, vrywe*. Werkwoorde wat min of meer tot die kultuurgroep behoort, gaan by my daarenteë uit op *-f*, bv.: *loof, roof, stuif, sweef, vertoef, weef, wuif*. Sommige werkwoorde is by my besig om van die een groep na die ander oor te gaan alnamate hulle meer tot die alledaagse gebruik gaan behoort. Hierdie werkwoorde staan dus op die grens, kan m.a.w. sowel op *-we* uitgaan as op *-f*, bv.: *strewe* naas *streef*. *Beleef* is ook 'n voorbeeld: die simpleks is by my net *lewe*, maar by die afgeleide en minder alledaagse *beleef* het hierdie laaste vorm wel nog die voorkeur, hoewel ek daarnaas reeds *belewe* besig, en ritme het by my niks daarmee te doen nie. Die psigologiese faktor kan ek vir my persoonlike taalgevoel mooi toelig met die volgende voorbeeld. In letterlike, m.a.w. alledaagse sin gebruik ek uitsluitend die vorm *klowe* (bv.: *hout klowe*), maar ek sal nie sê nie: die Here het die Rooisee *geklowe*. In die laaste geval besit die woord 'n ander gevoelswaarde en daarom moet dit vir my beslis *gekloof* wees. Net so gebruik sommige van ons uitsluitend die vorm *buie* (: ek *buie* die yster; hy het die kierie *gebuie*, ens.), maar ons sal nie sê nie: ek *buie* onder sy wil. Nee, hier moet dit wees *buig*, omdat dit die figuurlike gebruik is en die gevoelswaarde anders.

In sekere sin het ons by hierdie woorde te doen met verskillende taallae, 'n ouer en 'n jonger taallaag.[1])

11. Die ruimte tot ons beskikking verbied ons om verder op hierdie punte in te gaan, maar ons wou die leser veral bring tot persoonlike waarneming: dit is die belangrikste. Uit die voorgaande sal duidelik geblyk het dat die psigologiese faktor 'n belangrike rol speel by taal. Dis baie makliker om by voorkomende gevalle vas te hou aan 'n uiterlike reël en daarvolgens vas te stel wat 'n bepaalde vorm moet wees, maar sodoende word nie met die lewende taal rekening gehou nie. Wanneer

[1]) Vgl. *Afr. Fon.*, §§ 606-608; 668-669 en hiervoor artikel III, bl. 51-52.

ons die term „lewende taal" gebruik, dan bedoel ons daarmee die spreektaal van beskaafsprekende Afrikaners wat natuurlik, d.w.s. nie bewus of gemaak praat nie. Heelwat onderwysers en onderwyseresse, veral in die laer skool, leer die kinders 'n letter-, 'n spellinguitspraak, bv. om *dans* en *kans* uit te spreek met behoud van die *n* en sonder nasalering van die stamklinker en om te sê *Jan-nu-arie, Fe-bru-arie* en so meer. Dit het ten gevolge dat die beskaafde volksuitspraak verdring word deur 'n onnatuurlike uitspraak. Dis nodeloos om te sê hoe sterk dit te betreur en af te keur is. Maar laat die leser van hierdie artikel wat in eerste instansie nie met ons saamstem nie—hier dink ons nie aan die meer persoonlike geval van werkwoorde op *-we* naas die op *-f* nie—, eers noukeurig waarneem wat hulle self en ander beskaafsprekendes in hulle omgewing sê voor hulle hulle oordeel vel.

VI. DIE AFRIKAANSE SPELLING.[1])

1. Reeds vyf uitgawes van die Afrikaanse Spelreëls.

In hierdie artikel wil ons nie die spelreëls volledig behandel nie; die vind die leser voor in die Woordelys. Ons wil hier stilstaan by hoofbeginsels, en 'n aantal moeilike gevalle toelig en vereenvoudig.

Daar het reeds vyf uitgawes van die Afrikaanse Spelreëls verskyn: die eerste in 1915, die vyfde en laaste in 1937. Die jaar van die eerste uitgawe (1915) was 'n mylpaal in ons kultuurgeskiedenis. Die reëling van die spelling het eenheid gebring in 'n toestand van groot verwarring; nog meer, dit het die weg geopen tot kulturele samewerking. 'n Volkskultuur vereis 'n volkstaal as draer van daardie kultuur en die taal vereis op sy beurt 'n erkende spellingsisteem as medium. Die laaste is verkry toe die Suid-Afrikaanse Akademie in die jaar 1915 sy goedkeuring geheg het aan die voorgestelde spelreëls. Eers het dit as brosjure verskyn, maar in 1917 in boekvorm, saam met die Woordelys. Spelreëls alleen is nie voldoende nie; dit moet aangevul word deur 'n woordelys.

Die tans bestaande spellingeenheid is nie ineens bereik nie. Dit is volkome begryplik. Waar daar vantevore geen algemeen erkende spellingsisteem, geen offisiële spelling, bestaan het nie, moes daar eers in sekere mate 'n tyd van voeling wees: uiteenlopende sienswyses moes met mekaar versoen word; uit ervaring moes geleer word dat bepaalde spellings beter deur ander vervang kon word. Van veel belang is dit om daarop te wys dat die skrifbeeld, d.w.s. die vorm wat 'n woord op papier aanneem en wat die oplettende leser dus voortdurend kan sien, besonkenheid en vastigheid bring. Nadat die kwestieuse gevalle 'n tyd-

[1]) Die geskiedenis van die spelling het Skrywer hiervan tot op datum behandel in die *Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners* (die Weste-Drukkery, Potchefstroom, 1926), bl. 254-277.

lang op papier gesien is en die publiek die geleentheid gehad het om hulle daaroor uit te spreek, is 'n mens beter in staat om in die een geval te besluit tot behoud, in die ander tot wysiging van bepaalde spellings. Spelling moet natuurlik op wetenskaplike grondslag berus, maar dis volstrek nie in die eerste plaas iets vir die geleerde nie, maar wel vir die volk. Daarom is dit goed om daarby kennis te neem van die sienswyses en gevoelens van die publiek, en om rekening te hou met allerlei omstandighede van die praktiese lewe.

2. **Spelling nie foneties nie, maar prakties.**

Van die kant van die publiek kan dikwels die opmerking gehoor word dat 'n bepaalde spelling nie foneties is nie, maar dit behoort te wees; dan weer dat sekere spellings wel die uitkoms sal wees van fonetiese oorwegings, maar tog nie doelmatig is vir die publiek, die volk nie. Hierdie persone gebruik die begrippe *foneties* en *fonetiek* maar al te dikwels sonder die nodige kennis van sake. Die spelling van 'n taal behoort rekening te hou met fonetiese grondbeginsels, maar foneties kan en wil hy nie wees nie. Natuurlik is die een spellingsisteem meer foneties as die ander: dis bekend dat die Afrikaanse spelling baie meer foneties is as die Engelse. Tog is daar baie spelvorme in Afrikaans wat 'n direkte ontkenning is van fonetiese beginsels. Ons noem slegs enkele voorbeelde. Ons spreek uit *hant*, maar skrywe *hand;* ons skrywe sommige woorde met *f* en ander met *v* hoewel die klankwaarde van albei letters volkome dieselfde is, bv. *fees, feit* teenoor *vaal* en *vel;* naas *y* skrywe ons *ei*, sonder die minste verskil in uitspraak, bv. *ly* naas *lei, rys* naas *reis*. Die een oomblik spreek ons 'n vol vorm uit, dan weer verswak, bv. *wanneer* in die een geval en *wanner* in die ander, maar net die eerste word geskrywe; in sommige streke van ons land word uitgespreek *ok*, in ander *oek*, maar net *ook* word geskrywe; baie beskaafde Afrikaners spreek uit *grou* en *omtrint*, maar op papier erken ons net *grawe* of *graaf* en *omtrent*. As ons spelling foneties moes wees, sou ons baie meer lettertekens nodig hê as nou die geval is en die publiek sou oor kennis moet beskik wat nie van hom verwag kan word nie. Die spelling vir die volk kan nie foneties wees nie en is om verskillende redes in mindere of meerdere mate konserwatief.

3. Drie grondbeginsels gevolg by die Afrikaanse Spelreëls.

By die opstel van die spelreëls vir Afrikaans is drie grondbeginsels inaggeneem:—

I. As norm is aangeneem die algemeen gebruiklike uitspraak in sogenaamd beskaafde Afrikaans;

II. Daar word nie onnodig van die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling (V.N.S.) afgewyk nie;

III. Sover moontlik is na gelykvormigheid gestreef.

I. Met opset gebruik ons die beperking „sogenaamd beskaafde Afrikaans", omdat op hierdie punt 'n taamlike speelruimte gelaat moet word. Beskaafdheid insake uitspraak berus op wat gebruiklik is, nie op inherente faktore nie; en gebruike verskil en verander. Dan moet beskaafdheid van uitspraak nie vereenselwig word met beskaafdheid in die algemeen nie. Heelwat beskaafde Afrikaners spreek uit *grou* (grawe, graaf), *onkerneut* (okkerneut), *omtrint* (omtrent), *sturksvye* (turksvye), *koorsteen* (skoorsteen), *guit* (geut), *rioel* (riool), ens., maar op papier word net die vorme tussen hakies toegelaat, omrede die laaste meer algemeen en daarom as meer beskaaf te beskou is. Waar daarenteë verskillende uitsprake in algemene gebruik is, daar word sodanige verskillende vorm ook erken, bv. *more* x *môre, buig* x *buie, ploeg* x *ploeë* x *ploe,* ens.

Dis van belang om daarop te wys dat verskil van vorm nie noodwendig beperk is tot verskillende groepe van sprekers nie; dit kom ook voor by dieselfde indiwidu, maar dàn sal dit gewoonlik berus op verskillende taallae,[1]) of op verskillende gevoelswaarde. Ons het net een vorm, nl. *harsings,* maar daarenteë net *hersenskim*: die laaste is 'n kultuurwoord, m.a.w. jonger en daarom konserwatiewer in vorm, dit sluit nader aan by Nederlands. Algemeen word uitgespreek *vleis,* maar in figuurlike sin sê ons *vlees, bv.*: die gees is gewillig, maar die *vlees* is swak.

[1]) Kyk art. III, bl. 38, 51-52.

II. Om kulturele en opvoedkundige redes is dit goed om nie onnodig van die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling af te wyk nie. Daarom behou ons o.a. *y* x *ei* (*rys* x *reis*) en *v* x *f* (*vee* x *fee*), hoewel daar nie die geringste verskil in uitspraak is nie. Hierdie tweeledige spelling lewer baie praktiese moeilikhede op, maar dis onvermydelik. Bepaalde middels kan egter gegee word wat in ruime mate help om te weet of dit *y* dan wel *ei*, *v* of *f* moet wees. Hieroor nader in die volgende paragraaf.

III. Sover moontlik word na eenvormigheid gestreef. In die praktyk kom dit op die volgende neer: die spelling van die grondwoord en sy samestellinge, afleidinge en buigingsvorme (fleksies)[1]) moet versover moontlik eenders wees. Ons spreek uit *hant*, maar skrywe *hand*: nie net met die oog op die mv. *hande* nie (buigingsvorm dus; baie sê *hanne*), maar ook met die oog op samestellinge soos *handdruk* en *handwerk*, en afleidinge soos *handig*, *handel*, *handelaar*, ens. Netso skrywe ons *rib*, al sê ons *rip*, met die oog op o.a. *ribbetjie* en *ribbebeen*; ons spreek uit *skadewee* en *senewee*, maar skrywe *skaduwee* en *senuwee* met die oog op woorde soos *oorskadu*, *skadusy*; *senulyer* en *senusiekte*, waar die oorspronklike *u* werklik gehoor word. Pas nou egter goed op om in die simplekse nie ook *u* uit te spreek nie; dit sou letteruitspraak[2]) wees, wat sterk af te keur is. Die digter veroorloof hom weleens die vorm *skadu*, as digterlike vryheid, maar anders bestaan dit nie in ons taal nie. Daarteenoor skrywe ons o.a. *krap*, *krip* en *lit*, in teëstelling met ndl. *krab*, *krib* en *lid* (waar die Hollander, net soos ons, die *b* as *p* en die *d* as *t* uitspreek), vanweë die feit dat in ons meervoud, anders as in Nederlands, die stemlose konsonante bewaar bly: *krappe*, *krippe*, *litte*.

Soms vind ons wisselvorme, waar dié naamlik te regverdig is, bv. naas *boontoe* tog ook die onsamegetrokke *bowendien*, naas die mv. *dae* ook *daagliks*. Die korter vorm is hier die

---

[1]) Vir ons doel kan hierdie drie terme as volg gedefinieer word: 'n *samestelling* is 'n woord gevorm uit twee of meer bestaande woorde; 'n *afleiding* is 'n woord gevorm van 'n ander woord deur middel van voor- of agtervoegsels, of deur klankverandering; een of meer van hierdie verskynsels kan daarby betrokke wees; 'n *buigingsvorm* (fleksie) is die verandering wat 'n woord in die taal ondergaan ter aanduiding van 'n bepaalde funksie, soos bv. die meervoud, die grade van vergelyking, die tydsvorm by die werkwoord.

[2]) Kyk bl. 32.

ouer, die langer die jonger vorm; verskillende taallae dus. Moet nou nie redeneer dat omdat van *dag* die mv. *dae* is (die minder gewone mv. *dage* [dɑ:gə] kan hier buite rekening bly), daarom moet die afleiding net *daeliks* wees, nie óók *daagliks* nie. Wie so te werk gaan, maak hom skuldig aan sisteemdwang of doktrinêre taal, wat 'n verkragting is van die lewende taal en indruis teen alle wetenskaplike taalbeoefening.[1])

In enkele gevalle is dit moeilik om die grens te bepaal, kan daar 'n mate van willekeur wees. So laat ons tereg *sommer* toe naas *somaar* (<*so*+*maar*), maar net *hierdie* en *daardie*, wat deur wie natuurlik praat tog uitgespreek word as *hierie* en *darie*.

4. Waar y te skrywe x ei en v x f.

In die vorige paragraaf het ons gesê dat sekere aanduidings gegee kan word omtrent die plek van *y* x *ei* en *v* x *f*. Ons behandel die twee gevalle apart.

I: y x ei.

Die Hollander maak netsomin as ons verskil in uitspraak tussen *ij* en *ei*, wat hy ewenwel uitspreek as [ɛi], ons daarenteë as [əi]. By die skrywe kom hy egter 'n hele end deur te onthou dat alle sterk werkwoorde en ander woordsoorte wat daarmee saamhang *ij* neem. Pas ons dit op Afrikaans toe, dan vind ons dat omdat werkwoorde soos *bly, blyk, skyn, slyt, sny, stry* en *vermy* sterk is in Nederlands, hulle in Afrikaans met *y* gespelle word, en dus ook woorde wat daarmee saamhang, bv. *blywend, blykens, waarskynlik, slytasie, snysel, teenstrydig, onvermydelik*. Die oorgroot meerderheid Afrikaners weet egter nie of 'n werkwoord sterk of swak in Nederlands is nie, sodat hulle aan daardie middel niks het nie. Met inagneming van die verskillende spelling sou in die plek van Nederlands Duits gestel kan word, maar verreweg die meeste ken ook nie hierdie

[1]) Kyk t.a.p.

taal nie. Bowendien het ons heelwat woorde met *y* wat geen werkwoord is nie en ook nie met 'n werkwoord saamhang nie, bv. *Bybel, dy, dyk, fyn, grys, lym, lyn, myl, tyd* en nog baie meer.

Daar's egter 'n middel wat binne die bereik is van iedereen en een waarmee ons insake hierdie spellingmoeilikheid baie ver kom; dit is dat waar die verwante Engelse woord *i* het in die spelling, daar skrywe ons *y*. Hierdie *i* het in Engels gewoonlik die klankwaarde van 'n tweeklank, nl. *a* + *i* [a ɪ], bv. in *Bible* – afr. *Bybel*, maar in 'n beperkte aantal woorde het dit die klankwaarde van 'n sgn. kort *i* [ɪ], bv. in *stiff* – afr. *styf*. Ons gee 'n ruim aantal voorbeelde, eers die Afrikaanse en dan die ooreenstemmende of verwante Engelse woord: *Bybel-Bible, dy-thigh, dyk-dike, fyn-fine, gelyk-like, gly-glide, lym-lime, lyn-line, myl-mile, ry-ride, rym-rime, rys-rise, rys-rice, skyn-shine, syfer-cipher, smyt-smite, tyd-tide, vyl-file, wys-wise, wyn-wine, ydel-idle*, ens.; dan waar eng. *i* 'n kort klinker voorstel: *Berlyn-Berlin, gryp-grip, kwyt-quit, lys-list, patrys-partridge, radys-radish, rosyntjie-raisin, ryk-rich, splyt-split, styf-stiff, vy-fig*, ens.

Dis maklik om te onthou dat ons *y* het in die agtervoegsels *-ary, -ery* en *-y*: *snuffelary, foppery, waardy*, en by die voornaamwoorde: *hy, sy, jy, my, myne*.

'n Beperkte aantal woorde kan die persoon sonder historiese taalkennis nie aan 'n ander woord vasknoop nie en hier moet eenvoudig onthou word dat dit *y* is, o.a. *aksyns, anys, asyn, hyg, kryt, konfyt, kwyn*. Onthou dat ons *ei* skrywe in die woord *beitel*, hoewel dit afgelei is van *byt*, vgl. eng. *bite*.

II: v x f.

Hier kom ons by 'n wesentlike moeilikheid. Die Hollander maak verskil in uitspraak tussen *v* en *f*: die eerste is 'n stemhebbende frikatief, die tweede 'n stemlose, sodat apart uitgespreek (in die sin gaan *v* dikwels oor tot *f* deur assimilasie), sy oor vir hom sê watter letter hy moet skrywe.

Die Afrikaner met historiese taalkennis weet dat woorde van Germaanse oorsprong *v* neem: *vaal, vaar, vas, vee* (s.nw. en ww.), *veer, veg, ver, vet, vier, vinger, vink, vleis, vlerk, vlug, voer, voet, voel, vrees, vyand, vyf*, ens., teenoor woorde van vreemde oorsprong soos *fee, fel, fier, firma, fout*, ens. Die gemiddelde persoon, vir wie die spelling in die eerste plaas bedoel is, weet egter nie of 'n woord van Germaanse of ander (meestal Klassieke of Romaanse) oorsprong is nie. So is daar heelwat woorde van alledaagse gebruik, wat die deursnee-persoon dus as inheems sal beskou, wat tog van vreemde oorsprong is en *f* neem, bv. *familie, fees, feit, ferweel, fles, fleur, fout, fyn*, ens. Daarteenoor is daar heelwat alledaagse woorde van vreemde oorsprong wat tog *v* neem, bv. *vaag, vaas, vals, vlei* (s.nw.), *vorm, vy*, ens. Dit sou dan ook baie makliker gewees het as ons, afgesien van eiename, net een letter geskrywe het, òf *v*, òf *f*, net soos ons op eiename na net *s* skrywe. Dit het ewenwel nie gebeur nie, en daarom moet ons ons by die spelling neerlê en kyk of ons nie enige hulpmiddels kan aanbied òm hierdie moeilike geval te vergemaklik nie.

Vir die woorde van vreemde oorsprong wat uit twee of meer lettergrepe bestaan, het ons hierdie hulpmiddel dat hulle vir die grootste gedeelte daaraan as vreemd te herken is dat die hoofklem nie op die eerste lettergreep val nie en dat hulle meestal *f* neem: *fabriek, fabrikant, fakulteit, familie, fanaties, fariseër, fataal, fatsoen, fasant, figuur, filosoof, finaal, finansier, flamink, flanel, flankeer, flegmaties, fondament, fontein, forel, formaat, fortuin, foutief, frikkadel*, ens. 'n Aantal meerlettergrepige woorde van vreemde oorsprong het weliswaar die hoofklem op die eerste lettergreep, bv. *fabel, fakkel, faktor, firma, folter*, maar hulle vorm die klein minderheid. *Februarie* het in Nederlands nog die hoofklem op die *a* en daarvoor word 'n *w* gehoor: die Hollander spreek uit [febryva:ri]; die uitspraak sonder *w*, wat die laaste jare ongelukkig nogal veel onder Afrikaners gehoor word, is die gevolg van letteruitspraak.[1]) Dan is daar 'n hele paar meerlettergrepige woorde van vreemde oorsprong wat nie die hoofklem op die eerste lettergreep kry nie en met *v* gespelle word, bv. *vakant, vakansie, vakature,*

[1]) Kyk bl. 32.

vallei, Vandaal, varieer, venynig (met Germaanse agtervoegsel *-ig*), *viool, vitrioel,* ens., maar die meerderheid word stellig met *f* geskrywe. Waar hierdie middel nie help nie, en veral by woorde van een lettergreep, moet die gemiddelde persoon eenvoudig van buite leer of hy *v* dan wel *f* moet skrywe.

5. Hoofverskille tussen die verskillende uitgawes van die Spelreëls.

Daar's sekere swenkinge op te merk in die verskillende uitgawes van die Spelreëls, wat te begryp is, soos reeds opgemerk in paragraaf 1. Hieronder kan veral verwys word na dubbelvorme, die spelling van vreemde woorde en die spelling van die *ie*-klank by woorde van vreemde oorsprong.

I. Dubbelvorme.

Omtrent die vraag in hoever dubbelspellings toegelaat moet word, bestaan daar uiteraard verskil van mening. Veral in die begin was dit die geval. Sommige wou vryheid hê en het as argumente aangevoer dat ons taal nog jonk is en daarom baie wisselende vorme besit. Daarom moes ons taal nie aan bande gelê word nie, maar die nodige vryheid gelaat word totdat meer vastigheid verkry is. Ander daarenteë wou juis eenvormigheid hê en het aangevoer dat daar anders verwarring sou ontstaan, veral op skool. Daar moet 'n opperste gesag wees wat leiding gee en dus 'n keuse doen; hierdie leiding moes die Akademie gee. Dit was nie so maklik vir die Spellingkommissie om in elke geval die weg aan te gee nie, maar oor die algemeen is die goue middeweg gevolg: nie te veel nie, maar ook nie te min nie. Aanvanklik is ewenwel te veel dubbelvorme toegelaat, maar in volgende uitgawes is hulle ingekort. Met verloop van tyd het daar vanself meer vastigheid gekom. Sekere dubbelvorme is egter so algemeen dat hulle vir onafsienbare tyd moet bly, bv. *ag* x *agt, môre* x *more, aartappel* x *ertappel, aanbied* x *aanbieë* x *aanbie, afdraand* x *afdraande, akkerdis* x *akkedis* x *akkeldis, boerwors* x *boerewors.*

(a) **Die verlede deelwoord van werkwoorde op -eer.**

Uit die bewoording in die Spelreëls, bl. XII, 2, sou kan afgelei word dat die verlede deelwoord sonder *ge-* nie dieselfde erkenning geniet as die daarmee nie, bv. dat *regeer* minder korrek is as *geregeer*. Dit is nie die bedoeling nie en sou ook nie in ooreenstemming wees met die lewende taal nie. Dis algemeen om *ge-* weg te laat by die meer alledaagse werkwoorde, bv. *het probeer, regeer, tempteer*. By minder alledaagse werkwoorde sal die meeste miskien *ge-* voorvoeg, bv. *het geabsorbeer, gefedereer, gesuggereer,* hoewel ook hier ander weer dit sal weglaat. Dit hou verband met die taallaag, met die vraag in hoever die woord wel of nie as kultuurwoord gevoel word, en dit weer kan verskillend wees by verskillende indiwidue en leeftye. Natuurlik vind hierdie taalproses dikwels onbewus plaas. Daar moet egter goed gevat word dat weglating van *ge-* volstrek nie 'n Afrikaanse slordigheid is nie, maar wel 'n beskaafde en algemene taalgebruik.[1])

(b) **Die klankwaarde van die letter g in Afrikaans.**

By buigingsvorme en samestellinge word die stemlose, velêre, (gewoonlik) intervokale frikatief *g*[x] in 'n woord deur die meerderheid uitgestoot, maar sommige bewaar dit as stemhebbende, velêre eksplosief [g], waarmee ons bedoel die klank aan *gh* toegeken in woorde soos *ghienie, ghoen, ghries*. Afgesien van 'n paar woorde van vreemde oorsprong, o.a. die pas genoemde.[2]) (maar dan ook net aan die begin, nie in die middel nie, bv. nie *anghora* nie), word hierdie klank in ons spelling ongelukkig deur *g* voorgestel, bv. *hoog-hoge* [ho:gə]; *hoger* [ho:gər]; *hogepriester* [ho:gəpristər], waar die meerderheid die vorme besit met uitstoting van die frakatief: *hoë; hoër; hoëpriester*. In 'n paar woorde word *g* egter algemeen as *gh*[g] uitgespreek, hoewel as *g* gespelle, bv. *berge* (mv. v. *berg*), *erger* (komp. v. *erg*), *burger,* ens. Dis baie jammer dat hierdie klank nie dwarsdeur deur *gh* in ons spelling voorgestel

[1]) Kyk bl. 75-76.

[2]) Vgl. die *Woordelys.*

word nie, want die bestaande toestand gee aanleiding tot misverstand en, wat nog erger is, tot letteruitspraak. Dink maar aan die telwoord *nege*: die erkende Afrikaanse uitspraak is dat *g* hier die klankwaarde besit van *gh* [ne:gə], maar ten gevolge van letteruitspraak het die onderwyser(es) in die laaste jare ongelukkig taamlik ingang laat vind dat *g* hier as frikatief uitgespreek moet word [ne:xə].

Daar's egter heelwat gevalle waar in beskaafde Afrikaans drie uitsprake aangetref word van hierdie frikatief in een en dieselfde woord. So spreek die een uit *êrens* en *nêrens* (met uitstoting en assimilasie); die ander behou *g* hier as frikatief [x]: *ergens, nergens,* terwyl 'n derde die klank as *gh* uitspreek [ergəns, nɛrgəns], maar volgens ons spelreël dit eweneens deur *g* moet voorstel. Veral by selfstandige naamwoorde van vreemde oorsprong wat op *-g* uitgaan, tref ons ten opsigte van hierdie klank drie uitsprake aan in beskaafde Afrikaans. In die meervoud van woorde soos *filoloog, pedagoog, teoloog* stoot sommige die *g* uit, dus *filoloë, pedagoë, teoloë,* maar daar's baie Afrikaners vir wie hierdie uitspraak hinderlik is (iets gemaaks, feitlik 'n gogga). Van hierdie sprekers behou sommige die *g* as frikatief, dus [x], terwyl ander dit bewaar as ekplosief, as *gh* dus [g], maar altwee groepe moét *g* spelle: *filologe, pedagoge, teologe.* Uit die voorbeelde spring dit dadelik in die oog dat daar groot behoefte is aan die spelling *gh.*[1])

(c) **Die meervoud van selfstandige naamwoorde op -us en -um.**

Streng genome, vereis die Latynse vorm en spelling *historicus* die Latynse meervoud *historici,* die verafrikaanste spelling *historikus* daarenteë die mv. *historikusse.* Netso vereis *criterium* en *maximum* die Latynse mvv. *criteria, maxima,* maar *kriterium* en *maksimum* die mvv. *kriteriums, maksimums.* In die praktyk ontmoet ons altwee vorme (spellinge) deurmekaar en die verafrikaanste sal dit waarskynlik op die lange duur wen. Dit gebeur egter in ander tale ook. In die owerigens konserwa-

[1]) Die formulering van hierdie verskynsel in Spelreëls, bl. XII, is onvolledig.
Vgl. vir die gebruiksomvang van gh[g] in Afrikaans en die plek waar hy vorkom in die woord *Afr. Fon.,* §§ 510—517.

tiewe Duits is die genitief van die Latynse selfstandige naamwoorde *nomen* en *verbum des nomens, des verbums* en naas *participium* vind ons die verduitste vorm *partizipium.*

II. **Die spelling van vreemde woorde.**

In een uitgawe van die Woordelys is die vreemdwoord as sulks byna nie erken nie, d.w.s. daar's haas deur die bank verafrikaans. Dit was te radikaal en daarvan het ons teruggekom. Tans erken ons die volgende drie groepe:—

(a) Vreemde woorde wat, hoewel noodsaaklik, nog volkome of minstens merendeels as vreemd gevoel word. Hierdie groep behou die spelling van die taal waaraan hulle ontleen is, bv. *alibi, camouflage, compôte, confetti, garage, genie, gentleman.*

(b) Vreemde woorde wat op die grens staan: vir sommige is hulle ingeburger, vir ander nog nie. Die eerste groep verafrikaans die spelling, geheel of ten dele, bv. *kafee, kaoetsjoek, kompromis;* die tweede groep behou die vreemde spelling: *café, caoutchouc, compromis.* Die gekose spelling hang saam met die kanaal waarlangs die woorde ontvang is: wie Frans ken en eerste 'n woord in hierdie taal ontmoet het, verkies waarskynlik *café* en veral *compromis;* wie geen Frans ken nie, of 'n woord in sy woordeskat opgeneem het voor hy Frans geken het, spelle waarskynlik *kafee* en *kompromis.* Waar daar ook verskil van uitspraak mee gemoeid is, kan die gekose vorm saamhang met die vraag of iemand tuis is op die gebied waartoe die woord behoort: 'n Afrikaanse militêr sal bes moontlik *sersant* verkies, terwyl iemand wat hom nie in hierdie kring beweeg nie miskien die vorm *sergeant* [sərʃɑnt] gebruik. Vergeet dus nie dat verskil van spelling ook kan berus op verskil van uitspraak: *klousule* x *clausule* word verskillend gespelle, maar volkome eenders uitgespreek; by *sersant* [sərsɑnt] x *sergeant* [sərʃɑnt], *faljiet* [fɑljit] x *failliet* [fɑjit] is daar ook verskil in uitspraak.

By groep (b) het ons dus dubbelspelling. As die dubbelspelling ook saamhang met tweeledige uitspraak, moet elkeen natuurlik die spelling kies wat sy uitspraak die beste weergee. As dit ewenwel bloot 'n kwessie van spelling is, dan is dit die

algemene beleid in ons land om dié spelling te kies wat die naaste aan ons eie spelling staan, bv. *indiwidu* en *klousule* te spelle, nié *individu* en *clausule nie.* Die vernaamste gevalle van bloot dubbelspelling is die volgende:—

(i) *i* x *y*: *sinies* x *cynies;*
(ii) *ou* x *au*: *pouse* x *pause;*
(iii) *f* x *ph*: *tifus* x *typhus;*
(iv) *t* x *th*: *tesourier* x *thesaurier;*
(v) *w* x *v*: *indiwidu* x *individu.*

Die algemene beleid is dat dwarsdeur die eerste spelling gevolg word.

Ter aanvulling van (v) dien die volgende: *v* bly aan die begin van 'n lettergreep met hoofklem, bv. *provinsie, provisie.* Waar die *v* in afleidinge van sodanige grondwoorde in 'n lettergreep sonder hoofklem te staan kom, word tog die *v* behou en wel met die oog op die gelykvormigheid (kyk § 3, III), dus *provinsiaal, provisioneel,* al spreek ons in die laaste geval die *v* as *w* uit. Hierdie oorgang van *v* tot *w* het niks met Engelse invloed te doen nie; dis volkome in ooreenstemming met ons taaleie, met die bou van ons taal.[1]) In die lettergreep met hoofklem daarenteë sal *v* meestal net as *w* uitgespreek word namate iemand onder Engelse invloed staan of gestaan het.

ch x k.

Let op die volgende dubbelspelling, wat berus op verskil in uitspraak. Waar by woorde van vreemde oorsprong die klankwaarde van *ch* onvas is, d.w.s. deur sommige as *g* [x], deur ander as *k* uitgespreek word, het ons net een spelling, nl. *ch,* bv. *chaos, chemie, chloor, chronies, Christus, christen, antichris.* Die klank staan gewoonlik aan die begin van 'n woord. Waar daarenteë net *k* uitgespreek word, skrywe ons net hierdie letter, bv. net *kroniek, kroniekskrywer.*[2]) Van hierdie vreemde woorde moet onderskeie word woorde van vreemde oorsprong in engere sin (groep a), waar *ch* soms net een uitspraak het, nl. die van *sj* [ʃ], bv. *chaperon* en *chauvinis,* of

[1]) Vgl. *Afr. Fon.* § 595.
[2]) Kyk *Spelreëls,* bl. XXV, 20, c.

van *g* [x], bv. *autochtoon,* dan weer twee uitsprake besit, nl. die van *sj* òf *g* [ʃ, x], bv. in *chirurg.*

Pasiënt.

Dis baie jammer dat ons hierdie spelling ingevoer het en dit bowendien die enigste gemaak het. Dit het in baie kort tyd aanleiding gegee tot die letteruitspraak *pa-sie-ent,* terwyl die *si* as *sj* uitgespreek behoort te word: [paʃɛnt], net soos ook in Nederlands, waaraan ons die woord ontleen het. Die woord moes *pasjent* gespelle gewees het, net soos dikwels in Nederlands; dan sou die gewraakte letteruitspraak nooit ontstaan het nie en sou tewens voorkom geword het dat iemand die *ie* verkeerdelik eenlettergrepig gaan uitspreek, soos bv. in *parasiet.* Die woord is deur die Hollander natuurlik ontleen aan Frans, waar dit gespelle word *patient* en uitgespreek [pas-jã]: [ã] is genasaleerde *a,* soos die klankwaarde van *an* in afr. *kans.* Let op: in Frans word die *ti* as twee aparte frikatiewe uitgespreek, nl. *s* en *j,* maar hierdie twee klanke het in Nederlands en Afrikaans saamgevloei tot een frikatief, nl. die sisklank wat in Engels voorgestel word deur *sh* (bv. *she, shall*) en in Duits deur *sch* (bv. in *schön, schreiben*), foneties [ʃ]. Meer as een punt in ons Afrikaanse spelling sou ek persoonlik anders gereël het, maar natuurlik lê ek my by die aangenome spelling neer, omdat dit insake spellingkwessies dikwels 'n geval word van gee en neem. Ek skrywe om genoemde redes ewenwel nooit *pasiënt* nie, maar altoos *pasjent.*

Net so het die deelteken op die *i* in *linguïs, linguïstiek, linguïsties* die letteruitspraak *lieng-gu-is, lieng-gu-is-tiek, lieng-gu-is-ties* laat ontstaan i.p.v. *lieng-gwis* [liŋxʋəs], *lieng-gwis-tiek* [liŋxʋəstik], *lieng-gwis-ties* [liŋxʋəstis], soos dit behoort te wees en ook in Nederlands uitgespreek word.

(c) Volkome ingeburgerde woorde van vreemde oorsprong. Hierdie groep word presies soos Afrikaanse woorde gespelle, bv. *mielie, piekniek, reling* of *reiling.*

Die gang van (a) na (b) tot (c).

Die rigting loop van (a) oor (b) na (c), d.w.s. namate 'n vreemdwoord ingeburger raak, word sy spelling (soms ook sy vorm) minder of meer verafrikaans, gaan hy dus oor na (b) of (c). Wat (b) of (c) bereik het, moenie weer teruggebring word na die vorige groep nie en daarom moet ons enigsins konserwatief te werk gaan. Die spelling *Kalvyn* van vroeër uitgawes is tans teruggebring tot *Calvyn*, omdat eiename hulle spelling behou; die spelling *renesans* — wat nie in die Woordelys voorgekom het nie, maar tog vroeër in allerlei geskrifte verskyn het — was te radikaal en word nie meer gevolg nie.

III. Die spelling van die ie-klank by woorde van vreemde oorsprong.

By 'n seker groep vreemde woorde word die *ie*-klank in oop begin- en middellettergrepe deur *i* voorgestel, nie deur *ie* nie (soos in woorde van Germaanse oorsprong): beginlettergreep: *iris, item, ivoor;* middellettergreep *artikel, dissipel, familie, notisie.* Let op: dit geld net van oop lettergrepe wat nié op die end van 'n woord staan nie; oop lettergrepe op die end van 'n woord neem *-ie* (weer soos by die eg Afrikaanse woord): *definisie, familie, petisie.* Wildvreemde woorde (groep a) word hier natuurlik nie saamgereken nie, bv. *alibi;* en 'n geslote lettergreep neem ook *ie*, bv. *hermiet, tiep* (x *tipe*), behalwe weer by wildvreemde woorde, waar selfs in die geslote lettergreep *i* staan, bv. *chic* (x *sjiek*).

Die groep vreemdwoorde wat onder (III) bedoel word, is die van sgn. Klassieke oorsprong: direk uit Latyn of Grieks, of indirek, nl. deur 'n Romaanse taal, soos Frans of Italiaans.[1])

By woorde van vreemde oorsprong wat nie langs die sgn. „klassieke" kanaal ontleen is nie, word die betrokke klank in oop lettergrepe voorgestel deur *ie*, net soos by eg Afrikaanse woorde, bv. *mielie, piering, sieling* of *sjieling, tiekie.* Vir persone wat nie oor historiese taalkennis beskik nie word dit bloot

[1]) Kyk *Spelreëls* bl. XVIII, No. 7.

'n saak van die geheue; die bestaande reëling het egter hierdie voordeel dat dit nader aansluit by die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling.

Die volgende punt verdien die besondere aandag omdat dit dikwels twyfel laat ontstaan. Wanneer die *ie*-klank by 'n vreemdwoord van die Klassieke groep in die grondwoord in 'n geslote lettergreep staan, maar deur buiging in 'n oop sillabe te staan kom, word die spelling *ie* tog behou met die oog op die gelykvormigheid (vgl. §3, III): daarom *Israeliet,* mv. *Israeliete, parasiet,* mv. *parasiete, Semiet,* mv. *Semiete.* Waar die lettergreep daarenteë vanself oop was en dit nie deur buiging geword het nie, daar skrywe ons *i* in die oop sillabe, dus *Israeli-ties, parasi-ties, Semi-ties,* maar *Israelitie-se, parasitie-se, Semitie-se.*

6. Die gebruik van die sirkumfleks[1]) of kappie.

Lang oop *e, i, o,* en *u* [ɛ:, ə:, ɔ: en œ:] kry in 'n oop lettergreep die sirkumfleks of kappie, bv. *wê-reld, wî-e* (mv. v. *wig*), *mô-re, brû-e* (mv. v. *brug*). In 'n geslote lettergreep word die kappie, behoudens die beperking wat dadelik volg, nie gebruik nie, bv. *kers, vęr.* Die beperking is die volgende: wanneer een van hierdie klinkers in die onverboë vorm van 'n woord in 'n geslote lettergreep voorkom, maar in die verboë vorm in 'n oop sillabe te staan kom, word in albei gevalle die kappie geskrywe, met die oog op die gelykvormigheid (kyk §3, III), bv. *militêr, primêr, skêr* met die oog op die verboë vorme *militêre, primêre, skêre.*

7. Woorde met i naas kort e [ə x ɛ] voor ng en nk.

Gemeen is dat dit die beste is om, versover moontlik, hierdie woorde een vir een te ondersoek en al na die gebruiklikste uitspraak in een van twee groepe onder te bring, nl.:—

(a) die met *i*: *bring, dink, skink* (v. vloeistowwe), ens.;

(b) die met *e*: *engel, Engels, meng,* ens.

Die voorbeelde onder (b) sal dikwels nie strook met die uitspraak van heelwat sprekers nie, want daar's 'n aansienlike

[1]) Van lat. *circumflexus.*

aantal beskaafsprekendes wat ook hier in heelwat gevalle *i* uitspreek. Ons moet ons egter aan die groepering hou. Ons wys daarop dat die taallaag sy rol speel by die keuse van hetsy *i*, hetsy *e*: so het ons *i* in *bedink, dink* en *skink* waar dit vloeistowwe geld (ndl. *bedenken, denken, schenken*), maar in die geval van die meer verhewe woord, die kultuurwoord, het ons *e* in die gebruiklikste uitspraak, bv. *bedenklik, denkbeeld, denkbeeldig* en *skenk* waar die laaste slaan op 'n geskenk of iets wat deur die vingers gesien word.

In enkele gevalle was die groepering nie moontlik nie en is daarom albei klinkers toegelaat, bv. *opbrings* x *opbrengs*. In sodanige gevalle verdien die vorm met *i* die voorkeur, want dis sonder twyfel dat die Afrikaanse taaleie oor die algemeen die *i* begunstig.

Let wel, die groepering in twee klasse geld net woorde waar die betrokke klinker voor *ng* of *nk* staan. In ander posisies waar die afwisseling van *e* met *i* eweneens voorkom, word op enkele uitsonderinge na net die vorm met *e* op papier toegelaat, bv. net *gemmer, omtrent, prent, swem,* hoewel heelwat beskaafsprekendes hier *i* laat hoor. Ons erken ewenwel *win* x *wen* en *kin* x *ken*. Baie konsekwent is dit nie, maar ons moet ons aan die groepering hou, soos te vind in die Woordelys. Laat diegene wat *i* uitspreek waar die Woordelys net *e* gee, egter nie dink dat hulle uitspraak om daardie rede noodwendig onbeskaaf is nie. By die meer verhewe woord is dit gewoonlik wel die geval, geld m.a.w. die vorm met *i* as minder beskaaf, is bv. *dinkbeeld* minder beskaaf as *denkbeeld;* nie egter by die alledaagse woord nie. En beskaafsprekendes kan hier soms baie verskil: so sal die een beskaafsprekende sê *gimmer* en *swim,* maar *tint* (tent) en *omtrint* as baie lelik beskou; die ander sal dit egter weer andersom voel. Dit is een van die redes waarom in die Woordelys hier net *e* gekies is, as synde die gebruiklikste uitspraak.

Opm. Die volgende mag hier 'n plekkie vind. Wanneer die voorsetsel *vir* verswak tot voorvoegsel, word dit vas aan die betrokke woord geskrywe en met *e*, bv. *vereers, verniet, versover*. In die geval van die bywoord *vir goed* is dit egter beter om die *i* te hou en die woord los te skrywe, omdat *vergoed* op papier steurend lyk met die oog op die werkwoord *vergoed*. Weliswaar skrywe die Hollander *voorgoed,* maar sy voorsetsel *voor* het nie verswak tot *ver* nie, hinder dus nie in verband met *vergoeden* nie.

8. Verdubbeling van medeklinker.

(a) 'n Medeklinker word duwweld geskrywe tussen 'n kort klinker met hoofklem en 'n volgende klinker (deurgaans die swakbeklemde e [ə], bv. *makker*, in teëstelling met *maker* en *heerlike*, verboë vorm van *heerlik*: by *maker* het *a* die hoofklem, maar is lank; by *heerlike* is *i* kort, maar besit swak klem.

Op hierdie reël is geen uitsondering woorde soos *aantal, -le* en *voorstel, -le* nie, want die formulering geld die wortel van die worod, in hierdie geval respektieflik *-tal* en *-stel*, wat bowendien sterk byklem besit, al val die hoofklem op die voorvoegsels *aan-* en *voor-*.

By selfstandige naamwoorde op *-nis* en *-aris* word die slot *-s* egter ook duwweld geskrywe, hoewel die betrokke lettergreep byklem besit: *begrafnis, -se; betekenis, -se; kennis, -se; getuienis, -se; vonnis, -se; argivaris, -se; kommisaris, -se.*

Opm. Met opset gebruik ons die term *duuweld geskrywe* en nie *verdubbeld* nie, want die laaste sou onjuis wees. In die uitspraak is die *k* van *makker* netsogoed enkel as die van *maker*, soos duidelik blyk uit die fonetiese transkripsie (waar geen onnodige letters geskrywe word nie) van hierdie twee woorde: [mɑkər x mɑ: kər]. 'n Werklike dubbelklinker[2]) is seldsaam in ons taal, maar ons kan die *k* as duwweld beskou in *pakkamer* [pɑkkɑ: mər].

(b) By woorde van vreemde oorsprong word 'n *n* duwweld geskrywe na 'n kort klinker wanneer daar 'n woord in Afrikaans bestaan wat daarmee saamhang, bv. *Japannees* en *pardonnneer* met die oog op *Japan* en *pardon*. Na *oe*, wat 'n kort klinker voorstel [u], word die medeklinker egter nie duwweld geskrywe nie, dus *fatsoeneer, spioeneer*, by *fatsoen* en *spioen*.

(c) Wanneer daar geen woord op *-n* in Afrikaans bestaan waarmee dit saamhang nie, word die *n* nie duwweld geskrywe nie, bv. *funksioneer, rewolusionêr*.

---

[1]) Vgl. Afr. Fon. §§ 377-379.

[2]) In sommige tale is dubbel medeklinkers gewoon, bv. in Italiaans en Sweeds, vgl. Noël-Armfield, *General Phonetics*[3], bl. 52 en noot 1, Storm, *Englische Philologie*, bl. 44 en Zwaardemaker en Eijkman, *Leerboek der Phonetiek*, bl. 261.

(d) In ander gevalle word oor die algemeen insake verdubbeling van medeklinker die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling gevolg, bv. *baseer, paraffien, interessant.*

9. **Die uitgang -de naas -te by die verboë vorm van die verlede deelwoord.**

Hierdie punt lewer heelwat moeilikheid op en selfs goeie skrywers begaan meermale foute. Die Afrikaanse spelling hou hom op hierdie punt aan die Nederlandse, maar die toestand is nie altoos dieselfde nie. Die reël vir Nederlands sê dat die verboë vorm van die verlede deelwoord van 'n swak werkwoord *-de* neem as die stam (d.w.s. dié deel wat oorbly na afkapping van die inifinitiefuitgang *-en*) uitgaan op 'n stemhebbende medeklinker, maar *-te* wanneer die slotkonsonant van die stam stemloos is, bv. *afgetobde* van *aftobben* [ɑftɔban], *verhoogde* van *verhogen* [vərho:ɣən], maar *afgekapte* van *afkappen* [ɑfkɑpən], *vermiste* van *vermissen* [vərmèsən]. Nou is dit nie moeilik om vas te stel of 'n medeklinker stemhebbend of stemloos is nie, en vir Nederlands is daar bowendien 'n lysie te maak wat van buite geleer kan word. Vir Afrikaans staan die saak anders, omdat in ons taal sommige stemhebbende Nederlandse medeklinkers stemloos geword het. Die moeilikheid geld werkwoorde op *-f, -g* en *-s,* veral die laaste twee, aangesien dit meer voorbeelde tel. Vergelyk maar die volgende:—

f: *geërfde* geld, *gekerfde* tabak, maar *gesifte* meel (in die eerste geval het Nederlands 'n *v*: *erven, kerven,* in die tweede daarenteë 'n *f*: *ziften*);

g: *verhoogde* rang, *vervroegde* uur, maar *aangehegte* vorm, *afgerigte* dier (by die eerste groep het Nederlands 'n stemhebbende frikatief, voorgestel deur *g*: *verhogen, vervroegen;* by die tweede daarenteë 'n stemlose, voorgestel deur *ch*: *aanhechten, africhten*);

s: *omgrensde* terrein, *uitgepluisde* wol, maar *gewenste* verandering, *verskanste* posisie (by die eerste het Nederlands *z*: *omgrenzen, uitpluizen,* by die tweede *s*: *wensen, verschansen*).

Soos reeds gesê, maak selfs goeie Afrikaanse skrywers hier meermale foute en gebruik *-te* waar dit *-de* moet wees. Om eenvoudig te sê dat Nederlands gevolg moet word, is totaal onbevredigend: dit vereis grondige kennis van Nederlands, wat die oorgroot meerderheid Afrikaners nie besit nie en nie kàn besit nie. Bowendien behoort taal- en spelreëls uit die betrokke taal self opgebou te word.

Vir Afrikaans kan die moeilikheid egter tot 'n minimum gereduseer word deur die volgende samevattende reël:—

(a) Werkwoorde wat eindig op 'n klinker, insluitende 'n tweeklank, of op *-b, -d, -ng, -l, -m, -n* en *-r* neem *-de*:—

klinker en tweeklank:— *knie* of *knee*: *gekniede, geknede* deeg; *laai*: *gelaaide* geweer; *afsny*: *afgesnyde* hare; *verknoei*: *verknoeide* saak;

b: *aftob*: *afgetobde* mens (dis sowat die enigste voorbeeld);

d: *beklad*: *bekladde* mens; *verbrand*: *verbrande* hout (na 'n medeklinker word *d* net een keer geskrywe);

ng: *verlang*: *verlangde* gegewens; *verleng*: *verlengde* termyn;

l: *behaal*: *behaalde* sukses; *besiel*: *besielde* oomblik;

m: *beraam*: *beraamde* onkoste; *omsoom*: *omgesoomde* doek;

n: *beman*: *bemande* skip; *verdien*: *verdiende loon;*

r: *beseer*: *beseerde* been; *uitkeer*: *uitgekeerde* geld.

Opm. Met uitsondering van *b* en *d* is hierdie slotmedeklinkers almal stemhebbend. Op die end word *b* en *d* as *p* en *t* uitgespreek, net soos in Nederlands, maar histories is hulle stemhebbend, soos o.a. blyk uit die posisie in die woord aan die begin van 'n lettergreep; 'n klinker en tweeklank is altoos stemhebbend.

(b) Werkwoorde wat eindig op *-k, -p* en *-t* neem *-te*:—

k: *bak*: *gebakte* eier; *breek*: *gebreekte* been;

p: *lap*: *gelapte* broek; *skrap*: *geskrapte* naam;

t: *inprent*: *ingeprente* idee; *put*: *geputte* informasie; *spuit*: *gespuite* bome.

Na 'n lang klinker (waaronder vir hierdie doel ook gereken word die kort klinkers *ie* en *oe* [i, u][1]) of 'n tweeklank, en na 'n medeklinker word die *t* enkeld geskrywe.

(c) Werkwoorde wat eindig op *-f, -g* en *-s* neem òf *-de,* òf *-te,* alna die frikatief histories (in Nederlands) respektieflik stemhebbend of stemloos is. Dit kan maklik gebeur dat 'n mens nie al die talryke gevalle raaksien nie en die opgestelde formulering dan ook nie al die gevalle dek nie, maar die volgende hulpmiddels gaan baie ver:—

(i) Wanneer die frikatief voorafgegaan word deur 'n lang klinker of 'n tweeklank, neem die betrokke verlede deelwoord *-de*:—

f: *kloof*: *gekloofde* hout; *afkluif*: *afgekluifde* been;

g: *vertraag*: *vertraagde* aankoms; *uitsuig*: *uitgesuigde* lemoen;

s: *opblaas*: *opgeblaasde* bal; *uitpluis*: *uitgepluisde* wol.

Vier hierdie doel geld die klinkers *ie* en *oe* as lank, kyk onder (b): *grief*: *gegriefde* persoon; *troef*: *getroefde* kaart; *vervroeg*: *vervroegde* aankoms.

(ii) Werkwoorde wat uitgaan op *-lf, -rf, -lg* en *-rg* neem eweneens *-de*:—

lf: *welf*: *gewelfde* dak;

rf: *erf*: *geërfde* geld; *kerf*: *gekerfde* tabak;

lg: *delg*: *gedelgde* skuld; *verswelg*: *verswelgde* voedsel;

rg: *versorg*: goed *versorgde* werk; *verwurg*: *verwurgde* dier.

(iii) Wanneer die betrokke frikatief nie voorafgegaan word deur een van die klanke genoem in (i) en (ii) nie, neem die verlede deelwoord *-te*:—

f: *aanslof*: *aangeslofte* pantoffel; *ontplof*: *ontplofte* buis;

g: *bevrug*: *bevrugte* blom; *versleg*: *verslegte* toestand;

s: *blus*: *gebluste* kalk; *uitrus*: *uitgeruste* dier.

In (i) en (ii) gaan die slotklanke terug op stemhebbende frikatiewe in Nederlands, nl. op *v, g* [ɣ] en *z;* in (iii) is hulle in Nederlands ook stemloos, maar ons *g* word in hierdie geval

[1]) Voor *r* en by uitstoting van 'n volgende konsonant is hierdie twee klinkers deurgaans lank, anders kort. Kyk *Afr. Fon.*, §§ 196, 243. In Nieunederlands is hulle eweneens kort, behalwe voor *r,* maar vroeër was hulle lank, deels ook diftonge, vgl. *Mnl. Gr.*, §§ 12, 17, 18 en 28.

deur *ch* [x] voorgestel, bv. *bevruchten, verslechten.* Na *i* kan ons *g* histories sowel stemhebbend as stemloos wees. In die eerste geval is die spelling in Nederlands *g*: *beëdig* (ndl. *beëdigen*): *beëdigde* verklaring; *inwillig* (ndl. *inwilligen*): *ingewilligde* toenadering; *versadig* (ndl. *verzadigen*): *versadigde* mens; in die tweede geval skrywe die Hollander *ch* [x]: *afrig* (ndl. *africhten*): *afgerigte* dier; *verdig* (ndl. *verdichten*): *verdigte* verhaal. Wie nie oor die nodige kennis van Nederlands beskik nie, moet hierdie klein aantal gevalle van buite leer.

In (a), (b) en (c) is al die klanke genoem waarop 'n werkwoord kan uitgaan in Afrikaans.

Wat in (a), (b), en (c) gesê is, slaan in eerste instansie op die werkwoorde wat histories, bv. in Nederlands, swak is. Die verboë verlede deelwoord van werkwoorde wat histories (in Nederlands) sterk is, neem gewoonlik eweneens *-de* of *-te*, alna die slot van die werkwoord, kyk agtertoe: *gebreekte* been, *gekerfde* tabak, *ingeslaagde* weg *gemaalde* vleis, *geslypte* mes, *gesmelte* lood, *gesnyde* hare, *gespuite* bome, *uitgesuigde* lemoen, *verkoopte* artikel, *uitgevryfde* koringkorrels, ens. Net in die klein minderheid gevalle neem die verlede deelwoord die oorspronklike sterk uitgang *-e* (ndl. *-en* geskrywe, maar meestal *-e* uitgespreek): *gebleke* fout, *genome* besluit, *verskene* verslag, *voorgeskrewe* werk. Wanneer die verlede deelwoord egter figuurlik gebruik word, d.w.s. in adjektiwiese funksie, neem dit gewoonlik die sterk uitgang *-e*: *gedwonge* houding, *geskonde* regte, *gewronge* toestand.

Hier moet ons 'n ernstige woord van waarskuwing laat hoor. In die laaste tyd bestaan daar by heelwat skrywers 'n sterk neiging om op papier die sterk uitging *-e* te gebruik ook by werkwoordelike funksie, bv. *afgevalle* blare, *gevoue* hande, terwyl tog *afgevalde* blare en *gevoude* hande die vorm van die lewende taal is. Daar's 'n minderheid van gevalle waar net die sterk uitgang gebruik word, soos reeds aangetoon, en in enkele gevalle kom altwee uitgange voor, bv. *afgesproke* of *afgespreekte* plek, *geslote* of *gesluite* deur. Waar die verlede deelwoord egter nie in adjektiwiese funksie gebruik word nie, d.w.s. nie 'n toestand aanduie nie, maar nog as werkwoord diens doen, m.a.w. 'n werking uitdruk wat plaasgevind het, daar neem hy in sy

verboë vorm by oorweging die swak uitgange *-de* of *-te*. Wie nie met hierdie feit rekening hou nie, doen ons taal geweld aan en lê die Afrikaner 'n onnodige las op.

10. Die bou van die slot van die Afrikaanse woord.

Die jongste rigting in die taalwetenskap, nl. fonologie,[1]) het die bou van die woord op die voorste voorgrond geplaas. Daarom maak die bou van die Afrikaanse woord 'n baie belangrike afdeling uit van die geskiedenis van ons taal. Die bou as sulks kan hier natuurlik nie behandel word nie, maar 'n paar opmerkinge moet gemaak word oor die slot van die Afrikaanse woord.

(i) In Afrikaans word, in afwyking van Nederlands, *d* en *t* op die end van 'n woord nie gehoor na *f, g* en *s* nie en behoort dus in sodanige gevalle ook nie geskrywe te word nie: *bedroef, drif; berug, bevoeg, geneig, krag, lig; belus, bevrees, bewus, gerus, verhuis,* ens., in teëstelling met ndl. *bedroefd, drift; berucht, bevoegd, geneigd, kracht, licht; belust, bevreesd, bewust, gerust, verhuisd.* In vaktaal uitgedruk, lui die formulering van hierdie verskynsel as volg: die verbinding frikatief plus eksplosief word op die end van 'n woord of lettergreep, behoudens die beperking in (iv), nie toegelaat deur die bou van 'n Afrikaanse woord nie, terwyl die omgekeerde volgorde doodgewoon is: *iets, niks, raps, wiks,* ens.

(ii) In Afrikaans word, in afwyking van Nederlands, geen *t* gehoor na *k* of *p* op die end van 'n woord nie en behoort derhalwe ook nie geskrywe te word nie: *bedek, bedruk, direk, gebak, gekap, kontrak; gelap, gestreep, stip,* ens., in teëstelling met ndl. *bedekt, bedrukt, direkt* (*gebakken* is sterk in Ndl.), *gekapt, kontrakt; gelapt, gestreept, stipt.* In vaktaal formuleer ons die verskynsel as volg: twee opmekaarvolgende eksplosiewe word, behoudens die beperking in (iv), nie in dieselfde lettergreep toegelaat deur die bou van die Afrikaanse woord nie.

---

[1]) Vir ons doel kan ons *fonologie* omskrywe as die wetenskap wat hom besighou met die bou van die woord ten opsigte van betekenisonderskeidende klanke. Vgl. C. C. Uhlenback in *N. Taalg.* XXXIII, bl. 274.

Opm. Afgesien van die vrlede deelwoord (kyk § 9), en enkele voorbeeld by die inifinitief (bv. te *wete* kom, voor haar *trouei*, besit die Afrikaanse werkwoord geen uitgange nie, maar as ons die saak histories beskou, kry ons van hierdie verskynsel hope voorbeelde in die 3de persoon praesens, bv. *bak, breek, dek, haak, ruk; lap, roep, stap,* ens., teenoor ndl. *bakt, breekt, dekt, haakt, rukt; lapt, roept, stapt.*

(iii) In die verboë vorm kom die verdwene medeklinker (eksplosief) weer te voorskyn, maar dan aan die begin van die volgende lettergreep, en wel as *d* of *t*, alnamate die klank histories stemhebbend of stemloos is: *bedroef, -de; bevoeg, -de; drif, – te, direk, -te,* ens.

Opm. Meermale gebruik skrywers en sprekers *-te* waar dit histories *-de* behoort te wees; kyk § 9.

(iv) By enige kultuurwoorde word, in afwyking van wat in (i) en (ii) gesê is, vorme ontmoet met twee medeklinkers op die end, bv. *bedeesd, maagd, takt.* Ook by 'n enkele gewone woord kom dit voor, bv. *beleefd.* By al hierdie afwykinge het ons egter eerder met dubbelvorme te doen, waar die een naamlik die tweede medeklinker laat wegval, die ander weer dit behou, m.a.w. ons het hier *bedees* of *bedeesd, maag* of *maagd, tak* of *takt,* ens. Die kultuurwoord egter, asook die gering aantal dubbelvorme by die gewone woord, doen niks af aan die geldigheid van die formulering in (i) en (ii) nie.

'n Opvallende streekverskil vind ons in die vorm van die telwoord vir 8: in die Westelike Provinsie hoor jy gewoonlik *ag,* maar by wie van vader op kind 'n egte binnelander is, hoor jy daarenteë gewoonlik *agt.*

(v) Dis van die grootste belang dat die bou van die Afrikaanse woord, soos behandel in (i) en (ii), deur skrywers gerespekteer word en dus geen tweede medeklinker ingevoeg word waar dit in die lewende taal nie gehoor word nie. Blykbaar in die waan dat invoeging daarvan die kultuurband met Nederlands nouer toehaal, word hierdie gewraakte medeklinker die laaste jare baie op papier ontmoet, maar dis ten sterkte af te keur om iets onegs in jou taal in te voer.[1])

[1]) Ek was baie bly om in *Die Huisgenoot* van 9 Mei 1941 te lees dat Prof. D. B. Bosman van die Universiteit Kaapstad halt roep teen die invoeging van hierdie onegte tweede medeklinker op die end. Ons het die saak egter reeds baie jare eerder te berde gebring, nl. in 1927 in *Afr. Fon.,* §§ 373-376, maar sover ek kan onthou, het ek in die Spelling-Kommissie alleen gestaan toe die verskynsel bespreek is.

11. Die aaneenskrywe van woorde.

Die wel- of nie-aaneenskrywe van woorde in Afrikaans, met of sonder koppelteken, is 'n vraagstuk wat al lank om 'n diepgaande behandeling vra. Prof. D. B. Bosman het enige jare gelede 'n brosjure daaroor gepubliseer en § XI van die Spelreëls gee enige punte; volledig is die onderdeel uit ons spelling egter nog nie behandel nie.[1]) Ons wil hier slegs enkele beginsels noem. In verband met die aaneenskrywe van woorde word ontsettend veel gesondig. Dit gebeur veral onder Engelse invloed, maar die Hollander is op hierdie punt ook dikwels baie inkonsekwent.

(i) Wanneer 'n woordsoort wat geen byvoeglike naamwoord is nie, ten opsigte van 'n volgende selfstandige naamwoord die funksie van byvoeglike naamwoord vervul, mag sodanige woord nie los van die bepaalde selfstandige naamwoord geskrywe word nie: die *begin-opmerking* en die *slotopmerking* (by die eerste samestelling, as synde baie minder gebruiklik as die tweede, gebruik ons die koppelteken), daar's twee *of-vrae* in die vraestel, sy *aanhou-werk* inspireer my, sy *kort-kort-ophou* is baie hinderlik, sy *langsaam-praat* is baie vervelend (*langsaam* is hier in eerste instansie bywoord by die ww. *praat* en bly dus onverboë, in teëstelling met: 'n *langsame* manier van praat, waar dit b.nw. is en verbuig).

(ii) Wanneer 'n byvoeglike naamwoord nie 'n aparte bepaling van die volgende selfstandige naamwoord uitmaak nie, maar 'n eenheid daarmee vorm, word die twee aanmekaar geskrywe: *kortverhaal, dubbelspelling, dubbelvorm.*

(iii) Wanneer 'n byvoeglike naamwoord wat anders in attributiewe posisie verbuig, voor die selfstandige naamwoord onverboë bly, is dit 'n teken dat hy nié los van sodanige s.nw. mag geskrywe word nie: *half* verbuig, asook byvoeglike naamwoorde op *-aat*, bv. *privaat, delikaat, desperaat;* dus 'n *halwe* dag, 'n *private* huis, maar *halfuur, halfjaar, halfsool, privaatsekretatris.*

---

[1]) Die onderwerp is volledig en grondig behandel deur H. J. Terblanche in 'n M.A.-verhandeling (1943) vir die Universiteit van Pretoria, onder die titel *Die Aanmekaarskryf van woorde in Afrikaans.*

Meermale word ontmoet voorbeelde soos *privaat huis, privaat aangeleentheid,* maar dis 'n anglisisme en behoort te wees *private huis, – aangeleentheid. Afrikaanse Beweging* behoort los te staan en sonder koppelteken. Op hierdie laaste punt verval die Afrikaner soms in die teenoorgestelde uiterste en gaan dan te ver met die aaneenskrywe van woorde.

(iv) Die hoofklem kan tot groot hulp wees om vas te stel of woorde los of aanmekaar geskrywe moet word. Woorde wat 'n begripseenheid uitdruk, besit net een hoofklem en word daarom aanmekaar geskrywe: *géelperske* (bepaalde perskesoort en met een hoofklem) teenoor *'n géel pérske* (met twee hoofklemme), *groéndruiwe* (bepaalde druifsoort en met een hoofklem) teenoor *groén drúiwe* (met twee hoofklemme), *túrksvy* (met een hoofklem) teenoor *túrkse tabák* (met twee hoofklemme).

(v) Die tempo is ook 'n aanduiding: *geelperske* en *groendruiwe* word met vlugger tempo uitgespreek as respektieflik *'n geel perske* en *groen druiwe,* en daarom skrywe ons aanmekaar. Die twee faktore in (iv) en (v) kan natuurlik saamgaan, gaan waarskynlik gewoonlik saam.

Hoëpriester sou volgens (iii) as twee worde geskrywe moet word, maar volgens (iv) en (v) nie, en die laaste gee die deurslag: vgl. *hoëpriéster* (met een hoofklem en vlug tempo, en natuurlik 'n begripseenheid) met *hóë ámptenaar* (met twee hoofklemme en langsamer tempo, terwyl die b.nw. geen eenheid vorm met die s.nw. nie).

(vi) By (iv) en (v) kan ons ook noem gevalle soos *grootmaak* (=opvoed), *grootword* (=opgroei), *klaarmaak* (=toeberei), *kleinding* (=kind), almal begripseenhede met een hoofklem en vlug tempo. Van hulp kan hier ook wees dat in elkeen van hierdie gevalle die begrip weergegee kan word deur een ander woord, bv. die tussen ().

(vii) Let op gevalle soos die volgende: *júniorsertifikaateksamen, Jan(-) van(-)Riebeeck-Skool, Dirkie(-) Uys-Plein.* Elkeen het net een hoofklem en 'n betreklike vlug tempo. Verder is daar oorweginge soos die volgende: daar bestaan 'n „junior sertifikaat" en 'n „eksamen", maar geen sertifikaatseksamen" nie; ook val die hoofklem op *junior* nie op *-kaat-(sertifikaat)* nie: gevolglik kan die woord i.p.v. aanmekaar (wat ons die

beste ag), geskrywe word *Juniorsertifikaat-eksamen* (die 1ste gedeelte vorm 'n eenheid), maar nié *Junior-Sertifikaateksamen* nie. Dergelike oorweginge geld van die ander twee voorbeelde. Net dit: as synde 'n naam en van, kan die eerste twee koppeltekens weggelaat word by *Jan-van-Riebeeck-Skool*, en die eerste by *Dirkie-Uys-Plein* (dus *Jan van Riebeeck-Skool, Dirkie Uys-Plein*), maar die laaste koppelteken is in beide gevalle onmisbaar. In ieder geval mag dit nié as volg geskrywe word nie: *Jan-Vanriebeeckskool, Dirkie-Uysplein*. Die begripseenheid, die hoofklem en die tempo verbied die laaste twee skryfwyses.

VII. WERKWOORDE OP -WE NAAS -F IN AFRIKAANS.[1])

Afkortinge in die teks:

O.d.Pl. = *Op die Plaas* deur C. M. van den Heever;
Kromb. = *Kromburg* deur C. M. van den Heever.

1. Dis bekend dat in ons taal werkwoorde op *-we*, bv. *skrywe*, dikwels afwisselende vorm vertoon op *-f*, bv. *skryf*. Ons bedoel hier die *f* wat terugaan op ndl. *v*; kyk § 7. Dubbelvorme is geen seldsame verskynsel in tale nie, veral nie in jong tale, soos Afrikaans, waar daar naamlik nog nie die nodige vastheid bestaan nie. Daar is egter verskil. Gewoonlik word die dubbelvorme nie deur dieselfde persone deurmekaar gebesig nie, maar gebruik sommige sprekers die een vorm, ander weer die ander, alnamate hulle tot 'n bepaalde groep sprekers behoort of afkomstig is van 'n bepaalde streek. So gebruik die een Afrikaner *môre, nôi* en *skree*, die ander weer *more, nooi* en *skreeu*. By die werkwoorde op *-we* naas *-f* is die geval ewenwel anders: hoewel daar persone is wat nie altwee vorme by een en dieselfde werkwoord gebruik nie, is daar ander wat dit wèl doen. Hoe die groepe min of meer verdeel is, kan sonder dialekgeografiese opnames nie nader aangeduie word nie.

2. Waarop berus hierdie dubbelvormigheid in ons taal? Het altwee vorme dieselfde gebruikswaarde, sodat dit bloot 'n kwessie van afwisseling is? As dit die geval is, sou die dubbelvormigheid 'n lastige verskynsel wees, sonder enige praktiese waarde, behalwe dan soms in die geval van die versvorm, wat deur ons hier buite rekening gelaat word. As daar egter be-

[1]) Hierdie artikel is 'n uitbreiding van wat in eerste instansie voorgedra is voor *Die Taalkring* van die Universiteit van Pretoria en daarna verskyn het in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, bd. II, bl. 21 volg.

paalde redes bestaan vir die afwisselende vorme, wat is dan hierdie faktore?

Die rede wat waarskynlik die meeste aangevoer word ter verklaring van hierdie dubbele gebruik is dat dit 'n saak van ritme is. Dis moontlik dat die gebruik van die vorme van die ritme van die sin kan afhang en ritme is natuurlik nie net 'n kenmerk van poësie nie, maar ook van prosa. By C. M. van den Heever oorweeg die vorm *sterwe*, veral as infinitief, maar in: „tog sal hy *sterf*, as die liefde van hom moet ondergaan" (O.d.P., 80) het die skrywer moontlik die korter vorm gebruik vanweë die nadruk wat daarop val; *sterwe* sou hier miskien minder bevredig het as synde te slepend. Van die liefde wat by Freek ontbrand het vir Miem, maar deur haar nie beantwoord word nie, heet dit: „Hoe het dit nie in hom gegroei nie, en hoe het dit nie in hom *gesterf* nie" (ald., 118). Vir die simmetrie pas die tweelettergrepige *gesterf* beter by „gegroei" as die langer *gesterwe*. Die ritmiese faktor kan ewenwel by onderwerpe soos hierdie iets baie vaags wees, waarmee jy haas alles en tegelyk ook niks kan bewys nie. As ons ritme opneem in die sin van 'n afwisseling van swaarder en ligter vorme, en die vorme op *-we* as swaar en die op *-f* as lig beskou, sal dit nie moeilik val nie om voorbeelde aan te haal uit een en dieselfde skrywer wat mekaar weerspreek. In 'n sin soos „verlede week *skrywe* my broer aan my dat hy my hierdie week kom besoek" sal dieselfde persoon een keer *skrywe* besig, die ander keer weer *skryf*. Vergelyk die volgende sin uit *Johannes van Wyk* van de Waal, 1ste druk: „terwyl hy 'n briefi, wat in potlood *geskryf* was, an Tas oorhandig" (101) met: „di uit syn sak 'n toegeplakte brief haal, wat al vroeg in di morre *geskrywe* was" (ald., 112). Waarom nie in altwee gevalle dieselfde vorm gebruik nie? In die 7de druk (ons het nie voriges kon vergelyk nie) staan dan ook in beide gevalle *geskrywe*. Gevind sal word dat 'n mens by hierdie onderwerp aan ritme nie veel houvas het nie, hoewel die betrokke persoon waarskynlik die teendeel dink. Miskien verstaan sommige onder ritme wat ons as 'n saak van gevoel, van emosie beskou, maar hieroor nader in die volgende paragraaf.

3. 'n Minderheid sal waarskynlik sê dat dit 'n saak van gevoel is of *-we* dan wel *-f* gebruik word. O.i. is die gevoel

by hierdie onderwerp 'n faktor van belang en een van baie meer gewig as ritme, wanneer ons die laaste naamlik opneem in die sin van 'n afwisseling van swaarder en ligter vorme. C. M. van den Heever gebruik gewoonlik of deurgaans die langer vorme *drywe, verdrywe, lewe* en *skuiwe,* en die volgende voorbeelde op *-f* kan miskien aan 'n bepaalde gevoelswaarde toegeskrywe word. Vir die gevoel word die daad van verdrywe-word miskien beter uitgedruk deur die kort vorm in: „wat die eensame gevoel in jou sal *verdryf*" (*O.d.P.,* 15)—„tog sê sy hele hart vir hom hy moet, en *dryf* daar kragte hom goedsmoeds haarheen" (ald., 70)—„en dan is dit of die lewe die dood *verdryf het*" (ald. 116)—„wil iets binne-in hom hom weer van die kêrels na die eensaamte *dryf*" (ald., 9)—„sy het 'n veragting vir die man opgevat . . . wat haar byna *dryf* om . . ." (*Kromburg,* 148).

Die kort vorm *leef* roep miskien die beeld beter voor die gees van die S. as die langer *lewe* in: „'n bliksemslang spring uit die wolke en die straal *leef* voor Freek se oë" (*O.d.P.,* 72). Vir die S. word die gevoel van onrustigheid moontlik beter gesuggereer deur die korter *skuif* in: „en hy *skuif* onrustig rond" (ald., 58), en wek dieselfde vorm miskien beter die gevoel van veranderlikheid in: „so is die boerdery nou eenmaal: dit *skuif* hier, en dit *skuif daar*" (Kromb., 119).

En tog kan ook hier weer maklik voorbeelde aangehaal word uit dieselfde skrywer wat die gevoel as deurslaggewende faktor weerspreek. Van den Heever gebruik deurgaans die vorm *bewe* en ons sal dit geredelik met mekaar eens kan wees dat hierdie tweelettergrepige vorm beter by die werking pas as die eenlettergrepige *beef.* Om dieselfde rede sou ons *vrywe* kan verkies bo *vryf* en van den Heever gebruik dan ook gewoonlik die eerste vorm. Waarom moet dit nou egter die tweede wees in: „hy het . . . sy gesig . . . met die water *natgevryf*" (*O.d.P.,* 16)? Ons voel dat die eenlettergrepige *sweef* pas by die handeling in: „stadig *sweef* (die lammervanger weg" (*Kromb.,* 257), en tog kry ons herhaaldelik die langer *swewe* in: „sy (nl. Wenda, in haar droom) *swewe, swewe, swewe* tot by die rooi duiwels" (*Kromb.,* 76) — „die donker gevoel wat soos 'n aasvoël oor sy siel *geswewe* het" (*O.d.P.,* 122).

Ons het hiervóór die gedagte uitgespreek dat die idee van vlugheid miskien vir die S. beter gewek word deur die korter *dryf*, maar waarom dan *verdrywe* in: „Miem *verdrywe* dadelik die stilte met haar aangename geselskap" (*O.d.P.*, 56) —„die geselskap *verdrywe* gou die stemming van die diens" (ald., 96)? Waarom om dieselfde moontlike rede nie liewer *skuif* gebruik nie in: „groot ligstrepe *skuiwe* skielik oor die rugge van die bulte" (ald., 93)? Ons sou kan betoog dat die slepende *skuiwe* uitstekend pas in sinne soos: „die troppe skape wat stadig . . . na die kraal toe *skuiwe*" (*Kromb.*, 2)—„die lang kuil waarin die wolke altyd teen 'n agtergrond van blou *skuiwe*" (ald., 28), maar waarom dan nie *skuif* nie in: „dit is of Wenda se tobbery ineens *wegskuiwe*" (ald., 70)–dit is of sy *wegskuiwe*, wegtuimel in gryse vertes" (ald., 72)? Sou iemand meen dat die korter *leef* beter pas by werkinge wat vinnig plaasvind of hewig van aard is, hoe dan gemaak met sinne soos: „jy *lewe* so vinnig dat jy niks meer verwerk nie" (ald., 142)—„so hewig *lewe* sy met die stuk saam" (ald., 204)? As die korter vorm *dryf* meer krag en snelheid suggereer as die langer *drywe*, waarom dan tòg die laaste in: „die donker magte . . . wat haar *gedrywe* het" (ald., 266) — „toe die vrou . . ., deur haar ouers se dwarskoppigheid, in 'n aaklige dood *gedrywe* is" (ald., 282)? En dan sou die slepende *drywe* uitstekend pas in die volgende sin: „sy meen soms dat sy haar stryd met die lewe sal laat vaar, dat sy kalm en rustig kan *voortdryf*" (*Kromb.*, 157).

Die plotselinge word vir die S. moontlik beter gewek deur die korter *sterf* in: „daardie man sal nog aan beroerte *sterf*" (ald., 123)—„sy (nl. Wenda) sien (in haar yling) hoe hy (haar oorlede beminde wat verongeluk het) *sterf*" (ald., 289). So druk die korter *sterf* miskien vir die S. die tragiese doodstryd van die so vroeggestorwe Wenda beter uit in: „en met vingers grypend in die bed . . . *sterf* Wenda" (ald., 292), maar dan sou ons eerder *sterwe* verwag by die langsame, stil werking in: „ek verveel my, my siel *sterf*" (ald., 138—„blou vertes wat uiteindelik . . . bedrieg en oorgaan en *sterf* in Krombrug se bekende werklikheid" (ald., 156)—„soos die lig van die dag wat *sterf* deur die verraad van die nag" (ald., 225). Daarenteë sou

ons nie *sterwe* verwag nie in: „die groot reënboog *sterwe* in 'n oogknip" (*O.d.P.*, 74).

Waarom die langer *afskuiwe* in: „dis sy ervaring dat die mense alles van hulle *afskuiwe*" (*Kromb.*, 166), maar die korter *afskuif* in: „gedurig *skuif* hulle dit (nl. die vermaninge van die dominee) van hulle *af*" (ald., 138)? 'n Mens sou sê dat die vorm op *-f* uitstekend pas by die werking wat deur *stuif* uitgedruk word en tog vind ons die langer, slepende vorm in: „eers was dit die winde wat . . . onsinnig *ingestuiwe* het" (ald., 176).

Soms wil dit lyk of die vorm op *-f* die voorkeur kry by figuurlike gebruik, wat ook onder die hoof gevoel kan gereken word, maar dan breër, meer algemeen opgevat as in die voorafgaande. Hiermee sou dan klop die vorm *leef* by Van den Heever, wat anders gewoonlik *lewe* gebruik, in 'n sin soos: „vae verlangens wat . . . geen vaste vorme kan vind om hulle *uit te leef* nie" (*Kromb.*, 150), maar hoe sit dit dan met sinne soos: „'n gevoel of haar hele wese hom kan *uitlewe*" (ald., 246)—„waar 'n gevoelige mens hom . . . kan *uitlewe*" (ald., 251)? Aanneemliker lyk dit dan om te sê dat die minder alledaagse werkwoord of betekenis die vorm op *-f* verkies, terwyl die teenoorgestelde uitgedruk word deur die vorm op *-we*, maar hieroor in §6.

Ons het hier talryke voorbeelde gegee — en die aantal is maklik uit te brei — waar die gevoel die een keer deur die vorm op *-f* uitgedruk is, die ander keer deur die op *-we*, sodat die voorbeelde na beide kante wys. Dit sou ewenwel verkeerd wees om hieruit die gevolgtrekking te maak dat die gevoel by hierdie saak geen rol speel nie. Al wat ons wou verduidelik is dat 'n mens versigtig moet wees wanneer hy die gevoel as deurslaggewende faktor aanvoer.

4. Objektief beskou, sou kan gemeen word dat by bevele die kort vorm meer geskik is as die lange en dat daarom in die imperatief by voorkeur die op *-f* moet verwag word. Die imperatief is 'n wyse wat 'n mens uit die aard van die saak nie so dikwels in die letterkunde ontmoet nie en daarom het ons vir voorbeelde omgesien na die taalboekies. As voorbeeld het ons gekies B. G. Lindeque se *Afrikaanse Taaloefeninge* (Juta, 1935), 'n werkie van 211 bladsye. Soos te begryp, word die

werkwoordsvorme *skrywe* — *skryf* hier baie in die imperatief gebruik, maar die voorbeelde van *skrywe* beloop 90%, die van *skryf* slegs 10%. En wanneer gelet word op die sinne waarin *skryf* gebruik word, spring dit dadelik in die oog dat selfs by hierdie geringe aantal daar geen definitiewe rede vir die gebruik was nie, behalwe dan moontlik die van blote afwisseling, net soos iemand liefs nie vlak opmekaar dieselfde woord gebruik nie. In sinne wat woordelik eenders is, of nagenoeg eenders, vind ons etlike kere altwee vorme naas mekaar. Op bl. 44 vind ons eenmaal: „*skryf* die volgende sinne in die meervoud" en eenmaal: „*skrywe* die volgende sinne oor"; op bl. 139 eenmaal: „*skryf* die volgende sinne oor" en eenmaal: *skrywe* die volgende sinne oor"; op bl. 176 tweemaal: „*skryf* 'n brief aan" en viermaal: „*skrywe* 'n brief aan".

5. In die voorafgaande bladsye het ek drie moontlike faktore genoem wat sou kan bepaal of die werkwoord op *-f* dan wel op *-we* moet uitgaan. Ons het egter gesien dat daar baie vaags aan vaskleef en dis uiters gewens dat meer vastigheid verkry word. Baie sprekers sal waarskynlik antwoord dat altwee vorme vir hulle ewe goed is en dat, afgesien van afwisseling, hulle netsogoed die een as die ander kan gebruik. Dubbelvormigheid van hierdie soort is egter 'n las, volstrek geen rykdom nie. As daar daarenteë gebruiksverskil by hierdie vorme bestaan, is dit van groot belang dat ons meer vastigheid in hierdie saak kry.

Om te wete te kom wat die lewende taalgebruik is ten opsigte van die *f-* en *w*-vorme by die werkwoord, is daar maar een afdoende metode, nl. om die verskynsel dialekgeografies te ondersoek. Voorlopig is dit egter nie moontlik nie, omdat ons aan die begin staan van ons dialekgeografiese werksaamhede. Afgesien van iemand se eie taalgebruik as ondersoeksveld, bly dan alleen oor die werk van een of meer skrywers. Persoonlik besit ek vastigheid in hierdie saak en by elke prosawerk van C. M. van den Heever het dit my getref dat sy gebruik baie ooreenkoms vertoon met die van my. Daarom het ek twee van sy romans op hierdie punt noukeurig ondersoek en deel die uitkoms hier mee. As voorbeelde het ek gekies sy eerste roman, *Op die Plaas* (4de druk, 1937); die werk is ewenwel van 1927), en een van sy laaste romans, nl. *Kromburg* (1937). Die groot

ooreenkoms tussen ons twee is daarom opvallend omdat ons opgegroei het in twee streke wat ver van mekaar geleë is. Self het ek opgegroei in die distrik Worcester, nl. in die gedeelte bekend as Oorheksrivier. My taal het, wat die vorm betref, in hoofsaak gebly die van my oorspronklike woonstreek. Prof. Van den Heever het opgegroei in die distrik Trompsburg (suidelike Vrystaat). Hy deel my mee dat hy in hoofsaak die taalvorme van sy geboortestreek behou het en — dit is 'n punt van belang — dat sy werke 'n getroue weergawe is van sy manuskrip.

In 1937 het Dr. W. H. Venter aan die Universiteit van Pretoria gepromoveer op 'n proefskrif oor *Die wisselende eindklank of -klanke van die werkwoord in Afrikaans*. As studieveld het hy, behalwe sy eie taal en die van sy omgewing, gekies die prosawerke van C. M. van den Heever, J. H. H. de Waal en C. J. Langenhoven. Sy onderwerp is natuurlik baie breër as die van hierdie studie, maar die werkwoorde op *-f* naas *-we* vorm 'n belangrike onderdeel van sy dissertasie (hf. VI, bll. 119-167). Van die uitkoms van Dr. Venter het ek dankbaar gebruik gemaak. Aangesien de Waal opgegroei het in die distrik Stellenbosch en in Kaapstad werksaam was, en Langenhoven sy eerste jare in die distrik Ladysmith (Kaapprovinsie) deurgebring het, maar sy werksaamhede verrig het in Oudtshoorn en later in Kaapstad (Dekker, *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis*, bll. 125 en 136), en ek in leeftyd aanmerklik nader staan aan hierdie twee as aan v. d. Heever, sou verwag word dat hulle taal insake die betrokke taalverskynsel meer ooreenkoms moet vertoon met die van my as met die van van den Heever. Dit is ewenwel volstrek nie die geval nie.

Dis algemeen bekend dat de Waal en Langenhoven hulle taal goed versorg het en toegesien het dat hulle manuskrip deur die korrektor nie gewysig word nie; ook is dit bekend dat hulle belus was op die lewende taal. Moet ons nou aanneem dat hulle taalgebruik wat betref ons punt van ondersoek 'n getroue weergawe is van die taal van hulle omgewing? Hierop gee Venter die antwoord (ald., bll. 171-182). Hy sê dat de Waal en Langenhoven nader aan die Nederlandse skryftradisie staan as van den Heever en ook meer 'n groep vorm, teenoor van den Heever as 'n ander groep. Die laaste se taal, so gaan Venter

voort, is eenvormiger en 'n getroue weergawe van die lewende taal. By de Waal en Langenhoven daarenteë was die Nederlandse skryftradisie aanvanklik veral baie sterk en dit beteken, wat ons punt van ondersoek betref, dat op papier as Afrikaans beskou is die Nederlandse vorm met afkapping van die uitgang *-en*, m.a.w. Ndl. *schrijven*, Afr. *skryf*. Hoewel sommige van die vorme op *-f* later hulle plek moes inruim aan die op *-we*, het die Nederlandse skryftradisie by hierdie twee skrywers nooit heeltemal verdwyn nie; by Langenhoven nog minder as by de Waal. Van den Heever gebruik die vorm op *-we* baie meer as die ander twee; de Waal staan egter nader by van den Heever as Langenhoven. Aldus die uitkoms van die ondersoek van Venter, waarmee ons akkoord gaan.

Dat de Waal en Langenhoven nader by die Nederlandse skryftradisie gestaan het, hoewel, soos bo opgemerk, hulle belus was op die lewende taal, is volkome begryplik wanneer onthou word dat hulle behoort het tot 'n ouer geslag as van den Heever en dat hulle pioniers was ten opsigte van die gebruik van Afrikaans as medium van kultuur. Diegene van ons wat waargeneem het, veral die oueres onder ons wat nie met Afrikaans op skool opgegroei het nie, weet maar alte goed dat ons geskrewe Afrikaans aanvanklik in heelwat opsigte nader aan die Nederlandse skryftradisie gestaan het as aan ons lewende taalgebruik. Naarmate ons vastigheid gekry het insake die gebruik van ons taal as kultuurmedium, het die toestand verander. Hoe dikwels het ons, onderwysmense, dit nie ondervind wanneer ons uit 'n laai 'n geskrewe stuk te voorskyn bring van 'n ruim aantal jare gelede nie?

6. Voor ons die uitkoms meedeel van ons ondersoek van genoemde twee romans van van den Heever, noem ons al die faktore wat kan bydra tot die keuse van hetsy die vorm op *-f*, hetsy die op *-we*.

(i) DIE GEVOEL. Dit kan van invloed wees, maar ons moet baie versigtig wees met die waarde wat daaraan in 'n gegewe geval toegeskrywe word. Kyk § 3.

(ii) DIE RITME. As ons ritme nie min of meer vereenselwig met gevoel nie, maar dit opneem in die sin van 'n afwisseling van swaarder en ligter vorme, is ons van oordeel dat

dit weinig invloed het. Venter (ald., bll. 178-179) is van oordeel dat ritme 'n geringer rol speel as gevoel, maar dat die laaste 'n vername faktor is. O.i. het hy die invloed van die gevoel oorskat en nie in die lig gestel die subtielheid daarvan as deurslaggewende faktor nie, nie laat uitkom die onvertroubaarheid daarvan nie weens die feit dat dit dikwels na teenoorgestelde rigtings wys, soos deur ons aangetoon by van den Heever. Kyk § 3.

(iii) DIE VOLGENDE KLANK. Gemeen sou kan word dat om fonetiese redes (makliker vloei) *-we* verkies word voor konsonente, *-f* voor klinkers, bv.: as jy *skryf* om geld, maar: as jy *skrywe* vir die man. Venter sê dat die volgende klank alleen van invloed is wanneer dit 'n swakbeklemtoonde e [ə] is, wat sou voorkom dat twee swakbeklemde e's onmiddellik op mekaar volg. Aanvanklik was ek van oordeel dat hy nie genoeg werk gemaak het van die volgende klank as faktor nie, maar by nader ondersoek is ek daarvan oortuig dat hy gelyk het. Ek sou selfs verder wil gaan en sê dat die volgende klank as faktor weinig of geen invloed het nie. Selfs voor swakbeklemtoonde *e*, onteenseglik die gunstigste posisie vir hierdie moontlike faktor, is dit maklik om baie voorbeelde aan te haal met *-we*, nie *-f* nie. Ons gee 'n paar uit *Op die Plaas* van van den Heever: „nou is dit (nl. sy huisie) 'n paleisie waar 'n skat in *begrawe is*" (26) —„hier en daar in die grond het die hoenders gate *gegrawe en* lê hulle veerlywe lekker en rondskud daarin" (20; *en* uitgespreek met swakbeklemtoonde *e*, òf die geheel as genasaleerde swakbeklemtoonde *e*)—„soos hy vroeër *gelewe het*, kan hy nie meer nie" (94)—„die maan, wat nou al 'n endjie hoër in die hemel *ingeskuiwe het*" (95; waar *het* in albei gevalle as *et* uitgespreek word.)—„die groot reënboog *sterwe* in 'n oogknip" 74)—„sy siel . . . *lewe in* stille weelde" (77). Uit die „Aanhangsel" is daar ook uit *Kromburg* heelwat voorbeelde aan te voer, maar genoeg.

(iv) DIE TEMPO. Dis moontlik dat die korter vorm op *-f* die voorkeur kan hê by vlugger handelinge. Hiertoe kan die imperatief gereken word. Vir die imperatief verwys ek na § 4, maar ek is van oordeel dat die tempo 'n faktor is van weinig of geen invloed nie.

(v) HISTORIESE REDES. Om historiese redes kan 'n mens dink dat *-we* veral by die infinitief moet oorheers. Die ooreenstemmende Nederlandse vorm eindig by hierdie werkwoorde altoos op *-ven*, wat in Afrikaans *-we* sou oplewer, terwyl in die ander tye van die werkwoord (praesens en verlede deelwoord) *-ven* ander vorme daarnaas het. In die twee romans van van den Heever wat deur my ondersoek is, is *-we* werklik iets talryker by die infinitief as by die praesens en verlede deelwoord, maar die verskil is nie groot genoeg om van belang te wees nie. By myself is dit nie van die minste invloed nie.

(vi) VERSKILLENDE TAALLAE. Laat ek hier met my eie taalgebruik beginne, omdat ek daarvan die beste rekenskap kan gee. Vir my persoonlike taalgevoel hang die gebruik van die vorme op *-we* en *-f* van die gebruiklikheid van die betrokke woord af. Werkwoorde van die daaglikse omgang gaan by my altoos uit op *-we*, bv.: *bewe, belowe, dolwe, drywe, erwe, kerwe, klowe, lawe, skawe, skrywe, skuiwe, sterwe, stywe* (wasgoed), *vergewe, vrywe*, ens. Werkwoorde wat min of meer tot die kultuurgroep behoort, gaan by my daarenteë uit op *-f*, bv.: *loof, roof, stuif, sweef, vertoef, weef, wuif*, ens. Sommige werkwoorde van die tweede groep is by my besig om na die ander oor te gaan alnamate hulle meer tot die alledaagse gebruik gaan behoort. Hierdie werkwoorde staan dus op die grens, kan m.a.w. sowel op *-we* uitgaan as op *-f*, bv. *strewe* naas *streef*. *Beleef* is ook 'n voorbeeld: die simpleks is by my net *lewe*, maar by die afgeleide en minder alledaagse *beleef* het hierdie laaste vorm wel nog die voorrang, maar daarnaas besig ek reeds *belewe* en ritme het daar by my niks mee te doen nie. Die gebruik van die twee vorme berus dus by my op die psigologiese faktor en my Afrikaanse taaleie gaan beslis in die rigting van die vorm op *-we*.

Die psigologiese faktor kan ek in hierdie geval vir my persoonlike taalgevoel mooi toelig met die volgende voorbeeld. In letterlike, m.a.w. alledaagse, sin gebruik ek uitsluitend die vorm *klowe*, bv. *hout klowe*, maar ek sal nie sê nie: die Here het die Rooisee *geklowe*. In die laaste geval besit die woord 'n ander gevoelswaarde en daarom moet dit vir my beslis *gekloof* wees. Net so gebruik sommige van ons uitsluitend die vorm *buie*: ek

buie die yster; hy het die kierie *gebuie*, ens. maar ons sal nie sê nie: ek *buie* onder sy wil. Nee, hier moet dit wees *buig*, omdat dit die figuurlike gebruik is en die gevoelswaarde anders. Gevoel speel dus by my in sover 'n rol as wat die werkwoord gebruiklik is of nie, of in letterlike dan wel figuurlike betekenis gebesig word. Ons het dus hier te doen met verskillende taallae.[1]) Let daarop dat die simpleks tot die gewone taallaag kan behoort, die afleiding daarenteë tot die kultuurgroep, bv. *drywe* tot die eerste, *verdryf* en *voortdryf* tot die tweede.

Met my toestand soos hier uiteengesit, kom die by van den Heever in die ondersogte twee romans taamlik goed oreen. By gewone werkwoorde gebruik hy hoofsaaklik die vorm op *-we*, by kultuurwoorde daarenteë die op *-f* Die laaste bestaan in hoofsaak uit *beroof*, *deurstoof*, *golf*, *grief*, *groef*, *handhaaf*, *verdryf*, *verstroef*, *vertoef*, *verwerf*, *voortdryf*.

7. Let daarop dat *-f* gewoonlik net afwissel met *-we* versover die eerste teruggaan op ndl. *v*, bv. *skawe* naas *skaaf*, ndl. *schaven; skuiwe* naas *skuif*, ndl. *schuiven*. In die volkstaal bestaan daar egter die neiging om ook *-f* gelyk aan ndl. *f* te laat afwissel met *-we*, bv. *straf* naas *strawwe*. ndl. *straffen; plof* naas *plowwe*, ndl. *ploffen; stof* naas *stowwe*, ndl. *stoffen* (Vgl. Venter, bll. 165-167 en le Roux en Pienaar, *Afrikaanse Fonetiek*, §§600-609). In die vorm op *-we* moet gesien word 'n ouer en volksaardiger verskynsel as in die op *-f;* die vorm op-*f* word dikwels gebesig onder invloed van Nederlands. Venter meen dat in die gedeeltes wat hy ondersoek het *-we* aan toeneem is onder die jonger geslag.

8. Die verdeling van die twee vorme op *-we* naas *-f* in genoemde twee romans van van den Heever is soos volg. Ons gee die verskillende tydsvorme apart na aanleiding van wat opgemerk is in § 6, v.

A. **Op die Plaas.**

Daar is 93 werkwoordelike vorme op *-we* en *-f* tesame, waarvan die op *-we* 83% tel en die op *-f* 17%. Laat ons dadelik opmerk dat ons deurgaans net in totale reken, geen desimale dele gee nie.

[1]) Kyk bll. 38, 51-52.

1. DIE PRAESENS. Aantal voorbeelde op *-we* en *-f*: 44, waarvan 82% op *-we* en 18% op *-f*. Ons laat telkens die werkwoorde volg wat gebruik is, met die aantal voorbeelde van elkeen tussen hakies. Dis naamlik van groot belang om te weet watter werkwoorde gebruik is, alledaagse of kultuurwoorde, en wat die onderlinge frekwensie is.

Werkwoorde op *-we*: *bewe* (3), *drywe* (4), *verdrywe* (2), *grawe* (1), *lewe* (5), *herlewe* (1), *skroewe* (1), *skrywe* (1), *skuiwe* (8), *sterwe* (4), *vergewe* (1), *vrywe* (3), *droogvrywe* (1), *invrywe* (1).

Werkwoorde op *-f*: *dryf* (1), *aandryf* (1), *kerf* (1), *leef* (1), *skuif* (1), *sterf* (1), *vaskleef* (1), *deurweef* (1).

2. DIE INFINITIEF. Aantal voorbeelde op *-we* en *-f*: 27, waarvan 89% op *-we* en 11% op *-f*.

Werkwoorde op *-we*: *bewe* (2), *drywe* (3), *lewe* (13), *skrywe* (5), *skuiwe* (1).

Werkwoorde op *-f*: *dryf* (1), *sterf* (1), *verdryf* (1).

3. DIE IMPERATIEF. Geen voorbeelde nie.

4. DIE VERLEDE DEELWOORD. Aantal voorbeelde op *-we* en *-f*: 22, waarvan 74% op *-we* en 26% op *-f*.

Werkwoorde op *-we*: *begrawe* (4), *gebewe* (1), *weggedrywe* (1), *gegrawe* (1), *gelewe* (4), *opgeskrywe* (1), *geskuiwe* (2), *gesterwe* (1), *geswewe* (1), *uitgevrywe* (1).

Werkwoorde op *-f*: *oorleef* (1), *uitgeleef* (1), *gesterf* (1), *natgevryf* (1), *verdryf* (1).

Dis opmerklik dat van den Heever hier die vorm *geswewe* gebruik en nie *gesweef* nie. Die sin lui: „die donker gevoel wat soos 'n aasvoël oor sy siel *geswewe* het" (122). My vorm is net *gesweef*. Venter (bll. 133-134) deel ons mee dat de Waal en Langenhoven net *sweef* gebruik, van den Heever daarenteë sowel *swewe* as *sweef*. Die jonger geslag van sy gebied besig in die omgangstaal meestal *swewe*.

B. **Kromburg.**

Daar is 264 werkwoordelike vorme op *-we* en *-f* tesame in die werk, waarvan die op *-we* 80% tel en die op *-f* 20%.

Let op die baie treffende ooreenkoms in persentasie met die toestand in *Op die Plaas.*

1. DIE PRAESENS. Aantal voorbeelde: 122, waarvan 79½% op *-we* en 20½% op *-f.*

Werkwoorde op *-we*: *bederwe* (1), *bewe* (17), *drywe* (14), *oordrywe* (1), *verdrywe* (1), *klewe* (1), *lewe* (14), *skuiwe* (28), *snuiwe* (1), *skrywe* (2), *toeskrywe* (1), *sterwe* (4), *snewe* (3), *vergewe* (1), *vrywe* (6), *wewe* (2). Werkwoorde op *-f*: *beloof* (1), *dryf* (1), *golf* (2), *aangolf* (2), *hoef* (1), *skuif* (3), *sterf* (5), *versterf* (2), *deurstoof* (1), *sweef* (1), *verstroef* (1), *vertoef* (1), *verwerf* (2), *weef* (3).

Dis opmerklik dat van den Heever *klewe* eenmaal gebruik, driemaal *swewe* en eenmaal *sweef*, tweemaal *wewe* en driemaal *wêef*. Dis van belang om die sinne te gee:— *klewe*: „moet sy Kromburg met . . . wat daaraan *klewe* netso loslaat" (233); *swewe*: „sy *swewe, swewe, swewe* (in haar droom) tot by die rooi duiwels" (76); *sweef*: „stadig *sweef* (die lammervanger) weg" (259); *wewe*: „want God, die ewige wewer, *wewe* fyn" (193)—„die lewe wat genadeloos . . . sy drade *wewe*" (222); *weef*: „die strate waar die skemer sy web al dieper *weef*" (52) —„die dag *weef* sy koms aan die hemel" (273)—„'n lang stilte waarin die komende nag sy skaduwees weef" (394).

2. DIE INFINITIEF. Aantal voorbeelde: 67, waarvan 86½% op *-we* en 13½% op *-f.*

Werkwoorde op *-we*: *bederwe* (1), *drywe* (7), *verdrywe* (1), *begewe* (1), *begrawe* (1), *bewe* (1), *lewe* (16), *belewe* (1), *uitlewe* (2), *skrywe* (7), *afskrywe* (skuld: 1), *toeskrywe* (1), *skuiwe* (7), *sterwe* (6), *wegsterwe* (1), *strewe* (1), *vergewe* (2), *vrywe* (1).

Werkwoorde op *-f*: *voortdryf* (1), *grief* (1), *handhaaf* (1), *uitleef* (1), *sterf* (3), *vertoef* (1), *weef* (1). Vergelyk vir *weef* onder 1. Ons merk op dat *wewe* hier nie vorkom nie.

3. DIE IMPERATIEF. Geen voorbeelde nie.

4. DIE VERLEDE DEELWOORD. Aantal voorbeelde: 75, waarvan 73% op *-we* en 27% op *-f.*

Werkwoorde op *-we*: *bederwe* (3), *begrawe* (3), *belowe* (1), *gebewe* (1), *gedrywe* (5), *geërwe* (5), *gegrawe* (1), *oopgeklowe* (1), *gelewe* (9), *belewe* (4), *deurlewe* (4), *omgewe* (2),

deurgeskawe (1), *geskrywe* (7), *geskuiwe* (6), *gestrewe* (1), *ingestuiwe* (1).

Werkwoorde op *-f*: *beroof* (2), *gedryf* (1), *ingegroef* (1), *gekerf* (1), *uitgeleef* (1), *gesterf* (2), *geverf* (1), *verstroef* (1), *verwerf* (1), *geweef* (3), *verweef* (5).

Vergelyk vir *ingestuiwe* § 3. Ons merk op dat *geweef* driemaal gebruik word, *gewewe* nie een keer nie. Vgl. 1.

Op grond van hierdie statistiek mag ons die volgende konstateer:—

(*a*) Die verspreiding van vorme op *-we* en *-f* onder die verskillende afdelings van die werkwoord is in aantal buitengewoon gelyk in die twee ondersogte werke, waarvan *Op die Plaas* in 1927 verskyn het en *Kromburg* in 1937. Vir hierdie aansienlike tydperk van 10 jaar het die skrywer hom so gelyk gebly as wat in hierdie nie-matematiese sake ook maar eginsins verwag kan word.

(*b*) Die vorme op *-we* is baie talryker as die op *-f*: vir die twee romans same tel die op *we-* 81½%, die op *-f* 18½%.

(*c*) Die werkwoorde op *-f* is by oorweging kultuurwoorde. Die skeiding tussen gewone en kultuurwoorde is nie so streng soos by my nie, maar dis volkome duidelik dat by die gewone werkwoorde die vorm op *-we* ver oorweeg. So seer oorweeg die vorm op *-we* dat die Skrywer gebruik *aanklewe, swewe* en *wewe,* werkwoorde wat vir die meeste tog wel veilig tot die kultuurgroep gereken mag word. Ons mag dus sê dat die hoofaktor waarop die uitgang *-we* berus by van den Heever, netsoos by my, die taallaag is: die alledaagse werkwoord neem gewoonlik *-we*. Kyk § 6, vi.

(*d*) Die persentasie vorme op *-we* is groter in die inifintief as in die praesens en die verlede deelwoord, maar die verskil is nie groot genoeg om van belang te wees nie. Kyk verder § 10: *Aanhangsel.*

9. Na die tyd het ek nog ag werke ondersoek in verband met heirdie punt, nl. *Via Dolorosa* (1942): Sannie Visser; *Oogklappe* (1941): Meg Ross; *Die Nasleep* (1941): *Helmüth* Luttig; *Stad en Land* (1914): Boerneef; *Oorwinning* (1941): N. A. Potgieter; *Temmers van die Noordweste* (1941): Eliz.

Vermeulen; *Die Gerf* (1941): M. G. Murray; *Waarheen Vader?* (1940): Abel Coetzee. Ek het die boeke nie met die oog op hierdie punt gekies nie, maar gelees net soos dit gekom het. Die uitkoms deel ek mee in die vorm van 'n tabel, wat geen verduideliking nodig het nie; die persentasies is bereken tot op die naaste vol getal. Ek gee hier net die aantal werkwoorde en die respektieflike persentasies; vir grondige studie moes natuurlik die werkwoorde self gegee gewees het, so nie ook die sin nie, maar die ruimte verbied dat ek die verskynsel hier behandel soos by die twee werke van van den Heever en vir die deursnee-leser sou dit ook te vervelend geword het. Meegedeel mag egter word dat die werkwoorde oòr die algemeen van dieselfde tipe is as by van den Heever, soos trouens te verwag. Die werkwoord *hoef*, wat altoos op *-f* uitgaan, is nie bygetel nie.

	Aantal ww. op *-we* en *-f* in boek.	Persentasie ww. op *-we* in boek.	Persentasie ww. op *-f* in boek.	Aantal infinitiewe op *-we* en *-f* in boek.	Persentasie infinitiewe op *-we*.	Persentasie infinitiewe op *-f*.	Aantal praesensia op *-we* en *-f*.	Persentasie praesensia op *-we*.	Persentasie praesensia op *-f*.	Aantal imperatiewe op *-we* en *-f*.	Persentasie imperatiewe op *-we*.	Persentasie imperatiewe op *-f*.	Aantal verl. dlww. op *-we* en *-f*.	Persentasie verl. dlww. op *-we*.	Persentasie verl. dlww. op *-f*.	
1. Via Dolorosa	104	60	40	33	67	33	44	50	50	2	100	0	25	64	36	Persentasie *we*-vorme in stygende volgorde by groottotaal.
2. Oogklappe	172	67	33	70	71	29	49	65	35	2	100	0	51	61	39	
3. Nasleep	109	71	29	44	73	27	39	74	26	2	100	0	24	58	42	
4. Stad en Land	40	77½	22½	9	78	22	14	87½	12½	1	100	0	16	69	31	
5. Oorwinning	133	47	53	32	44	56	70	47	53	2	50	50	29	48	52	Persentasie *we*-vorme in dalende volgorde by groottotaal.
6. Temmers v/d Noord-weste	155	41	59	44	66	34	72	26	74	1	0	100	38	39	61	
7. Die Gerf	82	29	71	20	55	45	33	24½	75½	1	0	100	28	18	82	
8. Waarheen Vader? ..	87	14	86	39	15	85	16	12½	87½	0	0	0	32	12½	87½	

Gevolgtrekkings uit hierdie tabel:—

(i) By nos. 1-4 oorweeg die werkwoorde op *-we*, by nos. 5-8 die op *-f*. Opgemerk sal egter word dat by no. 5 die *f*-vorme maar iets in die meerderheid is, terwyl by nos. 2-4 die vorm op *-we* baie sterk oorweeg; by nos. 1 en 6 is die toestand nagenoeg gelyk. Slegs by nos. 7 en 8 oorweeg die vorme op *-f* ver en by no. 8 is die verskil aanmerklik groter as in die gunstigste geval van *-we* (no. 4). Veilig mag egter gesê word dat by hierdie ag werke as geheel die vorme op *-we* oorweeg. Word hierby gevoeg die verhouding by van den Heever en by myself, dan oorweeg die vorm op *-we* in aansienlike mate. Natuurlik kan hierdie verskynsel alleen dialekgeografies grondig ondersoek word, soos reeds opgemerk in § 1, eerste alinea.

(ii) Oor die algemeen is die vorme op *-we* die talrykste by die infinitief; dis selfs nagenoeg tweemaal so talryk by no. 6 as die op *-f* en aanmerklik in die meerderheid by no. 7, terwyl tog by hierdie twee werke die vorme op *-f* aanmerklik oorweeg by die groottotaal. Die historiese faktor (§ 6, v) speel dus waarskynlik 'n rol, maar aansienlik sal dit wel nie wees nie, kyk § 8, d. Die vernaamste faktor wat *-we* begunstig, lyk nog altoos die taallaag te wees, d.w.s. die graad van gebruiklikheid, vgl. § 6, vi en § 8, a-d. Nog altoos het ek die vermoede dat die oorweging van vorme op *-f* saamhang met 'n in mindere of meerdere mate bewuste strewe, nl. so: die Afrikaanse vorm is die Nederlandse minus *-en* en daar *v* op die end self *f* word, moet bv. Ndl. *schrijven* in Afrikaans word *skryf*, kyk § 5, veral die laaste twee alineas.

(iii) Opmerklik is dat by no. 7 die vorme op *-we* by die infinitief aansienlik talryker is as die op *-f*, maar dat by die praesens die laaste byna driemaal so talryk is as die op *-we*.

(iv) Die volgende val op by no. 7: hoewel as geheel die vorme op *-f* ver oorweeg, is die op *-we* iets in die meerderheid by die infinitief; dan nog dit: van *bewe, snuiwe* en *vrywe* kom respektieflik 6, 1 en 1 voorbeelde voor in die praesens, maar geen enkele vorm op *-f* nie; *skuif* daarenteë kom agmaal voor in die praesens, maar *skuiwe* geen enkele keer nie; driemaal ook kom voor *-geskuif*, maar die verl. dlw. op *-we* geen enkele keer nie. Byna is 'n mens geneig om te vra of die emosionele faktor

by die S. 'n rol gespeel het, nl. steeds *bewe, snuiwe* en *vrywe* as tekennegewende 'n herhaling, maar altoos *skuif* as aanduidende geen herhaling nie, maar 'n voortgaande beweging.

(v) In (i) is reeds daarop gewys hoeseer die vorme op *-f* oorweeg by no. 8. Dit sal interessant wees om na te gaan of dit altoos die geval was by Coetzee. In *Skimme van die Goudstad* (1936) is die vorme op *-f* ook in die meerderheid, maar die verhouding is darem gunstiger vir *-we* as in *Waarheen Vader?*, nl. *-we*: 26%, *-f*: 74%.[1])

Aanhangsel.

Ten einde die leser in staat te stel om die uitkoms van my ondersoek nader te kontroleer, laat ek as „Aanhangsel" volg al die voorbeelde van werkwoorde op *-we* en *-f* in genoemde twee romans van van den Heever. Ons gee die werkwoorde in alfabetiese volgorde volgens die simpleks.

Op die Plaas.

I. Die Praesens op *-we.*

1. *bewe*:—1. „toe Tant Trynie en Miem agter die stamme van die populierbome verdwyn, *bewe* 'n rilling van opgewondenheid deur Freek se lyf" (44)—2. „waar die streep kerslig op hulle *bewe*" (51)—3. „ja, ons sal jou baie hier mis", sê hy, en sy stem *bewe* effens" (99).
2. *Drywe*:—1. „van hulle (die wolke) breek groot haelwit stukke . . . nou en dan los en *drywe* soos spierwit lappe die blou hemel in" (71)—2. „ligte wolkies *drywe* soos rook nou en dan oor die maan" (98)—3. „'n klein wolkie *drywe* soos 'n stukkie wol oor die maanrondte (102)—4. „die donker gevoel wat soos 'n aasvoël geswewe het, *drywe* nou sos 'n skaduwee weg" (122);

[1]) In die *Inleiding* (19 bladsye) by Leipoldt se *Oom Gert Vertel* (1911) gebruik Prof. Johannes J. Smith nie een keer 'n vorm op *-f* nie, maar vyftien maal vorme op *-we*. Die werkwoorde is *berowe, erwe, skrywe, verslawe, voorskrywe* en *voortlewe*. Self gebruik ek *verslaaf*, sodat Prof. Smith nog iets verder gaan as ek.

verdrywe: 5. Miem *verdrywe* dadelik die stilte met haar aangename geselskap" (56)—6. „die geselskap *verdrywe* gou die stemming van die diens" (96).

3. *grawe*:—1. „en 'n laggie *grawe* grippies om sy lippe" (44).
4. *lewe*:—1. „'n fyn laggie *lewe* om haar dun lippe (43)—2. „maar sy siel is besig om drome te bou en *lewe* in stille weelde" (77)—3. „nog net die herinnering *lewe* en daaroor droom hy" (107)—4. „afgesluit van die wêreld *lewe* hy met sy gedagtes" (61)—5. „en al die tyd *lewe* Freek in 'n ander wêreld" (77).
   herlewe:—6. „soos 'n dor swart boompie, wat getreur het in die winter en in die lente *herlewe*, stroom die krag in sy siel" (24).
5. *skroewe*:—1. „hierdie geselskappe *skroewe* sy keel toe" (9).
6. *skrywe*:—1. „maar dit is so snaaks dat sy nie *skrywe* nie" (109).
7. *skuiwe*:—1. „die skape se rugge *skuiwe* dof voor Freek rond" (14)—2. „versigtig *skuiwe* hy die peerboom se takke voor hom weg" (25)—3. „die ronde wolrugge van die skape *skuiwe* voor hulle rond" (37)—4. „groot ligstrepe *skuiwe* skielik oor die rugge van die bulte" (93)—5. „bedags lê hy en kyk hoe die sonvlekke op die grond langsaam na die venster *skuiwe* en dan" (115).
   regskuiwe:—6. „terwyl hy sy bene *regskuiwe* om nog beter te sit" (7);
   rondskuiwe:—7. „as haar sagte lyf dan teen hom *rondskuiwe*, het sy asem in sy keel kom sit" (78).
8. *sterwe*:—1. „en die groot reënboog *sterwe* in 'n oogknip" (74)—2. „oral in die natuur *sterwe* daar iets" (102)—3. „saans as die son in breë wit stroke oor die verlepte gras *sterwe*, besef hy die groot verlatenheid in sy hart" (107)—4. „die lig *sterwe* dan en die donkerte kruip aan (115).
9. *vergewe*:—1. „hy *vergewe* hom alles" (125).
10. *vrywe*:—1. „met die haarborsel . . . *vrywe* Freek op die stukkie boerseep" (49)—2. „spring hy in sy grys pak en *vrywe* sy paar geel skoene . . . bietjie op" (50)—3. „hulle

eet 'n pakkie beskuitjies saam, en *vrywe* hulle vingers . . . aan die krakende papier af" (90);
droogvrywe:—4. „onderwyl hy sy gesig met die handdoek *droogvrywe*" (83);
invrywe:—5. „Sarel . . . sit en kyk hoe Freek . . . die seep op sy wolgesig *invrywe*" (83).

II. Die Praesens op *-f*.

1. *dryf*:—1. „tog sê sy hele hart vir hom hy moet, en *dryf* daar kragte hom goedsmoeds daarheen" (70);
aandryf:—2. „dit is soos 'n krag in hom, wat hom *aandryf*, en hy kan dit nie keer nie" (79).
2. *leef*:—1. „'n bliksemslang spring uit die wolke en die straal *leef* voor Freek se oë na" (72).
3. *skuif*:—1. „en hy *skuif* onrustig rond" (58).
4. *sterf*:—1. „wyd oor die vlakte . . . lê die son se goud en *sterf* die strale hulle koninklike dood" (112).

Alleen op *-f*:

1. *kerf*:—1. „en hy *kerf* die hawerstrooi in twee" (54).
2. *vaskleef*:—1. „'n kam, waarvan 'n hele klompie tande uitgetrek is en waarin toue hare *vaskleef*" (49).
3. *deurweef*:—1. „die voëlgekwetter *deurweef* die boord met 'n wonderlike afwisselende musiek" (61).

III. Die Infinitief op *-we*.

1. *bewe*:—1. „oor die blare laat die son 'n fonkelende weelde van goud en silwer *bewe*" (66)—2. „maar sy liggaam is nog te swak en hy begin *bewe*, en die hoes kriewel weer in sy keel" (122).
2. *drywe*:—1. „dan kan hy sy gedagte laat *drywe*" (10)—2. „hy het hom voorgeneem . . . om gedagtes aan haar as iets onheiligs uit hom te *drywe*" (117); *terugdrywe*:—3. „sy ou skugterheid wou hom weer *terugdrywe* op die pad" (104).
3. *lewe*:—1. „hier moet hy *lewe* en aan ander kêrels die kans oorlaat om na meisies toe te gaan" (35)—2. „moet hy maar vir altyd soos 'n afgekeerde meerkat dag-vir-dag in die-

selfde gat *lewe*?" (40)—3. „die arme goed wil ook *lewe*" (63)—4.„hy kan nie meer in die toestand *lewe* nie" (69)—5 en 6. „hoekom kan ander mense somar so lekker meisies hê en trou en *lewe*, lekker *lewe*, en hier moet hy . . . in die nes van 'n plek doodgaan" (70)—7. „sonder haar kan hy nie *lewe* nie" (71)—8. „en hy maar weer soos tevore sal *lewe* : . . verlate en klein" (81)—9 „hy besef maar te goed dat sonder Miem hy nie meer kan *lewe* nie" (107)—10. „nou wil hy nie meer *lewe* nie" (111)—11. „en dan laat die aandson duisende goue draadjies teen die muur *lewe* (115)—12. „tog . . . sou hy wou *lewe* soos ander jongkêrels" (117)—13. hy kan duidelik voel hoe daar 'n krag in sy bloed begin *lewe* wat sy hele wese met 'n sagte verrukking vervul" (122).

4. *skrywe*:—1. „sy sal seker een van die dae *skrywe* (106)—2. „hy wonder . . . wat sy alles sal *skrywe*" (106)—3. „hy sou graag aan haar wil *skrywe*, maar hy is bang" (106)—4 en 5. „verder moet hy maar net *opskrywe, opskrywe*" (41).
5. *skuiwe*:—1. „maar die das wil nie . . . *skuiwe* nie" (50)—2. „want Sarel sit en *rondskuiwe* en keer Freek kort-kort" (83).

IV. Die Infinitief op *-f*.

1. *dryf*:—1. „wil iets binne-in hom hom weer van die kêrels na die eensaamte *dryf*" (9).
   verdryf:—2. „wat die eensame gevoel in jou sal *verdryf*" (15).
2. *sterf*:—1. „tog sal hy *sterf*, as die liefde van hom moet ondergaan" (80).

V. Die Imperatief.

Geen voorbeelde nie.

VI. Die Verlede Deelwoord op *-we.*

1. *begrawe*:—1. „die linkervoet . . . in die losmis *begrawe*" (7)—2. „wie se kin in sy handpalm *begrawe* lê" (8)—3. „die Boesman . . . byna heeltemal in sy flenters *begrawe*" (72)—4. „maar nou is dit (sy huisie) 'n paleisie waar 'n skat in *begrawe* is" (26).
2. *bewe*:—1. „dan het Freek gerittel en *gebewe* en maar vroeg in die bed gaan kruip" (107).
3. *drywe*:—1. „maar in die huis het dit (die weemoedige stemming) weer *weggedrywe* toe hy sy kersie opsteek" (93).
4. *grawe*:—1. „hier en daar in die grond het die hoenders gate *gegrawe* en lê daarin" (20).
5. *lewe*:—1. „soos 'n eensame skaapwagter het hy in homself *gelewe* (70)—2. „soos hy vroeër gelewe het, kan hy nie meer nie" (94)—3. „toe het hy *gelewe* van drome" (123)—4. „uit die hoogtes waar sy siel in liefdesdrome *gelewe* het" (124).
6. *skrywe*:—1. „die goed wat hy deur die jaar o*pgeskrywe* het" (69).
7. *skuiwe*:—1. „en die gordyntjies word opsy *geskuiwe*" (56)—2. „die maan, wat nou al 'n endjie hoër in die hemel *ingeskuiwe* het" (95).
8. *sterwe*:—1. „toe het die somerweelde *gesterwe* in die najaar" (113).
9. *swewe*:—1. „die donker gevoel wat soos 'n aasvoël oor sy siel *geswewe* het" (122).
10. *vrywe*:—1. „sy het . . . van die koringare in haar wit hande *uitgevrywe*" (77).

VII. Die Verlede Deelwoord op *-f.*

1. *dryf*:—1. „en dan is dit of die lewe die dood *verdryf* het" (116).
2. *leef*:—1. „hy het dit alles al so baie *oorleef* en tog" (103)—2. „naderhand verbleek hulle (die grasskeutjies) as die wit ryp snags val en dan is hulle *uitgeleef*" (40).

3. *sterf*:—1. „hoe het dit nie in hom gegroei nie, en hoe het dit nie in hom *gesterf* nie" (118).
4. *vryf*:—1. „hy het . . . sy gesig . . . met die water *natgevryf* en toe . . . met die handdoek die water weer laat verdwyn" (16).

Kromburg.

I. Die Praesens op *-we*.

1. *bederwe*:—1. „dat swak lede van die geselskap die kunsgevoel *bederwe*, en" (248).
2. *bewe*:—1. „maar sy stem *bewe*" (7)—2. „haar lippe *bewe*" (13)—3. „hy *bewe*" (3)—4. „waarom *bewe* sy . . . terwyl haar moëder haar help aantrek?" (29)—5. „saggies *bewe* haar hand" (30)—6. „dit *bewe* langs die pilare (as gevolg van die orrelspel)" (31)—7. „sy hande *bewe* om haar skouers" (66)—8. „haar stem *bewe* effens" (76)—9. „so opgewonde dat har hande lig *bewe*, want" (93)—10. „sy stem *bewe* sag" (133)—11. „sy . . . *bewe* saggies van verontwaardiging". (134)—12. „haar hande *bewe*, want" (144)—13. „nou en dan *bewe* sy ooglede effens (171)—14. „die donkerrooi rose . . . *bewe* saggies" (201)—15. „hier *bewe* die lewe om haar in heftige inspanning" (245)—16. „maar (sy) *bewe* so" (259)—17. „maar dit (die glas) *bewe* so in haar hand" (289).
3. *drywe*:—1. „en nou *drywe* sy van hom weg" (73)—2. „wat hy wou vashou, *drywe* heen" (107)—3. „al die dinge saam *drywe* jou in 'n hoek" (119)—4. „daarmee . . . *drywe* sy soos 'n voël" (126)—5. „ogies wat lyk of hulle altyd in koffiemoer *drywe*, gewaar" (129) — 6. „die wit wolke *drywe* in statige verglyding" (146)—7. „'n diep stroom . . . waarin die wit wolke *drywe*, onaantasbaar" (150)—8. „asof 'n mag haar *drywe* om haarself te vernietig" (154)—9. „wolkskaduwees wat . . . oor die vlakte *drywe* en" (188)—10. „sy eie hopeloosheid wat . . . haar al verder van hom af *wegdrywe*" (222)—11. „waar die skaduwees van die wolke nou *drywe*, en" (235)—12. „watter haas *drywe*

jou?" (239)—13. „of 'n wilde . . . mag haar *drywe* (261)—14. „nou is dit of 'n oorweldigende gevoel vir Flip . . . *drywe*, en" (292)—15. „is dit of die . . . ruimte die lig uit haar oë *verdrywe*, en" (214);
oordrywe: 16.—„jy is nou kwaad en daarom *oordrywe* jy" (137).

4. *klewe*:—1. „moet sy Kromburg met . . . wat daaraan *klewe*, netso loslaat" (233).

5. *lewe*:—1. „soos 'n blom wat *lewe* in die skoonheid van sy eie geur" (10)—2. „Vandag *lewe* ons. Môre is ons dood" (23)—3. „so lank as sy lewe, sal" (67)—4. „waar mense werklik *lewe* en (73)—5. „die hoofstraat van Kromburg *lewe* van die mense (91)—6. „die gehoor *lewe* met die . . . stuk mee (95)—7. „jy *lewe* so vinnig dat jy niks meer verwerk nie" (142)—8. „die kindjie *lewe* nog" (147)—9. „so hewig *lewe* sy met die stuk saam" (204)—10. „omdat hy . . . in . . . kleingeestigheid *lewe*, en" (234)—11. „sy *lewe*, sy sal altyd by hom wees" (298)—12. „mense wat . . . die dae *omlewe*, onberoerd" (195)—13. „wat (dinge van hom gesê) nou met 'n byna heilige bekoring in haar *nalewe*" (20)—14. „dis of sy in 'n droom *lewe* en" (156).

6. *skrywe*:—1. „saans . . . *skrywe* (hy) dinge oor" (179)—2. „(hy) *skrywe* 'n rukkie" (191).
toeskrywe:—3. „hy *skrywe* dit *toe* aan die uitwerking" (151).

7. *skuiwe*:—1. „die troppe skape wat stadig . . . na die kraal toe *skuiwe* terwyl" (2)—2. „alles *skuiwe* heen" (23)—3. „die lang kuil waarin die wolke altyd teen 'n agtergrond van blou *skuiwe*, bly" (28)—4. „soos 'n landskap wat *wegskuiwe* as jy daarna kyk" (30)—5. „lê sy . . . die vlieë en tel wat oor die vensterruit *skuiwe*" (47)—6. „dit is of Wenda se tobbery ineens *wegskuiwe* toe" (70)—7. „dit is of sy *wegskuiwe*, wegtuimel in gryse vertes" (72)—8. „in haar nagklere *skuiwe* sy deur die nagstil huis" (77)—9. „op die stoep *skuiwe* haar voetstappe" (87)—10. „die beeld *skuiwe* in die plek van die mens van vroeër (89)—11. „hy *skuiwe* 'n bietjie rond" (94)—12. „aan die einde van die toneel . . . *skuiwe* twee . . . vuiste" (94)—13.„Ds. Verwey

skuiwe nader aan Flip" (94)—14. „toe *skuiwe* die gordyn weer dig" (95)—15. „'n lang stoet wat *wegskuiwe* asof" (121)—16. „toe *skuiwe* hy sy hoed agter op sy kop" (141) 17. „stadig . . . *skuiwe* sy die gordyn" (149)—18. „die stoet *skuiwe* al verder" (149)—19. „stadig *skuiwe* die aand heen" (153)—20. „dis sy ervaring dat die mense alles van hulle *afskuiwe* en" (166)—21. „dae wat . . . oor Kromburg *heenskuiwe* en" (194)—22. „terwyl die . . . lig van die . . . maan oor hulle *skuiwe* en" (222)—23. „met 'n lome beweging *skuiwe* sy" (235)——24. „sy . . . *skuiwe* haar hare reg" (235)—25. „terwyl die trein . . . van die stasietjie af *wegskuiwe*" (264)—26. „waar die wolke . . . deur die ruimtes *skuiwe*" (267)—27. „terwyl die skaduwees van die bome . . . oor hom *heenskuiwe* (296)—28. „helder *skuiwe* die ligte oor die pad" (300).

8. *snuiwe*:—1. „opeens begin die trane . . . sy *snuiwe* en haar oë is vlieserig-blink" (51).
9. *sterwe*:—1. „die orreldreuning *sterwe*" (31)—2. „sy vereenselwig die skimmige gedaante met haar moeder wat *sterwe*, en" (75)—3. „jy *sterwe* voor jou tyd" (142)—4. „soos so baie groot kunstenaars *sterwe*" (251).
10. *swewe*:—1 tot 3. „sy *swewe, swewe, swewe* (in haar droom) tot by die rooi duiwels" (76).
11. *vergewe*:—1. „sy *vergewe* en leer verstaan" (187).
12. *vrywe*:—1. „terwyl Kasper nou en dan . . . deur sy gryserige hare *vrywe*, dink hy" (2)—2. „'n oomblik *vrywe* hy . . . sy hand" (133)—3. „terwyl hy met sy hand oor sy neus *vrywe*" (164)—4. „sag . . . *vrywe* hy met sy hand oor haar voorhoof (174)—5. „hy *vrywe* met sy hand oor sy . . . kin" (212)—6. „dan *vrywe* hy sy oë" (265).
13. *wewe*:—1. „want God, die ewige wewer, *wewe* fyn" (193) —2. „die lewe wat genadeloos . . . sy drade *wewe*, fyn soos (222).

II. Die Praesens op *-f*.

1. *beloof*:—1. „hy *beloof* om ook driehonderd pond te gee" (225).
2. *dryf*:—1. „sy het 'n veragting vir die man opgevat . . . wat haar byna *dryf* om" (148).

3. *golf*:—1. „'n gestamp . . . en 'n gefluit, wat . . . deur die saal *golf* toe" (95)—2. „glans-swart *golf* haar hare" (146) —3 en 4. „'n donker see wat *aangolf* en *aangolf* en" (77).
4. *hoef*:—1. „'n mens *hoef* maar net te kyk" (166).
5. *skuif*:—1 en 2. „so is boerdery nou eenmaal: dit *skuif* hier en *skuif* daar" (119).
   afskuif:—3. „gedurig *skuif* hulle dit (die vermaning van die Ds.) van hulle *af*" (138).
6. *sterf*:—1. „ek verveel my, my siel *sterf*" (138)—2. „blou vertes wat uiteindelik . . . bedrieg en oorgaan en *sterf* in Kromburg se bekende werklikheid" (156)— 3. „soos die lig van die dag wat *sterf* deur die verraad van die nag" (225)—4. „en met vingers grypend in die bed . . . *sterf* Wenda" (292)—5. „sy sien (in haar yling) hoe hy *sterf* (289);
   versterf:—6. „en *versterf* (nl. die klokgelui) in die verte" (145)—7. „die son *versterf* tussen die blare" (158).
7. *deurstoof*:—1. „wolbale . . . wat die lug *deurstoof* met 'n vetterige ruik" (214).
8. *sweef*:—1. „stadig *sweef* (die lammervanger) weg" (257).
9. *verstroef*:—1. „maar sy plesier *verstroef* opeens om sy mond" (240).
10. *vertoef*:—1. „hulle *vertoef* daarin" (257).
11. *verwerf*:—1. „alhoewel 'n bestuurder . . . in 'n dorp soos K. 'n sekere aansien vir jou daar *verwerf*" (71)—2. „wat vir hom . . . die naam *verwerf* dat" (98).

III. Die Infinitief op *-we*.

1. *bederwe*:—1. „(hy) voel dat hierdie kontrak . . . haar siel sal *bederwe* en besoedel" (230)—2. „moet . . . nie weer die aand vir ons *bederwe* nie" (239).
2. *begewe*:—1. „deur haar te *begewe* onder die spul" (112).
3. *begrawe*:—1. „ons gaan haar op die plaas *begrawe*, sê die vader" (298).
4. *bewe*:—1. „van die hewige aandoening begin sy bene *bewe*, en" (291).
5. *drywe*:—1. „sodat jy bly *ronddrywe* in 'n poel van verveling (45)—2. „ek sal nou *drywe*. (die motor)" (144)—3.

„ek sal nou *drywe* (die motor)" (145)—4. „waarom hulle moet *heendrywe* van mekaar af" (160)—5. „as die donker opstandigheid haar . . . uit die plekkie wil *drywe*" (200)—6. „sy . . . sien nog die wolke *drywe*" (257)—7. „dan sien sy die . . . wolke . . . *drywe*" (267).

verdrywe:—8. „asof hy die vervelige kêrel . . . wil *verdrywe*" (249).

6. *lewe*:—1. „kon hulle tog nie . . . sonder haakplekke laat *saamlewe* nie" (4)—2. „hy (Braam) sal nooit weer *lewe* nie" (21)—3. „die atmosfeer waarin die minderwaardigheid kan *lewe*" (46)—4. „daar kragte sal begin *lewe* wat" (97)—5. „die lus om te lees het . . . begin *lewe*, maar" (134)—6. „ek gaan nou *lewe* soos ek wil" (138)—7. „om tog te bly *lewe*" (147)—8. „hoe moet 'n mens *lewe*?" (156)—9. „wat weer 'n hoop in haar laat *oplewe*" (157)—10. „wat (bonatuurlike mag) duisende wesens laat *lewe* en (170)—11.„Hoe moet 'n mens *lewe* om gelukkig te wees? (181)—12. „wat nog lank in die verbeelding sal bly *nalewe* (188)—13. „om so te *lewe* vir die kuns" (205)—14. „'n gevoel of haar hele wese hom kan *uitlewe*" in (246)—15. „waar 'n gevoelige mens hom . . . kan *uitlewe* en" (251)—16. „'n roofdier wat verslind om te kan *lewe*" (267)—17. „ek kan nie sonder jou *lewe* nie" (292)—18. „terwyl hy gebid het dat sy moet *lewe*" (294)—19. „die gebroke eggenoot sal veel verdriet . . . *belewe*, maar" (150).

7. *skrywe*:—1. „sy het begin om verhaaltjies te skrywe as blote afleiding" (44)—2. „ek het ook al . . . gedigte probeer *skrywe*, maar (58)—3. „desnoods om te *skrywe* en" (116)—4. „wou hy . . . *skrywe* (sy eksamen) in Bloemfontein" (177)—5. „sy het toe begin om . . . al die woorde *op te skrywe* wat" (177)—6. „waar hy . . . besig is om . . . *neer te skrywe*" (190)—7. „die kêrel begin toe weer *skrywe* en" (263).

afskrywe:—8. „alle regerings moet later alle skuld *afskrywe*, anders" (69).

toeskrywe:—9. „is juis daaraan *toe te skrywe* dat" (138).

8. *skuiwe*:—1. „die kar . . . laat 'n . . . streep stof oor die pad *skuiwe*" (145)—2. „soos 'n trapsuutjies . . . *heen te skuiwe*, willoos" (203)—3. „net besig om sy . . . das om sy

nek te *skuiwe,* toe" (210)—4. „skaduwees . . . laat *skuiwe* oor die velde (235)—5. „hy . . . laat sy oë langs die kolomme op en af *skuiwe,* en" (252)—6. „die verpleegster het die gordyn gaan *regskuiwe* en" (288)—7. „'n hartseer . . . wat sy nie kan *wegskuiwe* met . . . argumente nie (226).

9. *sterwe*:—1. „ons ou onrustiges sal *wegsterwe*" (11)—2. „die suiwerste blou moet *sterwe* en" (67)—3. „wat (bonatuurlike mag) duisende wesens laat lewe en *sterwe,* sonder" (170)—4. „dat sy dalk kan *sterwe,* en" (277)—5. „hy sien sy oorlede vrou *sterwe* met" (283)—6. „ineengeknak . . . sien (hy) haar *sterwe*" (294)—7. „en hy sien haar *sterwe* en sink" (298).
10. *strewe*:—1. „sy wil dan veg en *strewe* om" (103).
11. *vergewe*:—1. „die stryd wat . . . alles . . . kan *vergewe*" (193)—2. „leer liefhê en *vergewe*" (196).
12. *vrywe*:—1. „om haar naels blink te *vrywe,* haar lippe . . . te bewerk" (106).

IV. Die Infinitief op *-f.*

1. *dryf*:—1. „dat sy kalm en rustig kan *voortdryf* (in haar lewe), maar" (157).
2. *grief*:—1. „wat . . . Flip sou berou en *grief*" (110).
3. *handhaaf*:—1. „om jou standpunt . . . te *handhaaf*" (120).
4. *leef*:—1. „vae verlangens wat . . . geen vaste vorme kan vind om hulle *uit te leef* nie" (150).
5. *sterf*:—1. „maar nou . . . voel sy dat sy nie meer nutteloos sal *sterf* in die stof van 'n dorp nie" (80)—2. „daardie man sal nog aan beroerte *sterf*" (123)—3. „hoe dr. Marais vrouens by kindergeboorte laat *sterf* het" (295).
6. *vertoef*:—1. „om vir 'n oomblik daar te *vertoef* en" (100).
7. *weef*:—1. „waarom die swygende spinnekop van die tyd telkens sy web tussen hulle moet *weef* en" (160).

V. Die Verlede Deelwoord op *-we.*

1. *bederwe*:—1. „haar stemming is *bederwe,* en" (145)—2. „omdat die aand . . . *bederwe* is" (240)—3. „haar spel is . . . *bederwe* deur" (253).

2. *begrawe*:—1. „hoe sy twee seuns . . . *begrawe* is" (120)—2. „die verlede in 'n nuwe roes van hartstog *begrawe* het" (203)—3. „toe sy twee seuns . . . saam *begrawe* is" (281).
3. *belowe*:—1. „nou het hy . . . *belowe* om dit in paaiemente . . . terug te betaal" (83).
4. *bewe*:—1. „oor haar oë het . . . 'n sonstraaltjie *gebewe*, maar" (288).
5. *drywe*:—1. „die predikant van K. het stadig in die maalgat van moeilikhede *gedrywe* waaruit" (56)—2. „waar . . . skelwoorde soos skuim na bo *gedrywe* het" (56)—3. „die donker nagte . . . wat haar *gedrywe* het" (266)—4. „in 'n aaklige dood gedrywe is" (282)—5. „waar alles wat mooi en goed is . . . *uitgedrywe* en verneder word" (297).
6. *erwe*:—1. „toe hy vir Rietvlei van sy vader *geërwe* het" (2)—2. „die besittinge wat hulle *geërwe* het" (114)—3. „toe hy Rietvlei *geërwe* het (217)—4. „van oorlee Pa het ek tweeduisend morge *geërwe*, en" (218)—5. „wat hy van hulle *geërwe* het" (283).
7. *grawe*:—1. „klein dingetjies wat aan jou geluk *gegrawe* het" (88).
8. *klowe*:—1. „die een teorie na die ander uit sy verlede *oopgeklowe* (het) en" (275).
9. *lewe*:—1. „dat hierdie mense ook eenmaal *gelewe* het, lyk onmoontlik" (15)—2. „soos jy praat . . . sou mens sê jy het al die jare alleen *gelewe*" (13)—3. „as dit nie was vir die toeval nie, dan het hy seker vandag nog *gelewe*" (40)—4. „sy het . . . in 'n dowwe onbewustheid *gelewe* en" (54)—5. „kalm het sy tot dusver *gelewe*, en" (66)—6. „sy het . . . ordentlik *gelewe*, en" (80)—7. „iemand met wie jy jare *saamgelewe* het" (88)—8. „sy voel . . . of sy al baie lank *gelewe* het" (198)—9. „die dae wat hulle saam *gelewe* het" (226).

   belewe:—10. „het sy . . . dinge *belewe* en" (101)—11. „stemminge wat sy as kind *belewe* het" (188)—12. „wat sy so pas *belewe* het" (228)—13. „wat sy gedurende die afgelope paar dae *belewe* het" (233).

   deurlewe:—14. „ons het darem 'n bewoë stuk geskiedenis *deurlewe* (11)—15. „stemminge wat sy *deurlewe* het" (22)

—16. „'n ou man wat veel *deurlewe* het" (59)—17. „of sy reeds ontsaglik veel *deurlewe* het" (227).

10. *omgewe*:—1. „*omgewe* van 'n swaaiende ligvloed" (299) —2. „die kerkhoffie *omgewe* deur die wit gras" (302).
11. *skrywe*:—1. „het hy aan sy vrou *geskrywe* om haar Wenda te laat doop" (5)—2. „God, wat . . . die tekene . . . aan die wye aandhemel . . . *geskrywe* het" (186)—3. „die goedjies wat *opgeskrywe* is" (116)—4. „sy het vir hom 'n klompie dinge *oorgeskrywe* (177)—5. „toe het sy . . . lang stukke . . . *oorgeskrywe* (178)—6. „wat die stuk . . . *geskrywe* het" (253)—7. „omdat hy baie selde 'n brief *geskrywe* het" (281).
12. *skawe*:—1. „het sy . . . haar fyngevoeligheid *deurgeskawe* teen" (101).
13. *skuiwe*:—1. „ander dinge het tussenin *geskuiwe*" (43)—2. „eindelik word die gordyne . . . *weggeskuiwe* en" (93)—3. „het sy . . . hierdie huwelikslewe *ingeskuiwe*, en" (102)—4. „tyd wat . . . *weggeskuiwe* het na 'n wêreld" (189)—5. „en nuwe ervaringe . . . het tussen-in *geskuiwe* en" (217)—6. „die deksel is bo 'n entjie *afgeskuiwe*, en" (300).
14. *strewe*:—1. „het die ander *gestrewe* na gedagte, feite en afgerondheid in sy preek" (98).
15. *stuiwe*:—1. „eers was dit die winde wat . . . onsinnig *ingestuiwe* het" (176).

VI. Die Verlede Deelwoord op *-f*.

1. *beroof*:—1. „dat sy . . . voel of sy *beroof* word" (108)—2. „die skelm wat . . . vir haar vader van hul geld *beroof* het" (266).
2. *dryf*:—1. „al weet niemand waarom jy *gedryf* is tot die . . . daad nie" (172).
3. *groef*:—1. „haar enige opvatting . . . wat te diep *ingegroef* is" (209).
4. *kerf*:—1. „om die blou oë is die vel in fyn rimpeltjies *gekerf*" (101).
5. *leef*:—1. „volslae *uitgeleef* (die blare) na die heftige somerdae" (274).

6. *sterf*:—1. „dat 'n paar vrouens . . . by kindergeboorte *gesterf* het" (147)—2. „later het hy . . . *gesterf* as 'n verskoppeling" (181).
7. *verf*:—1. hul lippe dieprooi *geverf* en" (202).
8. *verstroef*:—1. „het hy *verstroef* tot ongenaakbare vyandigheid" (256).
9. *verwerf*:—1. „die vroutjie wat die naam *verwerf* het" (147).
10. *weef*:—1. „altyd was dit of 'n donker spinnekop in stilte sy web tussen hulle *geweef* het" (9)—2. „die spinnerakgevoel wat stowwerig om haar *geweef* het" (82)—3. „dinge . . . wat soos 'n tere web *geweef* is" (139).
verweef:—4. „sy lewe . . . wat onontwarbaar *verweef* is met . . . Kromburg" (55)—5. „alles wat . . . onskeidbaar *verweef* is" (104)—6. „die lewe, fyn *verweef* soos 'n nooit ontwarbare eenheid" (196)—7. „haar gewete wat *verweef* is" (208)—8. „met wie haar lewe . . . *verweef* is" (270).

VII. Die Imperatief.

Geen voorbeelde nie.

VIII. DIE UITSPRAAK VAN AFRIKAANS.

1. Die fonetiese tekens en hulle waardes.

Elkeen wat hom op intelligente wyse met taalstudie wil besighou, moet goed besef dat 'n taal nie bestaan uit lettertekens nie, maar uit klanke. Hy moet hom dus los maak van die gewone spelling. Elke kultuurtaal het sy eie spellingsisteem, maar in baie gevalle gee die spelling die beskaafde uitspraak nie goed weer nie. Wie in die laaste geval tog uitspreek volgens die spelling, maak hom skuldig aan wat genoem word letteruitsprak.[1]) Dit is wat gebeur as iemand die *d* laat hoor in woorde soos *onder* en *sonder*, of die name van die eerste twee maande van die jaar uitspreek *Jan-nu-a-rie, Fe-bru-a-rie* i.p.v. *Jan-ne-wa-rie, Fe-ber-wa-rie*. Letteruitspraak is sterk af te keur en wie sy taal korrek wil uitspreek, moet sorgdra dat hy nie op 'n dwaalspoor gelei word deur die spelling nie, wat dikwels nie dieselfde klankwaarde heg aan dieselfde letterteken nie, of letters gebruik wat in die uitspraak glad nie gehoor word nie. Daar's hope voorbeelde, maar ons noem net 'n paar: die e van *wet* is glad 'n ander klank as die in *mode;* die twee letters oe in *moet* en *ng* in *ding* stel net een klank voor, terwyl die *y* in *ly* 'n tweeklank weergee.

Om los te kom van die gewone spelling en 'n korrekte uitspraak aan te kweek, word in die wetenskap gebruik gemaak van 'n fonetiese alfabet. Die buitestaander meen dat hierdie fonetiese letter moeilik is om aan te leer, maar dis glad nie die geval nie. Daar bestaan meer as een sisteem van fonetiese letter, maar die onderlinge verskille is nie groot nie. Die bekendste sisteem is die van die Internasionale Fonetiese Ver-

[1]) Kyk hfst. II, bl. 32 en hfst. III, bl. 38 en 42.

eniging van Parys, wat ons sal gebruik. Ons gee so dadelik verskillende stukke Afrikaans en Nederlands in fonetiese skrif en op die teenoorgestelde bladsy die gewone spelling, sodat die leser maklik oor die weg kan kom. Opgemerk sal word dat die fonetiese alfabet vir die grootste gedeelte gebruik maak van die gewone letters en slegs in 'n minderheid van gevalle nuwe tekens ingevoer het. Die fonetiese alfabet verskil egter hierin fundamenteel van die gewone spelling dat elke hoofklank deur 'n aparte letter voorgestel word, m.a. w. nie dieselfde teken gebesig word om klanke weer te gee wat aanmerklik van mekaar verskil nie. Verder word net een teken gebruik vir 'n bepaalde klank, nooit twee of meer nie, soos dikwels die geval is in die gewone spelling, en klanke wat nie gehoor word nie, vind natuurlik ook geen uitdrukking nie.[1])

Die waardes van die fonetiese letter kan 'n persoon hom in die tyd van 'n uur bybring; daarna is dit bloot 'n saak van oefening om vaardigheid daarin te kry. Ons laat voorafgaan 'n lys van die fonetiese tekens en daarnaas 'n voorbeeld in die gewone spelling waar die klank voorkom. Daar's natuurlik meer fonetiese tekens as wat ons hier gee, maar die is vir ons doel nie nodig nie.

I. Klinkers.

(Dis gebruiklik om fonetiese skrif tussen vierkantige hakies te plaas.)

1.	[ɑ]	soos die		*a*	in *vat,*
	[ɑ:] (lank)	„	„	*a*	„ *vate,*
	[a:]	„	„	*a*	„ ndl. *later,*
2.	[e]	„	„	*e*	„ *melaats,*
	[e:] (lank)	„	„	*e*	„ *rede,*
3.	[ø:]	„	„	*eu*	„ *neus,*
4.	[è]	„	„	*i*	„ ndl. *wit,*
5.	[ɛ]	„	„	*e*	„ *ses,*
	[ɛ:] (lank)	„	„	*ê*	„ *sê,*
6.	[ə] (omgekəerde e)	„	„	*i*	„ *lig,*
	[ə:] (lank)	„	„	*î*	„ *wie* (mv. v. *wig*),

[1]) Kyk *Afr. Fon.*, §§ 9-13 en hfst. VII.

7. i	soos die	*ie*	in	*vlieg,*
[i:] (lank)	„ „	*ie*	„	*vlieë,*
8. [y]	„ „	*u*	„	*rusie,*
[y:] (lank)	„ „	*u*	„	*bure,*
9. [o]	„ „	o	„	*orals,*
[o:] (lank)	„ „	o	„	*bode,*
10. [ò]	„ „	o	„	ndl. *dom,*
11. [œ]	„ „	*u*	„	*brug,*
[œ:] (lank)	„ „	*û*	„	*brûe,*
12. [ü]	„ „	*u*	„	ndl. *brug,*
13. [ɔ] (omgekeerde c)	„ „	o	„	*os,*
[ɔ:] (lank)	„ „	*ô*	„	*môre,*
14. [u]	„ „	oe	„	*ploeg,*
[u:] (lank)	„ „	oe	„	*ploeë.*

Soos uit hierdie lys blyk, word lengte by 'n klinker (insluitende 'n tweeklank) voorgestel deur 'n volgende dubbelpunt.

II. Genasaleerde Klinkers.[1])

Wanneer 'n klinker genasaleer word, beteken dit dat die *n* wat daarop volg nie uitgespreek word nie, maar sy nasale element oordra op die voorafgaande vokaal. 'n Genasaleerde klinker word voorgestel deur 'n [◌̃] bo die teken vir die betrokke vokaal. Elke klinker kan in Afrikaans in 'n gegewe geval genasaleer word, maar dis veral die [ɑ, ɛ, ɔ] wat so voorkom, bv.

[ɑ̃:]	soos die	*an*	in	*kans,*
[ɛ̃:]	„ „	*en*	„	*mens,*
[ɔ̃:]	„ „	*on*	„	*ons.*

Kyk verder *Afr. Fon.*, §§ 324-332.

[1]) Let wel: om die swakbeklemde e [ə] genasaleer voor te stel, word in hierdie werk vet gedrukte [ə] gebruik. Die korrekte teken, nl. [ə] met 'n slangetjie [◌̃] bo-op, is nou nie verkrygbaar nie.

III. Tweeklanke.

(Kyk *Afr. Fon.*, §§ 139-148.)

Die gewoonste tweeklanke is die volgende:—

1.	[ɑi]	soos die	*ai*	in	*aitsa,*
	[ɑ : i] (lank)	„ „	*aai*	„	*laai,*
2.	[e : u]	„ „	*eeu*	„	*leeu,*
3.	[ɛi]	„ „	*ei, ij*	„	ndl. *leiden, lijden,*
4.	[əi]	„ „	*ei, y*	„	*lei, ly,*
5.	[o : i]	„ „	*ooi*	„	*rooi,*
6.	[ou]	„ „	*ou*	„	*oud,*
7.	[œy]	„ „	*ui*	„	*huis,*
8.	[ɔ : i]	„ „	*ôi*	„	*nôi,*
9.	[ɔu]	„ „	*ou*	„	ndl. *oud,*
10.	[ui]	„ „	*oei*	„	*groei.*

IV. Medeklinkers.

1.	[b]	soos die	*b*	in	*bad,*
2.	[ɟ]	„ „	*dj, tj*	„	*paadjie, vaatjie,*
3.	[ɣ]	„ „	*g*	„	*gee* (kyk I),
4.	[d]	„ „	*d*	„	*doen,*
5.	[f]	„ „	*f, v*	„	*feit, vet,*
6.	[g]	„ „	*g, gh*	„	*nege, ghoen,*
7.	[ɣ] (stemhebbend)	„ „	*g*	„	ndl. *dagen,*
8.	[h] (stemhebbend)[1])	„ „	*h*	„	*hand,*
	[h] (stemloos)	„ „	*h*	„	ndl., eng., hd. *hand,*
9.	[j]	„ „	*j*	„	*ja,*
10.	[k]	„ „	*k*	„	*kat,*
11.	[l]	„ „	*l*	„	*laat,*
12.	[m]	„ „	*m*	„	*maan,*
13.	[n]	„ „	*n*	„	*kant,*

[1]) Stemhebbende [h] moes eintlik 'n hakie hê bo die lyn (kyk *Afr. Fon.*), maar die is nie voor hande nie.

14. [ɲ]	soos die	*n*	in	*kantjie,*
15. [ŋ]	„ „	*n, ng*	„	*dink, ding,*
16. [p]	„ „	*p*	„	*pad,*
17. [r]	„ „	*r*	„	*rooi,*
18. [s]	„ „	*s*	„	*son,*
19. [ʃ]	„ „	*sj*	„	*sjarmant,*
20. [t]	„ „	*t*	„	*tien,*
21. [tʃ]	„ „	*tj*	„	*tjek,*
22. [v]	„ „	*w*	„	*water, twee* (noot II)
23. [v] [1])	„ „	*v*	„	ndl. *vet,*
24. [x]	„ „	*g*	„	*goed,*
25. [z]	„ „	*z*	„	*Zoeloe.*

Lengte kom nie alleen voor by klinkers nie, maar ook by medeklinkers. Dis gebruiklik om 'n lang medeklinker voor te stel deur die teken dubbel te skrywe, bv. [dd] in *biddag* [bəddɑx] teenoor [d] in *middag* [mədɑx].

I. In beskaafde Afrikaans word [ç] net gehoor voor voorklinkers, d.w.s. voor [i,e,ø,ɛ], maar baie Afrikaners besit nie hierdie klank nie en gebruik in die plek daarvan die [x]. Kyk *Afr. Fon.*, §§ 643-645.

II. Aan die begin van 'n lettergreep na 'n ander konsonant spreek baie Afrikaners die *w* nie uit met die botande op die onderlip (labiodentaal) nie, maar met die lippe teenoor mekaar (bilabiaal). Die fonetiese teken hiervoor is [*v*], maar ons gebruik in hierdie werk net [v], omdat dit te lastig sou gewees het om telkens altwee te besig. Dit moet egter goed verstaan word dat *w* in Afrikaans na 'n ander medeklinker aan die begin van 'n lettergreep (*maar in geen ander posisie nie*) twee uitsprake het, nl. labiodentaal òf bilabiaal. Baie onderwysers wil die bilabiale uitspraak nie toelaat nie, maar so'n handelwyse is heeltemal verkeerd. Persoonlik besit ek glad nie die [*v*] nie, maar die bilabiale uitspraak is netso beskaaf as die ander en miskien selfs verbreider; ook het dit nie op Afrikaanse bodem ontstaan nie, maar is uit Nederlands oorgeneem. Ons

[1]) Ons verkies om die ndl. *v* voor te stel deur [v] met 'n dwars balkie daardeur (kyk *Afr. Fon.*), maar die is nie voorhande nie.

opmerkinge geld dan ook netsogoed van Nederlands. Kyk *Afr. Fon.*, §§ 579-590; Dijkstra, *Holländisch*, § 21 en *Leerboek*, bl. 178.

III. Dis gewoonte om geen hoofletters in fonetiese transkripsies te gebruik nie en die gewone punktuasie te behou. Verder is dit gebruiklik om fonetiese transkripsies tussen [ ] te plaas; daardeur weet die leser direk dat wat tussen vierkantige hakies staan die uitspraak weergee.

IV. Die hoofklem word, waar nodig, aangeduie deur 'n ['] voor die lettergreep in kwessie.

2. Verskillende style.

Die mate waarin verskillende klanke mekaar beïnvloed (assimilasie) en die verhouding van sterk (vol) tot verswakte vorme hang saam met die styl waarin prosa of vers opgestel is: die meer verhewe taal staan nader aan die gewone spelling. Hiermee is rekening gehou by die keuse en volgorde van die getranskribeerde stukke: nr. I-V (Afrikaans) en XIV-XV (Nederlands) verteenwoordig die meer verhewe taal, die res nader in mindere of meerdere mate die alledaagse taal.

By die transkribeer het ek steeds daarna gestrewe om die algemene uitspraak weer te gee, maar uit die aard van die saak staan elke transkribeerder in sekere mate onder invloed van sy omgewing. Veral by assimilasies is dit dikwels moeilik om vas te stel wat as algemeen beskou moet word en wat nie. Dit maak egter nie veel saak as 'n beskaafsprekende en oordeelkundige spreker met sekere weergawes in ons transkripsie nie saamstem nie; wat daarenteë wèl van die allergrootste belang is, is dat so iemand nie sommer volgens die letter (die gewone spelling) moet uitspreek nie, maar goed moet waarneem, voor hy finaal van ons verskil, wat in die lewende taal by hom en in sy omgewing gehoor word. Van verskillende kante word onnatuurlike, gekunstelde en steurende uitsprake in ons taal ingevoer, en hierteen moet streng gewaak word. In hierdie verband versoek ons die leser om veral te let op die opmerkinge by die verskillende getranskribeerde stukke (agteraan) en goed studie te maak van § 3 van hierdie hoofstuk.

Ook wil ons die leser van hierdie transkripsies ernstig versoek om studie te maak van die volgende: *Afrikaanse Fonetiek,* hoofstukke XX, XXVI en XXVII, en bl. 201; *Leerboek der Phonetiek* deur Zwaardemaker en Eijkman, bl. 222-238. Wie dit gedoen het, sal veel minder aanleiding vind om van ons te verskil in die fonetiese weergawes, en waar dit wèl gebeur, sal dit berus op insig en oordeel.

I.

PSALM 23.

'n Psalm van Dawid.
Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie.
2. Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.
3. Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.
4. Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.
5. U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.

6. Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae.

II.

I. KORINTHIËRS 13.

1. Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en die liefde nie hê nie, dan het ek 'n klinkende metaal geword of 'n luidende simbaal.
2. En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit en die liefde nie hê nie, dan sou ek niks wees nie.
3. En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word en die liefde nie hê nie, dan sou dit my niks baat nie.
4. Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie,
5. handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie,

I.

pəsaləm driəntvəntəx.

[əm-pəsaləm [1]) fan da:vət.
di he:r əs məi herdər; nəks–sal[2]) məi ɔntbre:k ni.
2. həi la:t məi ne:rlɛ: ən xrun vəifɛldə; na va:tərs va:r rœs əs, ləi həi məi he:n.
3. həi fərkvək məi sil; həi ləi məi ən di spo:rə fan xərɛx-təxhəit, ɔm səi na:m ɔntvəl.
4. al xa:n ɛk o:k ən ə dal fɑn do:tska:dəve:,[3]) ɛk sal xe:n ɔnhəil fre:s ni; vant y əs mɛt məi : y stɔk ɛn y staf 'di fərtro:s məi.
5. y bərəi di ta:fəl fo:r məi a:nxəsəx te:no:r məi te:ə-standərs;y ma:k məi ho:f fɛt mɛt o:li; məi be:kər lo:p o:r.
6. nɛt xuthəit ɛn xœns-sal məi fəlx al di da:ə fan məi le:və; ɛn ɛk sal ən di hœys fan di he:rə blə ən leŋtə fan da:ə].

II.

e:rstə korəntə dertin.

[1. al sou ɛk di ta:lə fan mɛ̃:sə ɛn ɛngələ spre:k, ɛn di lifdə ni hɛ:ni, dan hɛt ɛk ə kləŋkəndə meta:l xəvɔrt ɔf ə lœydəndə səmba:l.
2. ɛn al sou ɛk di xa:və fan profəsi hɛ:ɛn al di xəhəimə-nəsə ve:t ɛn al di kɛnəs, ɛn al sou ɛk al di xəlo:f hɛ:, so:dat ɛk bɛrgə kɔn fərsət ɛn di lifdə ni hɛ:ni, dan sou ɛk nəks ve:s ni.
3. ɛn al sou ɛk al məi xut œydde:l, ɛn al sou ɛk məi ləxa:m o:rxe:ɔm fərbrant tə vɔrt ɛn di lifdə ni hɛ:ni, dan sou dət məi nəks ba:t ni.
4. di lifdə əs laŋkmudəx ɛn frind(ə)lək; di lifdə əs ni jalu:rs ni; di lifdə pra:t ni xro:t ni, əs ni ɔpxəbla:sə ni,

5: handəl ni ɔnvɛlfuxlək ni, suk ni səi əiə bəlaŋ ni, vɔrt ni fərbətərt ni, re:kən di kva:t ni tu ni,

6. is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly met die waarheid.
7. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.
8. Die liefde vergaan nooit nie; maar profesieë — hulle sal tot niet gaan; of tale — hulle sal ophou; of kennis — dit sal tot niet gaan.
9. Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele.
10. Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan.
11. Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek klaar met die dinge van 'n kind.
12. Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.
13. En nou bly geloof, hoop, liefde — hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.

III.

God van ons Vaders, as U wil bestaan,
dat ons as Staat en Nasie moet vergaan,—
besoedeld deur verraad, ontrou
aan alles deur ons Vaders opgebou
(die ideale vir ons opgegaar
deur worst'ling van 'n halwe duisend jaar!);
bedwelmd deur elke lawwe vrees,
onwaardig langer nog 'n volk te wees;
ons diepste liefde steeds gesmoor
om vreemdeling en vyand na te spoor;
en vuile hande, rooi bevlek,
met bloed van broer en vriend bedek;—
God van ons Vaders, bly U wil bestaan,
leer ons genadiglik die dood blymoedig in te gaan

Uit *Versamelde Gedigte*, deur Eugène Marais (J. L. van Schaik, 1936).

6. ás ni blәi o(:)r di ɔ̃xәrɛxtәxhәit ni, ma:r әs blәi mɛ–di va:rhәit.
7. dәt bәdɛk alәs, xlo:alәs, ho:p alәs, fәrdra:alәs.
8. di lifdә fәrxa:n no:it ni; ma:r profәsiә — hœlә sal tәt nit xa:n; ɔf ta:lә — hœlә sal ɔphou; ɔf kɛnәs — dәt sal tәt nit xa:n.
9. vant ɔ̃:s kɛn ten de:lә ɛnɔ̃:s prɔfәte:r[4]) ten de:lә.
10. ma:r as di fɔlma:ktә xәkɔm hɛt, dan sal vạt–tɛn de:lә әs, tәt nit xa:n.
11. tu ɛk ә kәnt vas, hɛt ɛk xәpra:t so(:)s ә kәnt, xәdәŋk so(:)s ә kәnt, xәrәdәne:r so(:)s ә kәnt; ma:r nou dat ɛk ә man әs, hɛt ɛk kla:r mɛ–di dәŋә fan ә kәnt.
12. vant nou sin ɔ̃:s dø:r ә spi:әl ән ә ra:isәl, ma:r e:ndax fan a:nxәsәx tәt a:nxәsәx. nou kɛn ɛk tɛn de:lә, ma:r e:ndax sal ɛk tɛn fɔlә kɛn, nɛt so(:)s ɛk ten fɔlә xәkɛn әs.
13. ɛn–nou blәi xәlo:f, ho:p, lifdә – hiri dri; ma:r di xro:t-stә hirfan әs di lifdә].

III.

[xɔt fan ɔ̃:s fa:dәrs, as y vәl bәsta:n
dat ɔ̃:s as–sta:t ɛn–na:si mut fәrxa:n –,
bәsudәld–dø:r fәra:t, ɔntrou
a:n alәs dø:r ɔ̃:s fa:dәrs ɔpxәbou
(di idea:lә fәr ɔ̃:s ɔpxәxa:r
dø:r vɔrstlәŋ fan ә(:n) halvә dœysәnt ja:r.);
bәdvɛlmd[5])–dø:r ɛlkә lavә fre:s,
ɔnva:rdәx laŋәr nɔx ә–fɔlk tә ve:s;
ɔ̃:s dipstә lifdә ste:ts xәsmo:r
ɔm fre:mdәlәŋ ɛn fәiant na:tә spo:r;
ɛn fœylә handә, ro:i bәflɛk,
mɛt blut fan bru:r ɛn frint bәdɛk;–
xɔt fan ɔ̃:s fa:dәrs, blәi y vәl bәsta:n,
le:r ɔ̃:s xәna:dәxlәk di do:t blәimudәx ән tә xa:n.]

IV.

Raak nooit jou hoop op uitkoms kwyt,
O broer en suster in jou wee,
As skel die wilde branders skree
En teen die smart jou weerstand slyt.

Die wapens wat jou siel besit,
Is sterk om droefnis af te weer;
Die hefboom wat jou hart hanteer,
Druk self die Noodlot half uit lit.

Hy wat die helm van Liefde dra,
Die harnas van Geloof behou,
En met die skild van Broedertrou
Die ongelykste worst'ling wae—

Hy is gewapen kern en spits
Teen wat ook al sy lot voorspel,
Al is die donker rondom Hel,
Waarin die veraf weerlig blits.

Uit *Dingaansdag,* deur C. Louis Leipoldt (J. L. van Schaik, 1925).

V.

OMDAT DIE DOOD . . .

Omdat die Dood so vroeg vir jou
Geskeur het van my sy,
Sal jy jou skoonheid steeds behou
En ewig jeugdig bly.

Maar ek sal oud word, stram en grys
En koud van liewerlee—
Die skatting wat die lewe eis,
Betaal aan leed en wee.

IV.

[rɑ:k no:it jou ho:p ɔp œytkɔms kvəit,
o: bru:r ɛn sœstər əɲ-jou ve:,
ɑs–skɛl di vəldə brɑnərs[6])–skre:
ɛn te:n di smart jou ve:rstant slɛit.

di vɑ:pəns vat jou sil bəsət,
əs stɛrk ɔm drufnəs ɑf tə ve:r;
di hɛfbo:m vat jou hart hante:r,
drœk sɛlf di no:tlɔt half œyt lət.

həi vad–di hɛlm[7]) fan lifdə drɑ:,
di harnas fan xəlo:f bəhou,
ɛn mɛ–di skəlt fan brudərtrou
di ɔ̃:xələikstə vɔrstlɛŋ vɑ:–

həi əs xəvɑ:pən kɛrnɛnspəts
te:n vat o:k ɑl səi lɔt fo:rspɛl,
ɑl əs di dɔŋkər rɔntɔm hɛl,
vɑ:rən di fɛ:raf ve:rlɔx blɔts.]

V.

ɔmdad–di do:t

ɔmdad–di do:t so: frux fər jou
xəskø:r hət fam-mɔi səi,
sal jəi jou sko:nhəit ste:ts bəhou
ɛn e:vəx jø:xdəx blɔi.

mɑ:r ɛk sal out vɔrt, stram ɛn xrəis
ɛn kout fan livərle:–
di skatəŋ vad–di le:və əis,
bətɑ:l ɑ:n le:t ɛn ve:.

Wat klaag ek oor verlore jeug?
Wat is daar te behou?
Begrawe is tog begeerte en vreug
Al lank gelee . . . met jou!

Uit *Rose van Herinnering,* deur A. G. Visser (J. L. van Schaik, 1927).

VI.

Hy styg en al stygende kan hy die skommelinge beter beheer, danksy die rigpunte wat die sterre bied. Soos 'n glansende magneet trek hulle hom aan. So'n lang tyd al het hy geswoeg om 'n lig op te spoor, dat hy selfs die mees verdwaalde liggie nou nie meer sou loslaat nie.

Sien hy maar net die glimlaggie van 'n herberg, sou hy ryk wees, sou hy om daardie teken waarna hy smag, ronddraai tot in die dood. En hier styg hy nou op na die velde van lig.

Trapsgewyse, in 'n spiraal, hef hy homself op uit die put wat oopgegaan het en nou toesluit onder hom. En hoe meer hy styg, hoe meer verloor die wolke hul troebel skaduwees; hulle trek verby soos golwe wat al hoe reiner en blanker word. Fabien sweef bo hulle uit.

Sy verbasing was groot: die klaarte daar het hom verblind. 'n Paar oomblikke lank moes hy sy oë sluit. Hy sou nooit kon geglo het dat die wolke en die nag 'n mens kon verblind nie. Maar die volmaan en al die gesterntes het die wolke tot glansende golwe verander.

Skielik, in 'n kits, het die vliegtuig, juis op die oomblik dat dit uit die wolke kom sweef het, 'n kalmte bereik wat hom, Fabien, ongelooflik voorkom. Nie een enkel deining wat die vliegtuig laat kantel nie. Soos 'n boot wat die seehoof verbygaan, vaar hy die veilige water binne. Hy het aangeland in 'n deel van die hemel wat onbekend is en beskut soos 'n baai van geseënde eilande. Die storm, daar onder hom, vorm 'n ander wêreld drie duisend meter diep, deurtrek van rukwinde, waterspuite en weerligstrale, maar die gesig wat dit na die sterre wend, is helder soos kristal en sneeuwit.

vat kla:x ɛk o:r fərlo:rə jø:x?
vat əs da:r tə bəhou?
bəxra:v-əs tɔx bəxe:rt-ɛn frø:x
al-laŋk xəle:. . . . mɛt jou.]

VI.

[həi stəix ɛn al stəixəndə kan həi di skɔməlaŋə be:tər bəhe:r, daŋksəi di rəxpœntə vad-di stɛrə bit.so(:)s ə-xlansəndə[8]) maxne:t trɛk hœlə hɔm a:n.so:ə laŋ təit al hət həi xəsvux ɔm ə ləx ɔp tə spo:r, dat həi sɛlfs di me:s vərdva:ldə ləxi nou ni me:r sou lɔsla:t ni.
sin həi mar nɛd-di xləmləxi fan ə hɛrbɛrx, sou həi rəik ve:s, sou həi ɔm da:ri[9]) te:kən va:rna: həi smax, rənddra:i tɔt ən di do:t.ɛn hir stəix həi nou ɔp na di fɛldə fan ləx.
trapsxəvəisə, ən ə-spira:l, hɛf həi hɔmsɛlfɔp œyd-di pœt vat o:pxəxa:n hət ɛn-nou tuslœyt ɔnər[10]) hɔm.ɛn hu me:r həi stəix, hu me:r fərlo:r di vɔlkə hœlə trubəl ska:dəve:s, hœlə trɛk fərbəi so(:)s xɔlvə vat al hu rəinər ɛm-blaŋkər vərt.fabjɛ̃ sve:f bo:hœlə œyt.
səi fərba:səŋ vas xro:t : di kla:rtə da:r hɛt hɔm fərblənt. əm-pa:r o:mbləkə laŋk mus həi səi o:ə slœyt. həi sou no:it kɔn xəxlo:həd-da-di vɔlkə ɛn di nax ə mɛ̃:sso:kɔn fərblənt ni. ma:r di fɔlma:n ɛn al di xɔsterəntəs hɛd-di vɔlkə tɔt xlansəndə xɔlvə fəranər.[11]).
skilək, ən əŋ-kəts, hɛd-di flixtœyx, jœys ɔp di o:mblək da-dət œyd-di vɔlkə kɔm sve:f hət, əŋ-kaləmtə[12]) bərəik vat hɔm, fabjɛ̃, ɔ̃xəlo:flək fo:rkɔm. ni e:n ɛŋkəl dəinəŋ va-di flixtœyx la:t kantəl ni. so(:)s əm-bo:t va-di se:ho:f fərbəixa:n, fa:r həi di fəiləxə va:tərs bənə. həi hɛt a:nxəlant ən ən de:l fan di he:məl vat ɔmbəkɛnt əs ɛn bəskœt so(:)s əm-ba:i fan xəse:əndə əilandə. di stərəm,[13]) da:r ɔnər hɔm, fərəm[13]) ə anər[14]) vɛ:rəlt dri dœysənt me:tər dip, dø:rtrɛk fan rœkvəndə, va:tərspœytə ɛn ve:rləxstra:lə, ma:r di xəsəx va-dət na di stɛrə vɛnt, əs hɛl(d)ər so(:)s krəstal ɛn sne:uvət.

Dis vir Fabien asof hy 'n vreemde, heilige gebied bereik het, want alles word deurskynend, sy hande, sy klere, die vlerke.

Die wolke, ver onder hom, weerkaats al die sneeu wat hulle van die maan ontvang. Ook die aan die linker- en regterkant, hoog soos torings. 'n Melkerige lig vloei daar rond, die vliegtuig baai daarin. Toe Fabien hom omdraai, sien hy dat die telegrafis glimlag.

„Dis beter," skree hy.

Maar die stem het verlore geraak in die gedruis van die vlug; net hul glimlag het hulle met mekaar verbind. „Ek is al skoon gek," dink Fabien, „om nog te glimlag; ons is verlore."

Tog, 'n duisend donker arms het van hom weggeval. Sy bande is losgesny, soos die van 'n gevangene wat toegelaat word om alleen te loop, 'n tydlank, tussen die blomme.

„Dis te pragtig", het Fabien gedink. Hy dwaal daar rond tussen die sterre opeengehoop soos 'n groot skat, in 'n wêreld waar niks, hoegenaamd niks as net hy, Fabien, en sy maat lewe nie. Net soos daardie rowers van stede in ou fabels, toegemuur in die skatkamers waaruit hulle nooit weer te voorskyn sal tree nie. Tussen die edelgesteentes koud soos ys dwaal hulle rond, oneindig ryk, maar gedoem.

Uit *Die Nagvlug* van De Saint Expéry, vertaal deur J. G. J. Krige (Volkspers).

VII.

Ek ken die storie van Helam aan die Rivier al jarelank, reeds sedert my kinderjare. Tant Tappie het dit lank gelede aan my vertel, toe ek nog voorskootjies gedra het en sy 'n middeljarige vrou was, mooi en lank. En nou is ek middeljarig en tant Tappie oud en vol plooie en deurtrek van die rumatiek.

„Ek hou van jou stories", sê sy nou-die-dag aan my. „Hulle klink so eg — handel oor werklike mense. Waarom skryf jy nie oor wat eenmaal op Helam gebeur het nie?"

„U bedoel u sal nie omgee as ek dit doen nie?" vra ek. Maar dit is so, so erg persoonlik."

dəs fər fabjẽ asəf həi ə-fre:mdə, həiləxə xəbit bərəik hət, vant aləs vərd-dø:rskəinənt, səi handə, səi kle:rə, di flɛrkə. di vəlkə, fɛ:r ɔnər hɔm, ve:rka:ts al di sne:u vat hœlə fa:n di ma:n ɔntfaŋ. o:k di a:n di ləŋkər- ɛn rɛxtərkant, ho:x so(:)s to:rəŋs. ə-mɛlkərəxə ləx flui da:r rɔnt, di flixtœyx ba:i da:rən. tu fabjẽ hɔm ɔmdra:i, sin həi da-di teləxrafəs[15]) xləmlax.

„dəs be:tər," skre:həi.

ma:r di stem hɛt fərlo:rə xəra:k ən di xədrœys fan di flœx; nɛt hœlə xləmlax hɛt hœlə mɛt məka:r fərbənt. ɛk əs al sko:n xɛk", dəŋk fabjẽ, „ɔm nɔx tə xləmlax; õ:s əs fərlo:rə."

tɔx, ən-dœysənd-dɔŋkər arəms[16]) hɛt fan hɔm vɛxxəfal. səi bandə əs ləsxəsnəi, so(:)s di fan ə xəfaŋənə vat-tuxəla:tvərt ɔm ale:n tə lo:p, ən-təitlaŋk, tœsən di blɔmə.

„dəs tə pratəx", hɛt fabjẽ xədəŋk. həi dva:l da:r-rɔnt-tœsən di stɛrə, ɔpe:nxəho:p so(:)s ə-xro:t skat, ən-əvɛ:rəit va:r nəks, as nɛt həi, fabjẽ, ɛn səi ma:t le:və ni. nɛt so(:)s da:ri ro:vərs fan ste:də ən ou fa:bəls, tuxəmy:r ən di skatka:mərs va:rœyt hœlə no:it ve:r tə fo:rskəin sal tre:ni. tœsən di e:dəlxəste:ntəs kout so(:)s əis dva:l hœlə rɔnt, ɔnəindəx rəik, ma:r xədum.]

VII.

[ɛk-kɛn-di sto:ri fan he:ləm an-(d)i rəfi:r al ja:rəlaŋk, re:ts se:dərt məi kənərja:rə. tan(t) tapi hɛ-dət laŋk xəle:də a-məi fərtɛl, tu ək[17]) nɔx fo:rsko:cis xədra: hət[17]) ɛ̃-səi ə-mədəlja:rəxə frou vas, mo:i ə-laŋk. ɛn-nou əs ɛk mədəlja:-rəx ɛn tan(t) tapi out ə-fɔl plo:iə ən dø:rtrɛk fan-(d)i rymatik.[18])

„ɛk hou faŋ-jou sto:ris", sɛ: səi noudidax a-məi. hœlə kləŋk so:ɛx-han(d)əl o(:)r vɛrkləkə mɛ̃:sə. va:rɔm skrəif jəi ni o(:)r vat e:mma:l ɔp he:ləm xəbø:r-ət ni?"

„y bədul y səl-i ɔmxe: as ək dəd-dun?", fra: ɛk. „mar dəs so:, so ɛrx pərso:nlək."

„Omdat ek toevallig nog leef?" snou sy my byna toe. „Is dit wat jou kwel? Jy wil dit seker skryf as ek die dag dood is, sodat dit onpersoonlik kan wees, nie waar nie? Dis alles bog. Skryf die ding nou — ek gee jou my volle toestemming."

